DIE VOLKSEIE IN DIE AFRIKAANSE KINDERLEKTUUR

FRANCOISE COETZEE

VERHANDELING

VOORGELÊ TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER IN DIE BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO

STUDIELEIER: PROF. C.A. LOHANN

Potchefstroom
Mei 1985

VIR PA EN MA

V O O R W O O R D

My hartlike dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

PROF. C.A. LOHANN vir sy simpatieke leiding, geesdrif en aanmoediging. Dit was 'n voorreg om onder sy leiding hierdie studie te kon doen.

TAFELBERG-UITGEWERS en JOHN MALHERBE vir die vergunning om 'n aantal illustrasies uit boeke wat deur hulle uitgegee is, in die verhandeling af te druk.

FRANCOIS VAN DER WALT vir die gerekenariseerde tabel

IANTHE VAN DER WALT vir vertaalwerk

MEV. M.M. SMIT vir die tikwerk

DIE MUNISIPALE RAAD VAN PARYS en my kollegas wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie werk te voltooi

MY OUERS vir hulle hulp, ondersteuning en aanmoediging.

SOLI DEO GLORIA

Potchefstroom
Mei 1985

I N H O U D

		Bladsy
INLEIDING	VERKLARING VAN STANDPUNT	1
HOOFSTUK 1	PROBLEEMSTELLING EN TEGNIESE ASPEKTE	3
1.1	Doel van ondersoek	3
1.2	Afbakening van die terrein waarop gewerk sal word	4
1.2.1	Ouderdomsgroepe	5
1.2.2	Inhoud en gehalte	6
1.2.3	Oorspronklike werke en vertalings	6
1.3	Waarde, nut en aktualiteit van die ondersoek	7
1.4	Die omskrywing van begrippe	8
1.5	Werksprosedures en -metodes	8
1.6	Skema	9
HOOFSTUK 2	DIE BEGRIPPE "VOLK" EN "VOLKSEIE" : 'N PRINSIPIËLE BENADERING	11
2.1	Wat is 'n volk?	11
2.2	Die bestaansreg van volke	13
2.3	Wat is volkseie?	16
HOOFSTUK 3	DIE AFRIKANERVOLK EN DIE AFRIKANERVOLKSEIE	20
3.1	Die ontstaan en wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk	20
3.2	Die Afrikanervolkseie in sy verskillende verskyningsvorme	24
3.2.1	Die bodem	24
3.2.1.1	Ligging	25
3.2.1.2	Ruimte	25
3.2.1.3	Bou	26
3.2.1.4	Klimaat	26

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
3.2.1.5	Grond	26
3.2.1.6	Water	27
3.2.1.7	Plante	27
3.2.1.8	Diere	27
3.2.1.9	Ekologie	28
3.2.1.10	Die see	28
3.2.2	Stoflike kultuur	29
3.2.2.1	Plaasuitleg	29
3.2.2.2	Dorpsuitleg	30
3.2.2.3	Woningbou	30
3.2.2.4	Huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse	32
3.2.2.5	Arbeidsvorme	32
3.2.2.6	Kookkuns	33
3.2.2.7	Geneeskunde	34
3.2.2.8	Vervoermiddels en kommunikasie	34
3.2.2.9	Handel en geld	35
3.2.3	Geestelike kultuur	36
3.2.3.1	Godsdiens	37
3.2.3.2	Volksgeloof	37
3.2.3.3	Kinderspel	37
3.2.3.4	Taalgebruik	38
3.2.3.5	Naamgewing	39
3.2.4	Volksaard	39
3.2.4.1	Godsdienstigheid	40

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
3.2.4.2	Konserwatisme	41
3.2.4.3	Landelikheid	41
3.2.4.4	Individualisme	42
3.2.4.5	Gesinsgebondenheid	42
3.2.4.6	Waardigheidsbesef	42
3.2.4.7	Taal	42
HOOFSTUK 4	DIE AFRIKANERVOLKSEIE IN DIE KINDERLEKTUUR , SOOS WEERSPIEËL IN DIE WERK VAN ENKELE BELANGRIKE SKRYWERS	44
4.1	FREDA LINDE	44
4.1.1.	Die bodem	47
4.1.1.1	Grond	47
4.1.1.2	Water	49
4.1.1.3	Diere	51
4.1.1.4	Plante	60
4.1.1.5	Ekologie	65
4.1.2	Stoflike kultuur	66
4.1.2.1	Woningbou	66
4.1.2.2	Arbeidsvorme	69
4.1.2.3	Huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse	71
4.1.2.4	Kookkuns	72
4.1.2.5	Geneeskunde	73
4.1.3	Geestelike kultuur	73
4.1.3.1	Volksgeloof	74
4.1.3.2	Naamgewing	75

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
4.1.3.3	Kinderspel	75
4.1.3.4	Taalgebruik	76
4.1.4	Volksaard	77
4.2	ALBA BOUWER	78
4.2.1	Die bodem	80
4.2.1.1	Grond	81
4.2.1.2	Water	81
4.2.1.3	Plante	84
4.2.1.4	Diere	87
4.2.2	Stoflike kultuur	88
4.2.2.1	Plaasuitleg	89
4.2.2.2	Woningbou	90
4.2.2.3	Huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse	91
4.2.2.4	Arbeidsvorme	94
4.2.2.5	Vervoermiddels en kommunikasie	98
4.2.2.6	Handel en geld	100
4.2.2.7	Kookkuns	100
4.2.2.8	Geneeskunde	102
4.2.3	Geestelike kultuur	103
4.2.3.1	Godsdiens	103
4.2.3.2	Volksgeloof	104
4.2.3.3	Taalgebruik	106
4.2.3.4	Naamgewing	108
4.2.3.5	Kinderspel	109
4.2.3.6	Plaasskool	110
4.2.4	Volksaard	111

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
4.3	HESTER HEESE	113
4.3.1	Die bodem	114
4.3.1.1	Water	115
4.3.1.2	Diere	117
4.3.1.3	Plante	121
4.3.1.4	Die see	122
4.3.2	Stoflike kultuur	122
4.3.2.1	Dorpsuitleg	123
4.3.2.2	Woningbou	123
4.3.2.3	Huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse	125
4.3.2.4	Arbeidsvorme	129
4.3.2.5	Kookkuns	132
4.3.2.6	Vervoermiddels en kommunikasie	132
4.3.2.7	Handel en geld	134
4.3.3	Geestelike kultuur	135
4.5.3.1	Godsdiens	135
4.3.3.2	Kinderspel	136
4.3.3.3	Dans	137
4.3.3.4	Taalgebruik	138
4.3.3.5	Volksgeloof	139
4.3.4	Volksaard	140
4.4	ENKELE ANDER SKRYWERS	140
4.4.1	Pieter W. Grobbelaar	142
4.4.2	Rona Rupert	145
4.4.2.1	Die bodem	147

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
4.4.2.2	Stoflike kultuur	147
4.4.2.2.1	Plaasuitleg en dorpsuitleg	147
4.4.2.2.2	Woningbou	148
4.4.2.2.3	Huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse	148
4.4.2.2.4	Arbeidsvorme	148
4.4.2.2.5	Kookkuns	149
4.4.2.2.6	Vervoermiddels en kommunikasie	149
4.4.2.2.7	Handel en geld	149
4.4.2.3	Geestelike kultuur	150
4.4.2.3.1	Godsdiens	150
4.4.2.3.2	Volksgeloof	150
4.4.2.3.3	Kinderspel	151
4.4.3	DORA TUDOR	152
4.4.4	W.O. KUHNE	153
4.4.5	P.H. NORTJE	156
4.4.5.1	Die bodem	157
4.4.5.1.1	Water	157
4.4.5.1.2	Plante en diere	158
4.4.5.2	Stoflike kultuur	158
4.4.5.2.1	Kookkuns	158
4.4.5.2.2	Geneeskunde	159
4.4.5.2.3	Vervoermiddels en kommunikasie	159
4.4.5.2.4	Handel en geld	160
4.4.5.2.5	Arbeidsvorme	161
4.4.5.3	Geestelike kultuur	161

INHOUD (VERVOLG)

		Bladsy
4.4.5.3.1	Godsdiens	162
4.4.5.3.2	Volksgeloof	162
4.4.5.3.3	Kinderspel	163
4.4.5.3.4	Taalgebruik	163
4.4.5.3.5	Die volksliedjie	163
4.4.5.3.6	Naamgewing	164
4.4.5.3.7	Plaasskool	164
4.4.5.4	Volksaard	165
HOOFSTUK 5	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	167
BYLAE:	TABEL	177
SUMMARY		i
GERAADPLEEGDE EN AANGEHAALDE KINDERLEKTUUR		iii
BIBLIOGRAFIE		vi

I N L E I D I N G: VERKLARING VAN STANDPUNT

Die aandrang om hierdie studie te doen kom voort uit 'n belangstelling in en liefde vir twee dinge. Die een is die volkseie van die Afrikaner en die tweede is die kinderboek. Die studie bied my die geleentheid om dié twee met mekaar in verband te bring en te kyk hoe die een in die ander vergestalting kry.

Vooraf moet daar eers in die volgende paragrawe die grondslag vir hierdie studie bekyk word in dié lig wat die enigste ware Lig is, naamlik die Woord van God.

Die sin en betekenis van die mens se lewe op aarde is slegs uit een bron te haal, naamlik die raadsplan van God, soos dit geopenbaar is in sy Woord. Hierdie openbaring begin met die skepping van hemel en aarde en een van die kerngedeeltes van die leer van die Skepping is Genesis 1:28, waar die mens van sy Skepper die opdrag kry om die aarde te onderwerp en daaroor te heers.

> " En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip".

Volgens die skrifverklaarder Van Selms is die woord "onderwerp" hier 'n kernwoord wat die kultuuropdrag van God aan die mens bevat (Van Selms, 1967: 38,39). Hierdie kultuuropdrag is die bron waaruit al die mens se werke op aarde voortkom. In gehoorsaamheid aan hierdie opdrag bring hy skeppinge van gees en hand voort, onderwerp hy die aarde met woord en lied, met verhewe kunsskeppinge en met eenvoudige gebruiksartikels.

Hierdie skeppingsarbeid van die mens het as resultaat 'n ryke verskeidenheid

van kultuurprodukte. Die lektuur wat die mens voortbring, is 'n kultuurproduk waarin al die ander kultuurprodukte in 'n meerdere of mindere mate 'n neerslag vind. In hierdie studie gaan dit om kinderlektuur as beeld van die aarde wat deur die mens onderwerp word en van die mens se kultuurprodukte. Dit gaan heel spesifiek om die Afrikaanse kinderlektuur as draer van die Afrikaanse bodem, kultuurarbeid en volksaard, dit wil sê die Afrikaanse volkseie.

H O O F S T U K 1

PROBLEEMSTELLING EN TEGNIESE ASPEKTE

* In hierdie hoofstuk word die *doel* van die ondersoek uiteengesit aan die hand van 'n kernvraag en 'n aantal omringende vrae waarin die probleem vergestalt word en wat op moontlike resultate dui.

* Verder word sekere tegniese aspekte van die werk wat gedoen word behandel, naamlik

* die afbakening van die *terrein* waarop gewerk word

* die *waarde, nut en aktualiteit* van die ondersoek

* die omskrywing van *begrippe*

* *werksprosedures en -metodes*

* werksplan of *skema* waarin die studie gegiet word.

1.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die probleem waarmee in hierdie studie gewerk word kan gestalte gegee word met 'n enkele kernvraag :

> In watter mate is die Afrikaanse kinderlektuur 'n dokumentasie van die Afrikaanse bodem en die Afrikaner se kultuurarbeid? Dit kan ook anders gestel word: Hoe kry die Afrikanervolk se geestesinhoud en die kulturele neerslag daarvan gestalte in die Afrikaanse kinderlektuur? In watter mate en hoe weerspieël die Afrikaanse kinderlektuur die wyse waarop die Afrikaner die kultuuropdrag van Genesis 1 : 28 uitgevoer het en nog uitvoer?

Hierdie kultuuropdrag is die spoorslag vir die stryd om die aarde te onderwerp met skeppinge uit vaardige hand en vernuftige brein.

Rondom die kernvraag tree twee verdere vrae na vore wat beantwoord moet word om die probleem van soveel kante as moontlik te belig. Hierdie vrae wys, net soos die kernvraag, ook heen na moontlike resultate wat van die ondersoek verwag kan word.

Die eerste vraag wat ontstaan rondom die kernvraag is die volgende: Is die volkseie funksioneel in die Afrikaanse kinderlektuur? Lewer dit in bepaalde werke 'n deurslaggewende bydrae om daardie werke te laat slaag? Anders gestel : Is die volkseie 'n inherente deel van die verhaal? Hier sal die bekroning van kinderlektuur moontlik 'n bepalende faktor kan wees.

Die tweede vraag rondom die kernvraag is die volgende: Is die uitbeelding van die volkseie van enige waarde vir die leser van kinderlektuur? Kan dit bydra tot sy vorming as mens? Kan dit biblioterapeutiese waarde hê? Die resultate wat bereik word, kan moontlik 'n verskil uitwys tussen kinders wat op die platteland en dié wat in die stad grootword.

Die probleem soos dit hierbo gestel is, vra die aandag vir die volgende aspekte:

1.2 AFBAKENING VAN DIE TERREIN WAAROP GEWERK SAL WORD

Die terrein waarop gewerk sal word, is dié van die Leserkunde. Die Leserkunde as wetenskap het raakvlakke met ander wetenskappe, soos die Biblioteekwetenskap, die Taalwetenskap en die Letterkunde, waar die basis elke keer die

rekord is, soos Coetzee (1972: 171) daarna verwys as hy nie die boek nie, maar "die rekord van ervaring, kuns en geleerdheid" sien as basis vir die Biblioteekkunde. Dit sluit meer in as die boek, soos later ook sal blyk wanneer die kinderlektuur wat bestudeer gaan word, verder afgebaken sal word. Die Leserkunde het ook raakvlakke met die Opvoedkunde, die Sielkunde en die Sosiologie, waar die leser, dit wil sê die gebruiker van die rekord, die basis is.

Lesers kan in die leserstipologie ingedeel word in 'n hele aantal groepe, waarvan kinders een groep is. Kinderlektuur as rekord vorm dus 'n onderdeel van die Leserkunde. Vir die doel van hierdie studie sal die terrein van die opvoedkunde dus ook betree moet word. Uit ander wetenskaplike terreine wat nie altyd noodwendig 'n raakvlak met die Leserkunde het nie, sal egter ook geput moet word. Die omskrywing van die begrip volk sal uit die Volkekunde moet kom. Die Kultuurkunde of Volkskunde sal 'n beeld moet gee van wat kultuurgoedere is en wat as volkseie in die kinderlektuur uitgewys kan word. Die geografie, die plantkunde en die dierkunde sal 'n bydrae moet lewer oor die volkseie-bodem soos dit in die kinderlektuur voorkom.

Op die terrein van die kinderlektuur moet nou verder bakens opgerig word vir die doel van hierdie studie. Met *kinderlektuur* word bedoel lektuur wat deur kinders gelees word, met die uitsluiting van vaklektuur en met die volgende begrensinge waarvolgens daar werke gekies moet word om te bestudeer:

1.2.1 *Ouderdomsgroepe*

Ter wille van 'n volledige beeld sal kleuter-, kinder- en jeuglektuur behandel word. Wanneer daar dus van kinderlektuur gepraat word, word dit in sy wydste sin bedoel wat ouderdomsgroepe betref. Deur slegs lektuur vir kinders, dit wil sê die groep van 6 tot 12 jaar te behandel, word die veld te veel vereng.

Omdat illustrasies so 'n belangrike rol speel in lektuur vir kleuters, dit wil sê die groep van ongeveer 2 tot 5 jaar, en die volkseie moontlik sterk na vore mag kom in illustrasies, is dit nodig dat kleuterlektuur ingesluit word. By jeuglektuur, dit wil sê lektuur vir die groep van 12 tot 18 jaar, is dit moontlik veral werk uit die skrywers se jeugherinneringe wat die volkseie bevat. Daarom moet jeuglektuur ook ingesluit word. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die bogenoemde onderskeidings in ouderdomsgroepe relatief is, omdat kinders van dieselfde ouderdom van mekaar kan verskil in ontwikkelingspeil, leesvermoë en leesbehoeftes.

1.2.2 *Inhoud en gehalte*

Daar is die volgende moontlikhede wat betref die inhoud van die kinderlektuur wat behandel gaan word:

* kleuter-, kinder- en jeugverhale wat individueel gepubliseer is, insluitende dierestories, jagverhale, sprokies, fabels en legendes;
* bundels met kort stories, wat ook weer dierestories, jagverhale, sprokies, fabels en legendes kan insluit;
* poësie en rympies;
* prenteboeke.

Literêre gehalte sal 'n bepalende faktor wees by die keuse van boeke wat behandel word. Illustrasies sal ook in oorweging geneem word.

1.2.3 *Oorspronklike werke en buitelandse vertalings*

Daar sal uitsluitlik oorspronklike Suid-Afrikaanse werke bestudeer word.

Na oorweging van die bogenoemde moontlikhede, is die werk van hoofsaaklik

drie van die belangrikste hedendaagse skrywers van kinderlektuur gekies om bestudeer te word aan die hand van 'n aantal boeke deur elke skrywer. Die skrywers is *Freda Linde*, *Alba Bouwer* en *Hester Heese*. Aanvullend hierby word een of meer werke van enkele ander skrywers kortliks behandel.

1.3 WAARDE, NUT EN AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK

By die besinning oor die waarde en nut van die ondersoek moet daar kortliks gelet word op die invloed wat kommunikasiemedia vandag op die kind het. Deur middel van tydskrifte en veral die televisie word die Afrikaanse kind vandag wêreldburger. Hy word al hoe meer internasionaal georiënteer. Hierby kom ook die toenemende verstedeliking van die Afrikaner en die ontvolking van die platteland wat veroorsaak dat die kinderleser vandag waarskynlik 'n stadskind is wat grotendeels weet van woonstelblokke en hipermarkte. Op sigself kan hierdie stadsmilieu boeiend, interessant en vol uitdagings wees. 'n Verdere faktor is die hoë aansien wat natuurwetenskaplike en tegnologiese kennis en beroepsgerigtheid geniet by die bepaling van onderwysbeleid.

Hierdie studie kan 'n hulpmiddel by leesleiding wees vir die ouer wat trag om sy kind in die huidige tyd van internasionalisme, verstedeliking, en verbysterende tegnologie en natuurwetenskap ook die belangrikheid van sy kultuuropdrag in te skerp en hom te bring na waar sy geestelike wortels lê, naamlik in die bodem en in die geestesinhoud van sy volk. Kennis van die kinderlektuur wat die volkseie weerspieël kan 'n middel wees om die opvoedkundige doel te bereik soos die Bybel dit stel in 2 Tim. 3: 17: "sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (J.C.Coetzee, 1960:97).

Ook die onderwyser, veral die geskiedenisonderwyser, kan deur leesleiding sy klaswerk verryk en aanvul en sodoende vir die kind sy volkseie 'n helderder gestalte laat kry.

Aangesien die ondersoek op die terrein van die leserkunde gedoen gaan word, sal die skoolbibliotekaresse en die kinderbibliotekaresse van die openbare biblioteek daarvan gebruik kan maak by leesleiding.

In die Voortrekkerbeweging en by jeugweerbaarheidsprogramme in die skool kan kinderlektuur gebruik word om aanvullend die kind deur ontspanningslees 'n sin vir die volkseie te laat ontwikkel.

Die vraag na die aktualiteit van die ondersoek lei tot besinning oor dieselfde sake wat die waarde en nut daarvan bepaal. Die neiging tot gelykmaking en die uitwissing van volksgrense en kultuurverskille is oor die wêreld aan die toeneem. Die mens word wêreldburger en daarby is 'n gees van leef-vir-vandag oral waarneembaar. Die kwessie van volksidentiteit is tans 'n politieke strydpunt in Suid-Afrika. Dit is dus van aktuele belang om vas te stel of daar in die kind (die volwassene van môre) se lektuur 'n eiesoortigheid, 'n eie volkskarakter lewe. Is daar vir die kind 'n spreke uit die verlede en meer nog: het die kind behoefte aan hierdie spreke en het dit vir hom enige waarde?

1.4 DIE OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Die kernbegrippe waarmee in hierdie studie gewerk word, word in hoofstukke 1, 2 en 3 in besonderhede omskryf. Die begrip *kinderlektuur* soos dit gebruik word vir die doel van hierdie studie word omlyn in hoofstuk 1, in die afbakening van die terrein waarop gewerk word. In hoofstuk 2 word die begrippe *volk en volkseie* omskryf en in hoofstuk 3 die begrippe *Afrikanervolk*, *bodem*, *stoflike kultuur*, *geestelike kultuur en volksaard*. Geen verdere aandag word dus hier aan die omskrywing van begrippe gegee nie.

1.5 WERKSPROSEDURES EN - METODES

In hierdie studie word van literatuurstudie gebruik gemaak, waarvolgens eers-

tens 'n aantal primêre en sekondêre bronne nagegaan word om 'n beskouing te formuleer oor die begrippe waarmee gewerk word. Tweedens word die analitiese metode gebruik om 'n aantal primêre bronne, naamlik kleuter-, kinder- en jeugverhale te analiseer om die verskillende volkseie-elemente wat daarin voorkom, op te teken. In hierdie proses word daar telkens verwys na primêre en sekondêre bronne wat die betrokke volkseie-elemente nader omskryf en toelig.

Daar moet op gewys word dat nie alle volkseie-elemente in elke verhaal wat behandel word, opgeteken word nie, maar alleen dié wat as die mees beduidende beskou word wat betref die aantal kere wat dit voorkom en die funksionaliteit daarvan in die verhaal. Ook word nie alle volkseie-elemente wat opgeteken word, deur middel van primêre en sekondêre bronne nader omskryf nie, omdat dit binne die beperkte omvang van hierdie studie nie moontlik is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: Waar 'n bepaalde voëlsoort 'n inherente deel van die verhaalgegewe uitmaak, of in 'n besondere mate gebruik word om atmosfeer te skep, word die betrokke voëlsoort uit 'n bron oor Suid-Afrikaanse voëls geïdentifiseer en nader omskryf. Waar 'n voëlsoort slegs genoem word, word dit meestal nie geïdentifiseer en nader omskryf nie.

Daar is in hierdie studie ook in 'n beperkte mate gebruik gemaak van persoonlike onderhoude met skrywers van kinderlektuur en met kenners van die volkskunde, veral om inligting in te win waar daar 'n mate van twyfel bestaan oor variasie in benaminge, benaminge wat in die volksmond gebruik word maar nie altyd ooreenstem met benaminge wat wetenskaplik verantwoordbaar is nie.

1.6 S K E M A

Die resultaat van die navorsing sal in die volgende vorm gegiet word:

Die doel, waarde, nut en aktualiteit van die ondersoek word in hoofstuk 1

uiteengesit. Die terrein waarop gewerk word, word ook in hierdie hoofstuk afgebaken.

In hoofstuk 2 word 'n standpunt oor die begrippe volk en volkseie geformuleer, omdat dit 'n noodsaaklike begronding is vir hoofstuk 3.

In hoofstuk 3 word eerstens die ontstaan en wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk behandel, en tweedens die Afrikanervolkseie in sy verskillende verskyningsvorme.

In hoofstuk 4 word die werke van 'n aantal skrywers van kinderlektuur gemeet aan die verskillende verskyningsvorme waarin die Afrikanervolkseie hom openbaar.

Hoofstuk 5 is die slothoofstuk waarin die bevindinge van die navorsing weergegee word, 'n leserkundige evaluering gegee word, gevolgtrekkings geformuleer word en enkele aanbevelings met die oog op verdere navorsing gedoen word.

H O O F S T U K 2

DIE BEGRIPPE "VOLK" EN "VOLKSEIE" : 'N PRINSIPIËLE BENADERING

* Wat is 'n volk?
* Die bestaansreg van volke
* Wat is volkseie?

2.1 WAT IS 'N VOLK

Voordat daar gewerk kan word aan die vrae rondom die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur, moet die begrip *volk* eers omlyn word en voortvloeiend daaruit ook die begrip *volkseie*.

Die omlyning van die begrip *volk* in 'n suiwer definisie is problematies. Daar is verskeie denkrigtings waarvolgens die interpretasie van die begrip *volk* wissel van die simplistiese siening dat kultuur en volk sinoniem is, tot die ander pool waar die denkrigting neig na die uitwissing van alle volksgrense om in die proses van gelykmaking een groot, eenderse wêreldmensheid tot stand te bring.

Gedurende die loop van die geskiedenis het skrywers verskillende kante van die volksidee belig in hulle strewe om die studievoorwerp en die vakinhoud van die Volkekunde te bepaal. Coetzee (1980: 9-13) praat van die byna Babelse verwarring wat daar in die algemene sowel as in die wetenskaplike taalgebruik bestaan rondom die betekenis van die begrip *volk*. Hy ontleed beskouinge van die skrywers Mühlman, Dittmer, Shirokogoroff, Kuyper en Duvenage en kom dan tot die resultaat dat die bestaan van 'n volk gegrond word op die aanwesigheid van die *meeste* van die volgende kenmerke:

" 1) aanwesigheid van 'n eenheidsbewussyn;

2) geloof in 'n gemeenskaplike afstamming;
3) gemeenskaplike taal;
4) gemeenskaplike tradisie;
5) gemeenskaplike kultuur;
6) organiese eenheid deur afkoms ;
7) historiese verbondenheid;
8) onderskeidende kenmerke;
9) land;
10) selfbesef en onderskeiding van ander " (Coetzee, 1980: 13).

Die twee hoofbegrippe *volk* en *nasie* word ook met mekaar verwar. Coetzee *noem*, om verwarring te voorkom, die volgende algemene gebruike vir die twee woorde: *Volk* word gebruik " ... as benaming vir die kultureel-gemeenskaplike eenheidsbewuste gemeenskap. Die term *nasie* staan dan in verband met die geopolitiese eenheid wat deur staatsgesag, lojaliteit en landsgrense gebind word eerder as deur een engere genealogiese, kulturele, historiese en psigologiese entiteit" (Coetzee 1980: 19).

Die begrippe *volk* en *nasie* is egter abstrakte terme wat selde die volledige werklikheid weergee. 'n Volk is nie staties nie, maar is gedurig besig om te verander, dit wil sê altyd dinamies, altyd in wording.

Coetzee (197-? : 7) vat die wesensaard van 'n volk soos volg saam:

" In sy samestelling deur afkoms, in sy kultuur gevorm uit aanlegvermoëns, ruimtelike en sosiale en tydsomgewing (vaderland, struktuur en kontak en geskiedenis), in sy plek en tyd besit elke volk 'n 'persoonlikheid' of 'individualiteit' weliswaar kompleks, nie altyd skerp belynd nie, veranderbaar en veranderend, maar tog iets eie wat van sy roeping en diens iets unieks maak".

Daar word dus vir die doel van hierdie studie die volgende uitgangspunt geneem wat betref die begrip *volk* :

> 'n Volk is 'n kulturele, psigologiese en historiese entiteit wat deur afkoms 'n organiese eenheid vorm wat 'n eenheids-bewussyn, 'n gemeenskaplike taal en tradisie en onderskeidende kenmerke het, wat voortdurend in 'n historiese proses verkeer en wat 'n eie roeping en ewigheidsbestemming het.

Die stelling betreffende 'n volk se roeping en ewigheidsbestemming sal nader omskryf word wanneer daar vervolgens oor die bestaansreg van volke besin word.

2.2 DIE BESTAANSREG VAN VOLKE

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om standpunt in te neem oor die prinsipiële regverdiging vir die bestaan van volke. Die uitsprake wat die Woord van God hieroor gee, word as riglyne geneem, spesifiek soos dit in die Calvinistiese beginsels uitgekristalliseer het. Die kern van die Calvinistiese beginsels word voorlopig hier weergegee soos Coetzee dit stel en die beginsels word daarna uit enkele ander bronne nader belig sodat ook die ewigheidsbetekenis van volke duidelik word.

> " Die Calvinistiese beginsels kom daarop neer dat volke nie net bestaan nie, maar ook mag bestaan en sal bestaan tot aan die wêreldeinde; dat die volkerewêreld getref is deur die sonde sodat die verskeidenheid radikaal uiteengeslaan is tot 'n gebrokenheid, dat elke volk 'n besondere historiese roeping besit, dat alle volke geroepe is om God gelowig te dien en dat dit die hoogste in 'n volk se bestaan is (Coetzee, 197-? : 4 , 5).

Die ontstaan van volke en nasies word heel eerste in die Bybel vermeld in Genesis 10. Daar word dikwels afgelei dat volke ontstaan het as gevolg van die sondige eenheidstrewe van die mensheid wat gelei het tot die toringbou van Babel en die daaropvolgende verstrooiing van die mensheid oor die aarde (Genesis 11). Hieruit sou dan gestel kon word dat die differensiasie van

die mensdom sondig, dit wil sê teen die wil van God was, sodat daar gestrewe moet word na die uitwissing van volksidentiteit en -grense om weer die eenheidstaat van die mense vóór Babel te bereik. Dit is egter reeds in Genesis 10 duidelik dat ná die sondvloed, vóór die toringbou van Babel, die geslagte van Sem, Gam en Jafet geneties ontplooi het in 'n verskeidenheid van groepe wat nasies genoem is (maar sekerlik nog nie ten volle volksvorming was nie.) Die afleiding kan dus gemaak word dat die ontplooiing van die mensdom in volke en nasies deel was van God se skeppingsverskeidenheid. In Genesis 10:5 staan daar :

> " ... uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies".

Hierdie uitdrukking "in hulle nasies" kom dan ook meer dikwels in hierdie hoofstuk voor (Duvenage, 1962: 63).

Coetzee (1980: 47, 48) onderskryf ook hierdie eksegese van Duvenage. Beide wys daarop dat Genesis 10 en 11 eintlik as 'n eenheid gesien moet word omdat dit oor dieselfde gebeurtenis handel. Genesis 10 spreek van God se genade in die lig van die kultuuropdrag om te vermenigvuldig, terwyl Genesis 11 van God se toorn spreek waardeur die genetiese ontplooiing 'n sondige gebrokenheid geword het.

> " Op grond van die Skrifopenbaring moet wel aanvaar word dat die verdeling van die mensheid in etniese eenhede 'n historiese gegewe is ooreenkomstig die plan van God met die wêreld" (Coetzee, 1980: 48).

In die hele Ou Testament is daar dan verder deurgaans sprake van volke en nasies en veral die volk Israel wat baie sterk figureer as 'n hegte volksgemeenskap.

In die Nuwe Testament word die bestaan van volke en nasies met die koms van Jesus Christus in die volheid van die tyd nie opgehef nie. Paulus sê in sy rede op die Areópagus in Athene die volgende:

> " En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het " (Hand. 17:26).

Volgens Duvenage (1962: 69) is 'n ander belangrike uitspraak dié in Lukas 2: 29-32, waar dit gaan oor die heil in Christus wat vir die volke en nasies berei is. Wanneer Simeon met die Kind Jesus in sy arms staan, sê hy:

> " Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens u woord, omdat my oë u heil gesien het, wat U berei het voor die oë van al die volke - 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel.".

Hoewel dit uit die opkoms en verdwyning van volke deur die loop van die geskiedenis heen duidelik is dat volke nie 'n ewigheidsbestaan het nie, het elke volk tog ewigheidsbetekenis. Hierdie perspektief uit die Nuwe Testament word deur Coetzee (1965: 313-315) uitgelig in sy besinning oor die terme *volk* en *Godsvolk*. Die Godsvolk, wat in die Nuwe Jerusalem sal ingaan, bestaan nie uit individue wat uitgeruk is uit die volke nie, maar

> " die volkere kry werklik as onderskeie volke deel aan die Godsvolk" (Coetzee, 1965 : 313).

Die sendingopdrag, dit wil sê die seën van die verbond, word dus gerig tot werklike, afsonderlike volke en nie tot losstaande individue nie.

> " In die gelowige lede van elke volk word die volkere opgeneem in die Godsvolk" (Coetzee, 1965 : 315).

Openbaring 21 : 24 en 26 spreek daarvan: (1983-vertaling)

> " Die nasies sal in die stad se lig lewe en die konings van die aarde bring hulle skatte daarheen" (Openbaring 21:24).
>
> " Die mense sal die skatte en die rykdom van die nasies daarheen bring" (Openbaring 21: 26).

In die ou vertaling lui Openbaring 21: 26 soos volg:

> " ... en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring".

Om al die voorafgaande saam te vat, kan die prinsipiële verantwoording vir die bestaan van die volke soos volg gestel word: God het die mensheid volgens sy raadsplan in harmoniese verskeidenheid geskape, maar dié verskeidenheid is in gebrokenheid uiteengeslaan by die Toring van Babel vanweë die sondige grootheidstrewe van die mense.

Tog kan daar in die gebrokenheid ook weer God se genade gesien word, daarin dat uit elke volk die Godsvolk vergader word. Die een volk is nie bo die ander verhef nie, maar elke volk het 'n eie roeping en diens om sy individualiteit uit te leef en uit te bou. Volkere het nie 'n ewigheidsbestaan nie, maar elke volk het ewigheidsbetekenis in dié sin dat elke volk deur sy gelowiges deel van die Godsvolk word en in die Nuwe Jerusalem sal ingaan in eer en heerlikheid.

2.3 WAT IS VOLKSEIE?

In die voorafgaande prinsipiële beskouing van die entiteit *volk* en die bestaansreg van volke, is dit gestel dat elke volk 'n eie individualiteit het en 'n eie roeping om te vervul in sy historiese bestaan. Die hoogste roeping van elke volk is om God te verheerlik, om Hom in gehoorsaamheid te dien en só deel van die Godsvolk te wees. Elke volk het 'n opdrag van God waaraan

hy gehoorsaam moet wees naamlik die kultuuropdrag wat God aan die mensheid gegee het in Genesis 1: 28 :

> " En God het hulle geseën en God het vir hulle gesê : Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip".

Hierdie opdrag lê ten grondslag van die begrip *kultuur*, 'n begrip waaroor daar baie verwarring bestaan en wat nie maklik begrens kan word nie. Van Selms meen ook dat hierdie opdrag in Genesis die grondslag vir die begrip *kultuur* is:

> " De gedachte van de 'medewerking' van het geschapene aan het scheppingswerk, die wij tevoren reeds telkens aangeduid vonden, komt bij de mens ten volle tot ontplooiing. Doch ook hier is het een medewerking in gehoorzaamheid aan den hoogste Koning; er is geen sprake van gelijkgerechtigheid. ... In de strijd met de weerbarstige natuur bewijst de mens zijn hoge roeping, betoont hij zich waarlik mens en een 'afschaduwing' van God. Dat kan het uitgangspunt voor een cultuurfilosofie zijn" (Van Selms, 1967: 38, 39).

Die volkseie van elke volk word geopenbaar in die eie, unieke wyse waarop daardie volk sy kultuuropdrag uitvoer.

In 'n telefoniese gesprek het professor Bun Booyens die begrip *volkseie* soos volg omskryf :

Volkseie en kultuur is nie sinoniem nie. Kultuur is die werksaamheid van onderwerping en beheersing van die aarde, terwyl volkseie 'n wyer begrip is, want dit dui allereers , voordat daar sprake is van kultuurskepping, die bodem aan waaruit 'n bepaalde volk groei, dit wil sê die bodem wat onderwerp moet word; en ten laaste as sluitsteen dui dit ook die volksaard aan wat ontwikkel as gevolg van die wyse waarop 'n volk sy kultuur beoefen. Dit kan

soos volg nader verduidelik word: Die volkseie, wat die studievoorwerp van die Volkskunde is, het vier fasette wat die een uit die ander in 'n logiese volgorde voortvloei. Die eerste faset is die *bodem* as voedingsbron en as vertrekpunt van alle kultuurbelewinge. Die bodem in sy geologiese, geografiese en biologiese verskyningsvorme is volkseie in eie reg. Grond, water en klip, rivier en berg, fauna en flora, dit alles is deel van die wese van die volk wat uit daardie bodem leef. Dit is die volk se natuurerfenis. Daarom klink daar vandag die steeds groeiende koor van stemme op wat vra om die bewaring van die bodem. Die bodem word hier ook nie net histories gesien nie, want ook vandag word die volksbestaan bedreig as die bodem sy opbrengs nie gee nie, as droogte en vloedramp verniel of as besoedeling dreig.

Uit die bodem groei die *stoflike kultuur* van die volk. Dit is die tweede faset van die volkseie. Dit gaan hier om die konkrete stoflike dinge wat die mens máák uit die bodem, dit wat hy voortbring in uitvoering van sy taak om die aarde te beheers. Uit die bodem groei onder andere die boukuns, arbeidsvorme en die gebruik van byvoorbeeld landbougereedskap. Ook sekondêre bedrywe, dit wil sê dit wat die mens uit sy fisiese omgewing gemaak het tot sy eie nut, hoort hier tuis. Dit is dinge soos leerlooiery, kuipery en die werk van die ystersmid. Die volksgeneeskunde het ook hier 'n plek.

Die derde faset van die volkseie is die *geestelike kultuur*. Dit is alle dinge wat die mens in sy gees skep en verwerk en van geslag tot geslag aangee. Dit is onder andere volksrympies en -raaisels, spookstories en bygeloof, volksdanse en ballades en die jagverhaal. Hierdie dinge is ook gewortel in die bodem, soos byvoorbeeld die talle bygelowe oor slange en die rympies en raaisels oor diere.

Die vierde faset van die volkseie is die *volksaard*. Die bodem, die stoflike kultuur en die geestelike kultuur van 'n volk kweek sekere kenmerkende eien-

skappe wat eie is aan daardie volk. A.J. Coetzee (1960: 128) noem die voorbeeld van die Afrikaner se tradisionele gasvryheid wat die gevolg was van die geweldige groot afstande wat die mens met stadige vervoermiddels moes aflê.

Die begrip *volkseie* kan dus soos volg omlyn word:

> Die volkseie van 'n volk word vergestalt eerstens in die *bodem*, dan in die *stoflike kultuur* wat uit die bodem groei, daarna in die *geestelike kultuur* wat gedeeltelik ook uit die bodem en die stoflike kultuur groei en ten laaste in die *volksaard*, as sluitsteen, wat gevorm word deur die bodem, die stoflike en die geestelike kultuur.

Hier moet ten slotte opgemerk word dat die voorbeelde wat genoem is, grotendeels te doen het met die historiese volkseie. Die feit dat 'n volk nie staties is nie, maar gedurig in 'n proses van wording verkeer, moet deurgaans in gedagte gehou word. Wanneer daar vervolgens oor die Afrikanervolk en die volkseie van die Afrikanervolk gehandel word, word nader omskryf wat die uitgangspunt hieroor vir die doeleinde van hierdie studie is.

H O O F S T U K 3

DIE AFRIKANERVOLK EN DIE AFRIKANERVOLKSEIE

Dit is geen maklike taak om te bepaal waar die volkseie-grensbakens van die Afrikanervolk vandag ingeplant staan nie. Dit is trouens geen maklike taak om te bepaal watter deel van die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika vandag as die Afrikanervolk beskou kan word nie. Daar is talle uiteenlopende beskouings oor die identiteit, bestaansreg en voortbestaan van die Afrikanervolk.

Hierdie studie poog nie om 'n bydrae te lewer tot die gesprek oor die identiteit van die Afrikaner nie, want in hierdie studie van kinderlektuur gaan dit nie in die eerste plek om identiteit nie, maar om die eienskaplike.

Met die veranderbaarheid en voortdurende verandering van 'n volk in gedagte, word daar onderskei tussen die historiese en die eietydse volkseie van die Afrikaner. Beide begrippe is egter problematies. Dit wat in sommige dele van die land en in die gemoed van dele van die volk histories is, is in ander dele van die land en in ander gemoedere eietyds. Met hierdie proplematiek altyd voor oë, sal daar hoofsaaklik uitgewys word hoe die historiese volkseie van die Afrikanervolk in die kinderlektuur gestalte kry.

Om dit te kan doen, handel hierdie hoofstuk oor twee sake:

* Die ontstaan en wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk
* Die Afrikanervolkseie in sy verskillende verskyningsvorme

3.1 DIE ONTSTAAN EN WORDINGSGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANERVOLK

Jan van Riebeeck, amptenaar van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, het in

1652 met 'n beskeie opdrag na die Kaap gekom. Hy moes met die aantal Nederlandse amptenare en ambagsmanne wat hom vergesel het, 'n fort bou en tuine en landerye aanlê om die skepe van die Kompanjie van vars groente en vrugte te voorsien. Hy moes ook met die inboorlinge 'n ruilhandel in vars vleis opbou. Die doel van die stigting van hierdie verversingspos was dus geensins die ontstaan van 'n nuwe volk nie (Wiid, 1968: 15, 16).

Saam met Jan van Riebeeck het 'n klein aantal Duitsers gekom en later het nog meer Nederlanders, Duitsers, 'n aansienlike aantal Franse en enkele ander Europese immigrante gekom. Hier het 'n samegroeiing plaasgevind deurdat die bande met Europa met verloop van tyd verslyt het as gevolg van die groot afstand en swak kommunikasiegeriewe, en deur 'n geleidelike aanvaarding van 'n nuwe eenheid (Coetzee, 1980: 68). Hierdie eenheid is verder, hoewel in 'n geringe mate, aangevul deur vermenging met inheemse en Oosterse volksgroepe op individuele vlak. Tot hierdie eenheid het verder bygedra die instelling van Vryburgers in 1657, wat die begin was van 'n nedersetting vrye boere wat geleidelik na die binneland uitgebrei het. Die koms van die Franse Hugenote in 1688 het hierdie nedersetting versterk. Die stryd om uit die boerdery 'n bestaan te maak, en later die bemarkings- en ander probleme onder die regering van Willem Adriaan van der Stel, het bygedra tot die samesnoering van Hollanders, Franse en Duitsers sodat daar na honderd en vyftig jaar, teen die einde van die agtiende eeu reeds 'n nuwe volk van grotendeels Europese herkoms aan die suidpunt van Afrika bestaan het (Wiid, 1968: 16,17).

Hierdie volk het 'n kulturele,psigologiese en historiese entiteit geword met 'n eenheidsbewussyn, 'n gemeenskaplike taal en tradisie, onderskeidende volkskenmerke en 'n eie vaderland. Die volk se sterk Calvinistiese grondslag het 'n deurslaggewende rol in sy volksbestaan en leefwyse gespeel. Die kern van hierdie nuwe volk was die sterk Nederlandse element wat deur ondertrouing

met die Franse, Duitsers en enkele individuele lede van ander volke vermeng is tot 'n biologiese eenheid van hoofsaaklik Wes-Europese afkoms.

> " Dit het verder gepaard gegaan met die ontstaan van 'n kultuureenheid waarin basiese komponente van die betrokke Europese volkskulture behoue gebly het — hoofsaaklik die Nederlandse — maar aangepas by en gewysig volgens die behoeftes en omstandighede van die nuwe land, wat in hierdie proses as vaderland aanvaar is" (Coetzee, 197-? : 12, 13).

Die Europeërs het dadelik met hulle aankoms aan die Kaap in aanraking gekom met die inboorlingvolke. Aanvanklik was daar 'n bereidwilligheid om die inboorlinge te aanvaar, maar dit het binne drie dekades verander. 'n Konfliksituasie het ontstaan en die Europeërs het nie geassimileer geraak met die inboorlingvolke nie. Die groot verskille in beskawingspeil en kultuur, waarvan die Christelike geloof teenoor die heidendom die grondslag was, was die oorsaak van hierdie nie-aanvaarding van die inboorlingvolke deur die Europeërs. Die verskille in kulturele kenmerke is geprojekteer op die raskenmerke van onder andere 'n donker velkleur (Coetzee, 1980: 69,70).

Die inboorlinge en ook die slawe wat van Asië af ingevoer is, het egter wel 'n invloed op die taal en kultuur van die nuwe volk gehad, soos later aangetoon sal word.

Met die verowering van die Kaap deur Engeland in 1795 en die finale oordrag van die Kaap aan die Engelse bewind in 1806, is 'n nuwe komponent tot die bevolking aan die Kaap toegevoeg. Hierdie Britse komponent het gekom in die gestalte van die onsimpatieke politieke gesagsdraer. Die Britse pogings om die Afrikanervolk te verengels en die owerheid se beleid ten opsigte van die inboorlingvolke het 'n konfliksituasie laat ontstaan wat veroorsaak het dat die twee blanke bevolkingsgroepe langs en teenoor

mekaar geleef het. Die druk wat die Britse bewind op die Afrikanervolk uitgeoefen het ten opsigte van taal en kultuur, het die Afrikaanse volksbewustheid verstewig. 'n Belangrike uitvloeisel hiervan was die Groot Trek, wat 'n doelbewuste poging van die Afrikaners was om 'n eie woongebied te vestig waar hulle hulleself as volk ten volle kon uitleef. Hierop het die annekasies van Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal gevolg en uiteindelik die Tweede Vryheidsoorlog, wat die kloof tussen Afrikaners en Engelssprekendes verder vergroot het.

Na Uniewording in 1910 het nywerheidsontwikkeling en verstedeliking gevolg wat die verskille tussen die "Engelse stedelinge" en die "Afrikaanse Boere" steeds meer beklemtoon het. Die simboliese Ossewatrek van 1938 het die Afrikaners se volksbewussyn verder verstewig.

Met die herdenking van Uniewording in 1960 en veral na Republiekwording in 1961 het die Afrikanervolk en die Engelse deel van die bevolking nader aan mekaar begin beweeg. Die Calvinistiese lewensbeskouing wat so 'n belangrike rol gespeel het in die volkswording van die Afrikaners het geleidelik by 'n gedeelte van die Afrikanervolk in ander geloofs- en denkrigtings opgegaan. Die leefwyse, gebruike en gewoontes van Afrikaners en Engelssprekendes is vandag so eners dat daar nie groot verskille aangedui kan word nie (Coetzee, 197-? : 13-18). Die Afrikaanse en Engelse kind luister in 'n groot mate na dieselfde musiek, dra dieselfde klere, eet dieselfde kos, woon in dieselfde tipe huis en neem saam aan sport en ontspanning deel. Juis daarom word daar in die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk klem gelê op die historiese volkseie en word daar in die volgende hoofstukke gepoog om vas te stel in watter mate die historiese volkseie vandag deur kinderliteratuur tot die Afrikanerkind spreek.

Samevattend kan dus gesê word dat die volgende faktore die eenwording van die volk bevorder het: afgesonderdheid, swak kommunikasiemiddele, gevare van buite, die stryd om te bestaan, lewenswyse en die Calvinistiese godsdiens en lewensbeskouing.

3.2 DIE AFRIKANERVOLKSEIE IN SY VERSKILLENDE VERSKYNINGSVORME

In die verloop van die volkswordingsproses van die Afrikanervolk het die volk 'n eie individualiteit verkry en het die eie unieke wyse waarop die Afrikanervolk sy kultuuropdrag uitvoer, gestalte gekry. Die Afrikanervolkseie het sy beslag gekry in die *bodem* van die Afrikaner se vaderland, in sy *stoflike kultuur* wat uit die bodem gegroei het, in sy geestelike kultuur wat uit sowel die bodem as die stoflike kultuur gegroei het, en ten slotte in sy *volksaard*. Elkeen van hierdie vier aspekte van die bodem word vervolgens van nader bekyk.

3.2.1 *Die Bodem*

Die bodem is die voedingsbron van alle kultuurbelewinge van 'n volk. Hoewel Potgieter (1974: 87,88) waarsku teen 'n te fundamentele siening van die verband tussen bodem en kultuur, sê hy:

> " Wat kultuur en bodem betref is dit so dat die bodem die stoflike middele moet lewer waarmee die kultuur ontwikkel kan word, en dat die eerste stap tot beskawing dus eintlik by die ontginning van die bodem begin" (Potgieter, 1974: 88).

Die Afrikanervolk was van sy bestaan af op 'n besondere wyse gebonde aan die bodem. Trouens,Jan van Riebeeck het met die bodem geworstel uit hoofde van sy opdrag toe daar nog geen gedagte aan die stigting van 'n nuwe volk was nie.

Potgieter wys verder daarop dat wanneer daar gewerk word met die bodem as voedingsbron van die Afrikaner se kultuurbelewing, moet twee sake in gedagte gehou word. In die eerste plek is daar groot verskille in die bodem in die verskillende dele van Suid-Afrika. In die tweede plek moet elemente van die bodem soos ligging, ruimte, water en so meer nie net elkeen op sigself bekyk word nie, maar ook in samehang met mekaar. Die wisselwerking tussen mens en bodem moet steeds onthou word. Die Afrikaner van die twintigste eeu staan met sy hoogsontwikkelde tegnologie in 'n heel ander verhouding tot die bodem as die Afrikaner van die vorige twee eeue. In die eerste twee eeue van volkswording het die bodem 'n oorheersende rol gespeel en groot vormende invloed gehad (Potgieter, 1974: 92-94). Hierdie studie sluit dus ook by hierdie feit aan wanneer dit groter klem wil laat val op die historiese volkseie.

Potgieter (1974: 95-126) bespreek die volgende elemente van die bodem:

3.2.1.1 Ligging

Die Afrikanervolk het in afgesonderdheid ver van die bakermat van die Westerse beskawing gegroei. Hierdie afgesonderdheid en die feit dat die volk min kulturele prikkels uit Europa ontvang het, het bygedra tot die betreklike konserwatisme van die Afrikaner. Die roetes tussen die Ooste en die Weste kruis egter hier. Daarom was daar 'n mate van invloed van die Oosterse slawe wat hierheen gebring is.

3.2.1.2 Ruimte

Tot ongeveer die helfte van die vorige eeu is die groot ruimte van die land deur 'n geringe aantal blankes bewoon. Dit het gelei tot boerdery as feitlik die enigste beroep en tot 'n landelike lewenswyse. Die afgesonderdheid het onder andere 'n invloed gehad op die woningbou. Die plaashuis het 'n groot voorhuis en kombuis gehad om voorsiening te maak vir gaste. Die groot

afstande het bygedra tot die individualiteit van die Afrikaner. Die afgesonderdheid het die Afrikaner se vindingrykheid tot uiting laat kom, met 'n duidelik waarneembare invloed op sy stoflike kultuur.

Ook die geestelike kultuur is deur die afgesonderdheid geraak. Nagmaal was byvoorbeeld 'n groot geleentheid waar familie en vriende mekaar na lang tye weer gesien het. Die invloed van die liberalisme, humanisme en materialisme het lank uitgebly, dus kon daar op die streng Calvinistiese grondslag voortgebou word. Die ereposisie van die gesin met 'n sterk patriargale inslag is 'n kenmerk van die Afrikaner se geestelike kultuur.

3.2.1.3 Bou

Die bou van die land, met sy onherbergsame kuslyn, platovorm en gebrek aan diep inhamme het bygedra tot die Afrikaner se afsondering. Dit het kontak met die see ontmoedig. Seekos is selde geëet en vir baie kinders was die eerste kennismaking met die see 'n groot gebeurtenis.

3.2.1.4 Klimaat

Temperatuur, reënval en windstelsels het 'n groot invloed op boerderybedrywe, die uitleg van plase en op arbeidsvorme. In die somerreënvalstreke is daar groot plase, meestal met veeboerdery. Hier het die arbeid hoofsaaklik te doen met dinge soos skape skeer en beeste dip. Hier is ook uitgestrekte mielielande en ploegtyd en oestyd het neerslag gevind in die Afrikaanse letterkunde. In die winterreënvalstreke is daar wynbou, vrugteboerdery en koringverbouing, elkeen met sy eiesoortige arbeidsvorme.

3.2.1.5 Grond

Oor die algemeen is die grond in Suid-Afrika nie ryk nie. Dit verskil egter van streek tot streek . Landbougrond is belangrik vir die Afrikaner

en daarmee saam hang die arbeidsvorme wat te doen het met die bewerking van die grond. Die sintuiglike belewing van die grond het ook neerslag gevind in die Afrikaanse letterkunde.

3.2.1.6 Water

Suid-Afrika is 'n land van waterskaarste. Riviere het van vroeg af 'n belangrike rol gespeel in die Afrikaner se lewe, nooit as waterweë nie, maar dikwels as hindernisse, byvoorbeeld die riviere wat die Voortrekkers moes oorsteek. Nedersettings het by riviere ontstaan en op plase is die lewe dikwels deur 'n rivier onderhou. As die rivier opdroog, gaan die boerdery tot niet, en dit het 'n trekkersbestaan aangemoedig, dikwels tussen die winter- en somerwatervoorraad. Twiste oor water het neerslag gevind in die letterkunde en waterwysery is 'n element van die Afrikaner se volksgeloof. Boorgate met windpompe is belangrike waterbronne en 'n fontein was dikwels die deurslaggewende faktor by die aanlê van 'n plaas.

3.2.1.7 Plante

Die plantegroei in die verskillende streke van die land het 'n groot invloed gehad op die lewenswyse van die Afrikaner. Die uitgestrekte grasvelde het die verspreiding van trekboere oor groot gebiede moontlik gemaak. Veldplante as voedingsbron was van vroeg af by die Afrikaner bekend en hierdie kennis is dikwels van die Swart volke verkry. 'n Groot verskeidenheid wilde vrugte, bessies en bolle is geëet, soos byvoorbeeld suurvye, kambro, waterblommetjies, baroe, froetangs en taaibosbessies (Coetzee, 1977 : 49-55). Plante met medisinale waarde het 'n groot rol gespeel in die volksgeneeskunde. Wynruit, beukesbossie, wildeals, boegoe en gifbol is van die bekendste plante wat in boererate gebruik is (Brink, 1962: 104,189).

3.2.1.8 Diere

Die dierelewe was van vroeg af aan 'n belangrike faktor in die groei en voort-

bestaan van die Afrikanervolk. Die Voortrekkers was vir hulle bestaan afhanklik van die groot troppe wild wat hulle in die binneland aangetref het. Vars wildsvleis en biltong was die belangrikste voedsel en het bygedra tot die ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse kookkuns. Die dierelewe het ook neerslag gevind in die Afrikaanse letterkunde in die vorm van talle jagverhale en diereverhale. Daar is ook gejag om ekonomiese redes, byvoorbeeld olifante vir ivoor, en dit het gelei tot die swerwersbestaan van baie grootwildjagters. Roofdiere was 'n bedreiging vir die veeboere en talle verhale oor die jag van leeus en ander wilde diere het deel van die Afrikaner se geestelike kultuurskat geword. Diere het ook 'n belangrike rol gespeel in die volksgeneeskunde. Klipbokhare, die dop van 'n ietermagô en skilpadbloed is maar enkele van die baie boererate wat opgeteken is (Brink, 1962 : 106, 246).

3.2.1.9 Ekologie

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal definieer ekologie as "die fyn balans in verhouding tussen die lewende organismes en hulle lewende en lewelose omgewing en hulle verhouding onderling". Die hedendaagse mens word hom almeer bewus van die belangrikheid van die verbintenis tussen grond, water, plant en dier en ook die Afrikaner word vandag steeds meer bewus van die noodsaaklikheid van natuurbewaring en die behoud van die ekologie.

Die eietydse volkseie staan hier lynreg teenoor die belangrike rol wat die jag as historiese volkseie van die Afrikaner in die vorige twee eeue gespeel het toe duisende diere uitgeroei is sonder 'n gedagte aan die versteuring van die ekologie.

3.2.1.10 Die See

Die see is net so deel van die Afrikaner se volkseie soos die riviere, die plante en die diere. Die Afrikanervolk het immers ontstaan uit pioniers wat oor die see na hierdie land gekom het en naby die Kaapse kus hulle bestaan

uit die bodem ontworstel het. Soos reeds genoem, het die land se onherbergsame kuslyn en platovorm die Afrikaner afgesonder van die see, sodat die see ook nie in so 'n groot mate in die letterkunde neerslag gevind het soos die plaaslewe en die plante en diere nie. Nietemin is daar mooi voorbeelde van die strand en die seelewe in die kinderlektuur.

3.2.2 *Stoflike Kultuur*

Die stoflike kultuur van die Afrikaner kan gesien word as die somtotaal van die antwoorde op die volgende vrae: Wat máák die Afrikaner met die bodem? Wat vervaardig hy daaruit? Wat bou hy daarop? Hoe beheers hy die bodem sodat hy stoflike middele het om sy lewe te voed en leefbaar te maak? Hierdie aspek van die Afrikanervolkseie word weer eens met die klem op die historiese behandel.

Vanaf sy aankoms aan die Kaap was Jan van Riebeeck en sy mense in 'n bestaanstryd gewikkel. Daar moes behuising voorsien word om die mense teen die weer en teen roofdiere te beskerm. Die grond moes bewerk word en noodsaaklike lewensmiddele moes bekom word. Dit was die begin van 'n eie stoflike kultuur wat die Afrikanervolk aan die bodem ontworstel het. Dit behels woningbou, arbeidsvorme, gebruiksvoorwerpe, plaas- en dorpsuitleg, huisinrigting en lewenswyse, meubels, kookkuns, volksgeneeskunde, vervoermiddels, kommunikasie, handel en geldstelsels.

3.2.2.1 Plaasuitleg

Die wyse waarop daar in die vroeër jare plase uitgelê is, is streeksgebonde en histories veranker. A.J.Coetzee(1960: 118, 119) noem die moontlikheid dat die ringmuur wat by die meeste Bolandse plaaswonings aangetref word, dui op 'n beskermingsmaatreël wat die Koloniste aangewend het om inboorlinge uit

te hou. In die binneland is daar ook aanduidings dat die oudste opstalle so aangelê is dat die plaasgeboue 'n vierkant vorm wat maklik verdedig kon word. In Transvaal het oppervlaktewater soos fonteine, spruite en riviere 'n belangrike rol gespeel by die keuse van 'n plaaswerf. Die tipiese Bolandse plaaswerf het gewoonlik 'n kelder en 'n vrugteboord en die geboue is redelik na aan mekaar, ingesluit deur 'n ringmuur. Die Hoëveldse plaaswerf daarenteen, vertoon oper met gebruikmaking van die groot ruimtes by die aanlê van veekrale en weikampe.

3.2.2.2 Dorpsuitleg

Die gebrekkige kommunikasiestelsels van weleer, waarin die poskoets en die transportwa dikwels die enigste verbindingsmiddele tussen afgeleë streke was, het 'n groot invloed op die uitleg van dorpe gehad. Plattelandse dorpies het ontwikkel met een lang straat wat terselfdertyd ook die deurroete was en waarlangs die huise, die winkels en die kerk gebou is. A.J.Coetzee(1960: 119) sê die meeste dorpe in Suid-Afrika is streek- of rydorpe, waar die hoofstraat uit die grootpad ontwikkel het. Met die toename van die aantal huise is strate parallel met die hoofstraat aangelê met dwarsstrate as verbindings. Daar was groot woonerwe met ruimte vir tuine en vrugteboorde met die aanwesigheid van leiwater as 'n belangrike kenmerk. Met die hedendaagse snelle nywerheidsontwikkeling en die ontginning van die goudvelde het baie van die ou boeredorpe hulle karakter verloor. Nuwe dorpe word in die huidige tyd deur opgeleide streek- en stadsbeplanners uitgelê met die oog op funksionaliteit wat betref verkeersvloei, handel, onderwys en so meer.

3.2.2.3 Woningbou

Die ontwikkeling van 'n eie boustyl in Suid-Afrika is in 'n groot mate streeksgebonde. Van die streke wat die duidelikste identifiseerbaar is, is die Wes-Kaap, Die Karoo, vroeë Natal, die Vrystaat en die Transvaal. Caltex

(1965: 22-28) sit die kenmerke van die Kaaps-Hollandse huis uiteen. Die koloniste het invloede van die sewentiende-eeuse Duitsland, Holland en Frankryk na die Kaap gebring, maar die Kaaps-Hollandse boustyl het hier gegroei tot iets heeltemal unieks en eie aan hierdie land. Die dorpshuise het in 'n groter mate die Europese invloede vertoon as die plaashuise, want laasgenoemde het ontwikkel om aan te pas by die omstandighede op die plase en die behoeftes van die boeregesinne. Kamers is aangebou vir die groter wordende gesinne en vir besoekers en so het uit die reghoekvorm die T-vorm ontstaan en daaruit weer die H-vorm. Die stoep en die solder is kenmerkend van die agtiende-eeuse Kaapse woning en so ook die verskillende gewelstyle.

In die Karoo is die plaashuise merendeels ook in die Kaaps-Hollandse styl gebou, maar met aanpassings by plaaslike omstandighede. In Natal het die Engelse invloed hom sterk laat geld en is die geboë sinkveranda met sy yster- of houtpilare en fyn traliewerk van die mees kenmerkende eienskappe. Hierdie kenmerke word ook by wonings in die Noord-Kaap aangetref.

In die Vrystaat was die vroeëre plaashuise baie soberder, grotendeels deur die inwoners self gebou met materiaal wat plaaslik beskikbaar was. So is byvoorbeeld in die Oos-Vrystaat baie van sandklip gebruik gemaak. Die solder en die wye stoep is ook kenmerkend van die Vrystaatse plaashuis. Van die vroegste dorpshuise in die Vrystaat en Noord-Kaap het 'n kenmerkende, reghoekige platdakstyl gehad (Schoeman, 1982: 42-44).

Faktore soos verstedeliking, die industriële omwenteling en tegnologiese ontwikkeling het in die latere jare sulke uiteenlopende en bykans verwarrende bouvorme laat ontstaan dat daar vandag nie van 'n eie Suid-Afrikaanse boustyl sprake is nie. Die Amerikaanse neiging om baie glas te gebruik en die tipiese Spaanse boustyl het 'n tyd lank 'n groot invloed op Suid-Afrikaanse wo-

nings uitgeoefen.

3.2.2.4 Huisinrigting, Gebruiksvoorwerpe en Lewenswyse

Hierdie elemente van die stoflike kultuur word vir die doel van hierdie studie saamgegroepeer omdat daar so 'n noue verband bestaan tussen meubels en gebruiksvoorwerpe soos kombuisgereedskap en die wyse waarop die huis ingerig is. Die huisinrigting het die lewenswyse bepaal, maar die omgekeerde hiervan is ook waar : die lewenswyse van die inwoners het 'n invloed gehad op die wyse waarop die huis ingerig is.

Die huise se ruim vertrekke het groot meubels gehad om daarby te pas, byvoorbeeld die groot eetkamer- en kombuistafel, waar die grootte van die gesin ook 'n faktor was. Die kombuis met sy vuurherd en later die swart koolstoof was 'n belangrike vertrek en so ook die spens waarin daar geelhoutrakke was waarop die flesse ingelegde vrugte en konfyt gebêre is. Lopende water uit krane was onbekend en water is aangedra van die fontein, of reënwater is in 'n tenk opgevang vir huislike gebruik. Badkamers was nie algemeen bekend nie, vandaar die wastafel in die slaapkamer met die porselein- of emaljewaskom en -beker. Daarom is daar ook saans voor die stoof in 'n sinkbad voete gewas en soms gebad.

Tuisgemaakte gebruiksvoorwerpe weerspieël dikwels die vindingrykheid van die Afrikaner. In sy afsondering op plase, direk as gevolg van eienskappe van die bodem, het hy die bodem op 'n besondere manier beheers. Vandaar dan ook die uitdrukking " 'n Boer maak 'n plan" of " 'n Plan is 'n boerdery". Die Afrikaner het met vernuf, liggaamskrag en handvaardigheid geworstel om lewensnoodsaaklike voorwerpe soos velskoene, kombuisrakke, waterbekers, blakers vir kerse, swepe, meelkiste en nog veel meer te maak.

3.2.2.5 Arbeidsvorme

Hier word boerderybedrywe en alle ander soorte werk wat op 'n Boereplaas ge-

doen is, ingesluit, asook sekere vorms van arbeid wat op die dorp verrig is, byvoorbeeld die werk van die grofsmid. Dit word ook weer behandel met die klem op die historiese volkseie. Daar moet in gedagte gehou word dat sekere van hierdie arbeidsvorme vandag nog in sommige dele van die land deel van die Afrikaner se lewenswyse is. Hierdie studie is hoofsaaklik beperk tot bedrywe van vóór die tegnologiese ontwikkeling van die tweede helfte van die twintigste eeu. Bedrywighede soos koeie melk, koring trap met perde op die dorsvloer, skape skeer, druiwe trap en koring maal met 'n perdemeul is hier van belang. 'n Kenmerk van veral die vroeëre landelike bestaan op die plase was dat elke lid van die gesin van jongs af plaaswerk en ander werk leer doen het. Die kinders het gehelp met hoenders en varke kosgee, eiers uithaal, fynhout maak en riempies sny. Op die plase is daar ook baie ander bedrywighede beoefen soos skoene maak, rieme brei, klere maak, swepe vleg en koffie maal. Coetzee (1977: 58, 59) wys daarop dat die huisvrou se werk grotendeels gerig was op voedselvoorsiening. Sy het die week in bak-, slag-, was- en strykdae ingedeel. Daar moes daagliks room afgeskei en 'n paar keer per week gekarring en botter gemaak word. In die vrugteseisoen is konfyt gekook, vrugte ingelê en gedroog en stroop en blatjang gekook. In die winter was dit bees- en varkslagtyd. Daar is vet uitgebraai, seep gekook, biltong gemaak en vleis gepekel.

Die werk van die Swart en Bruin plaasarbeiders is histories vervleg in die volkseie van die Afrikaner. Hier word gedink aan dinge soos wasgoed was by die rivier, hout gaan haal, velle brei en misvloer smeer.

3.2.2.6 Kookkuns

Aan die Kaap is aanvanklik die kookkuns van die stamlande, Nederland, Duitsland en Frankryk beoefen. Hierdie kookgewoontes is by plaaslike omstandighede aangepas en die trekboere se eiesoortige lewenswyse het nuwe *eetgewoontes* laat ontstaan. Die Maleiers se kookkuns het ook 'n betekenisvolle invloed uit-

geoefen en so het 'n eie Afrikaanse kookkuns ontstaan. Die Kaapse kookkuns het oorwegend Hollands gebly met baie groente en die gebruik van heelwat botter en vet. Die meeste vleis- en visgeregte en die tradisionele wilds- en rugstringpasteie het ook 'n Hollandse oorsprong gehad. Die Duitse en Franse kookkuns het nie 'n groot bydrae gelewer nie. Die eg-Afrikaanse boere-worsresepte is van Duitse oorsprong, terwyl die Franse invloed te sien is in verskillende souse en die bewerking van skaapafval. Van die Maleierslawe het 'n rykdom van Oosterse geregte gekom waarin volop speserye gebruik is. Blatjang, atjar, bobotie, sosaties en kerriegeregte is maar 'n paar van die bekende kossoorte wat van die Maleiers oorgeneem is (Coetzee, 1977: 38-48).

3.2.2.7 Geneeskunde

Die volksgeneeskunde is 'n baie belangrike deel van die Afrikaner se stoflike volkseie. Dit is die aanwending van die bodem, van modder en dierebloed en -velle en kruie-aftreksels om genesing van liggaamlike kwale te bring. A.J. Coetzee (1960: 105-109) gee 'n breedvoerige bespreking van die volksgeneeskunde, maar hy beskou dit as volkswysheid, dit wil sê as geestelike kultuur.

Die volksgeneeskunde het sy oorsprong in die stamlande, maar het hier 'n eie-soortige karakter gekry. So het die boererate ontstaan, waarvan die gebruik van kruie, plante en diere 'n belangrike deel uitmaak.

3.2.2.8 Vervoermiddels en Kommunikasie

Die rol wat die ossewa in die geskiedenis van die Afrikaner gespeel het, is alombekend. Malan (1981: 20-39) gee 'n oorsig van die ontwikkeling van die ossewa en ander rytuie, soos die groot verskeidenheid karre, in die sewentiende en agtiende eeu. Die ossewa het ontwikkel uit die Nederlandse boerewa en is in die sewentiende eeu hier gevestig. Differensiasie het later ontstaan tussen togwaens of transportwaens en die ligter reiswaens of tentwaens waar-

mee die Voortrekkers getrek het.

In die tweede helfte van die negentiende eeu was daar 'n wye verskeidenheid kapkarre, poskoetse, ligte koetse en perdewaens in die land in gebruik. Daar was soveel variasie in die tipes rytuie en daarby het sommige van die rytuie van tyd tot tyd naamsveranderinge ondergaan, sodat daar 'n mate van verwarring bestaan oor die benaminge van die verskillende rytuie soos die bokkie, die treppie, die kapkar, die landau, die spaider en die verewa.

Met die koms van die motor aan die begin van die twintigste eeu het hierdie verskillende tipes rytuie geleidelik van die paaie verdwyn. Die eerste Model T Ford, die sogenaamde "Tin Lizzie" het in 1910 in Suid-Afrika aangekom en teen 1925 was daar ongeveer 18 000 Fords op die Suid-Afrikaanse paaie (Joyce, 1981 : 154).

'n Interessante kommunikasiemiddel van weleer was die seinspieëltjie waarmee sonlig opgevang is om met ligseine te kommunikeer, byvoorbeeld van die plaashuis na die lande toe. Dit is ook in oorlogstye, soos byvoorbeeld die Tweede Vryheidsoorlog gebruik.

In die twintigerjare het die Afrikaner ook gedeel in die opwinding wat die koms van die radio na Suid-Afrika gebring het. Dit het 'n nuwe era in kommunikasie ingelui en 'n groot invloed op die algemene lewenswyse gehad.

3.2.2.9 Handel en Geld

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, voor die koms van die supermarkte, was die negosiewinkel op die dorp die bymekaarkomplek waar plaas- en dorpsmense rustig gekuier en tydsaam inkopies gedoen het. Die manier waarop daar handel gedryf is was so totaal anders as dié van die gejaagde oorgekommersialiseerde wêreld wat veral die stadskind vandag ken. Die

plaasmense het dikwels van hulle produkte soos botter, eiers en velle kom verruil vir kruideniersware soos tee, koffie en suiker. Kinders het in die veld bene opgetel en dinge soos aalwynsap en kruie bymekaargemaak om aan die winkelier, gewoonlik 'n Jood, te verkoop.

Die smous, meestal ook 'n Joodse immigrant, was 'n bekende figuur op die platteland en sy koms was 'n groot gebeurtenis op elke plaas. Vroeg in die eeu het die mense op die platteland ook dikwels hulle inkopies per pos uit katalogusse gedoen, omdat die negosiewinkel 'n beperkte voorraad gehad het en dinge soos kameras, skoene, fietse en selfs brille is per pos bestel (Joyce, 1981 : 280,281).

'n Ander element van die stoflike kultuur wat vandag vir die kinders vreemd is, is die eertydse geldstelsel met sy ponde, sjielings, pennies, halfkrone, tiekies en sikspense. Geld se waarde was toe ook baie anders as wat dit vandag is en 'n pennie sakgeld per week was vir 'n kind 'n groot vreugde. Daarmee het hy by die winkel 'n kardoesie geelsuiker, drop of suurklontjies gekoop, lekkernye wat ook vandag nie meer algemeen bekend is nie.

3.2.3 *Geestelike kultuur*

Hier het ons te doen met al die dinge wat die Afrikaner in sy gees skep en verwerk. A.J. Coetzee (1960: 34-112) onderskei in sy bespreking van die geestelike kultuur tussen volksgeloof, volkskuns (wat die volksverhaal, die raaisel en die rympie insluit), lewensvorme (soos gebruike by geboortes, huwelike en sterftes) en volkswysheid (wat weerkunde insluit). Die geestelike kultuur van die Afrikaner sluit ook in die geestesskeppinge van individue, soos komponiste, skilders en beeldhouers; asook godsdiens in teëstelling met volksgeloof.

Die volgende is enkele van die belangrikste elemente van die geestelike kultuur van die Afrikaner wat in hierdie studie behandel word : godsdiens,

volksgeloof, kinderspel, taalgebruik en naamgewing.

3.2.3.1 Godsdiens

Die Afrikanervolk het ontstaan toe die streng Calvinistiese geestelike klimaat van die Sinode van Dordrecht en die vervolging van die Franse Hugenote nog baie sterk merkbaar was. Daarom maak die huisgodsdiens, die biduur en die nagmaalsnaweek 'n belangrike deel uit van die Afrikaner se volkseie. By die huisgodsdiens is daar met groot ontsag "Boeke gevat", uit die Hollandse Bybel gelees, in verhewe taal gebid en Hollandse gesange en psalms gesing.

3.2.3.2 Volksgeloof

Dit is interessant dat die Afrikaner met sy streng Calvinistiese lewensuitkyk ook 'n sterk element van volksgeloof as deel van sy geestesgoedere het. Hier is hoofsaaklik twee sterk invloede waarneembaar, naamlik die Europese invloed uit die stamlande en die invloed van die verskillende Swart volke met wie die koloniste hier te lande in aanraking gekom het. Die geloof aan geeste wat in die water woon, soos die watermeisie, waterheks of fonteinmeisie het sy oorsprong in Holland, Engeland, Duitsland en Skandinawië waar die meermin dikwels besing is as 'n half-mens, half-vis (A.J. Coetzee, 1960: 37).

Uit eie bodem, en vervleg met die bygeloof van die Swart volke en die Kleurlinge, kom figure soos Antjie Somers, Tokkelossie en Voetoog. Spoke, geeste, voorbodes en dwaalligte kom ook algemeen in die volksgeloof voor. Uit die geestelike kultuur van die Maleiers kom die Slamse towenaar en goëlery. Daar is verder ook baie bygelowe, byvoorbeeld oor slange en die weerligvoël.

3.2.3.3 Kinderspel

In die kinderspel en die wyse waarop kinders hulle vryetyd bestee kan die groot verskil gesien word tussen die Afrikanerkind van vandag en die kind

van 'n eeu of selfs net vier tot ses dekades gelede. Daar is vandag min verskil tussen die Afrikanerkind en die Engelssprekende kind se spel. Die kind kry vandag min geleentheid vir verbeeldingspel want die grootste gedeelte van sy vryetyd word gevul deur georganiseerde sport. Verder is rekenaarspeletjies ook 'n belangrike faktor in die kind se vryetydsbesteding. Tog speel kinders soms rolle uit televisiereekse. Vroeër was daar heelwat verbeeldingspel, dikwels gestimuleer uit die werklike grootmenswêreld, in teëstelling met die kunsmatige wêreld wat die televisie vandag in 'n groot mate aan kinders voorhou.

Die bodem het 'n groot bydrae gelewer tot die kinderspel in die vroeëre jare. Kinders het klip-klip gespeel, dolosse ingespan en klei-osse en mielieblaarpoppe gemaak. Net soos by volwassenes , is ook die kind se vindingrykheid op die proef gestel om uit die bodem stoflike en geestelike kultuur te skep. Verskeie speletjies van veral Engelse oorsprong is ook gespeel, soos die bekende Ellie Rose en Ring-a-rosy. Daar was bangmaakspeletjies soos Ambraal en die uittelrympie is dikwels gebruik.

3.2.3.4 Taalgebruik

Die eg-Afrikaanse taalgebruik met sy rykdom van spreekwoorde en gesegdes maak 'n belangrike deel uit van die Afrikaner se geestelike kultuur. 'n Volk se taalgebruik groei uit die bodem en uit sy stoflike kultuur. Hiervan getuig 'n uitdrukking soos "stadig oor die klippe" en die talle uitdrukkings uit die era van die ossewa, soos "Noustrop trek" en "tou-opgooi" (A.J. Coetzee, 1960: 8o, 81).

Eie aan die Afrikaner se streng Calvinistiese agtergrond was sy effens verhewe taalgebruik wanneer hy met die predikant te doen het. Frases uit die Bybel is soms in alledaagse gesprekke gebruik, soos "Waar berg ek my, waar vlug ek heen".

Afrikaans het nie 'n sterk ontwikkeling in die rigting van streektale gehad nie,

maar daar kon tog onderskei word tussen die spreekwyses van byvoorbeeld die Bolanders en die inwoners van die Noordwes-Kaap. Die taalgebruik van die Bruinmense is ook hier van belang. Hulle gevatte sêgoed en spontane rymelary is 'n kleurryke bydrae tot Afrikaans.

3.2.3.5 Naamgewing

Deur die jare heen het die Afrikaner se vermoë om deur raak en skerp waarneming die wese van 'n persoon of plek raak te vat, neerslag gevind in talle byname en plekname. Liggaamlike eienskappe en persoonlikheidstrekke is met fyn geestigheid vasgelê : Lang Faan, Rooibêrend, Spoghans, Blinklewies. A.J. Coetzee (1960: 77-80) gee 'n mooi oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse naamgewing, veral wat plekname aanbetref. Dit is hieruit duidelik dat die naamgewing ook in 'n groot mate gegroei het uit die bodem. In Namakwaland en Boesmanland waar water skaars is, is name soos Droëfontein, Grootdrink en Putsonderwater volop. Diere en plante het ook vir baie plekname gesorg, soos Tiervlei, Wilgerboom en Doringlaagte. Allerlei voorvalle uit die alledaagse lewe is in plekname verewig, soos Beenbreek en Lekkersing.

3.2.4 *Volksaard*

By die bespreking van die volksaard van die Afrikaner moet weer eens beklemtoon word wat aan die begin van hierdie hoofstuk gesê is, naamlik dat dit nie gaan om 'n bydrae tot die gesprek oor die identiteit van die Afrikaner nie. Verder moet die volksaard van die Afrikaner ook in historiese verband gesien word. Die vraag kan gevra word : Besit die Afrikaner van die tagtigerjare nog die volkskaraktertrekke wat die Afrikaner van die twintigerjare gehad het? Dit lê buite die bestek van hierdie studie om hierdie vraag te probeer beantwoord. Daarom sal daar, soos deurgaans in hierdie studie gedoen is, die klem gelê word op die historiese eerder as op die eietydse. Hiermee wil egter nie

te kenne gegee word dat die volksaard van die Afrikaner soos dit hier uiteengesit word, beperk is tot die historiese nie.

A.J. Coetzee (1960: 128,129) sê in sy bespreking van die volksaard van die Afrikaner dat hiermee nie bedoel word dat die Afrikanervolk eienskappe besit wat nêrens by enige ander volk aangetref word nie. Wat wel bedoel word is dat algemeen menslike eienskappe by verskillende volke in verskillende verhoudinge en grade van belangrikheid voorkom, en dat dit ook by die Afrikanervolk die geval is.

> " Deur herkoms, historiese verlede en plaaslike lewensomstandighede word 'n groepering en nuansering van menslike eienskappe gekweek wat enig is, en wat kenmerkend is slegs van die Afrikaner" (A.J. Coetzee, 1960: 128)".

Beide Coetzee en Booyens (1970: 30) wys daarop dat dit nie wenslik is om op grond van 'n bloot meganiese wisselwerking tussen die mens en prikkels van sy omgewing sekere houdingseienskappe sonder meer as volksaard te sien nie. Hier is onder meer sprake van die Afrikaner se gasvryheid, vindingrykheid, vrygewigheid, deursettingsvermoë en skerpsinnigheid. Vir die doel van hierdie studie is die fyn onderskeiding tussen houdingseienskappe en volksaard egter nie noodsaaklik nie omdat dit, soos aan die begin van hierdie hoofstuk gestel, gaan om die eienskaplike eerder as om identiteit.

Booyens (1970: 32-34) onderskei die volgende volkskaraktertrekke wat as die volksaard van die Afrikaner geïdentifiseer kan word soos dit histories gestalte aanneem: godsdienstigheid, konserwatisme, landelikheid, individualisme, gesinsgebondenheid, waardigheidsbesef en taal.

3.2.4.1 Godsdienstigheid

Die Afrikaner is eerstens 'n godsdienstige mens met 'n Calvinistiese lewensbe-

skouing. Hierdie Calvinisme het sy wortels in die geskiedenis van die Afrikaner soos dit teruggevoer kan word tot die geskiedenis van die Europese stamlande waaruit die Afrikanervolk gegroei het.

> " As kenmerk van die Calvinisme kan vooropgestel word dat dit uitgaan van die oortuiging van die volstrekte soewereiniteit van God oor al die gebiede van die lewe en van die geroepenheid van die mens om alle fasette van sy lewe ondergeskik te stel aan die verheerliking van God " (Booyens, 1970: 32).

Die Afrikaner het 'n sterk roepingsbesef en die Bybel was vanaf die vroegste wordingsjare van die Afrikanervolk die belangrikste rigsnoer vir die lewe.

> " (Die Bybel) sou die grootste enkele vormende faktor word in die vormgewing en vaslegging van die Afrikaner se volksaard" (A.J. Coetzee, 1960: 130).

3.2.4.2 Konserwatisme

Die godsdiens as behoudende faktor was die belangrikste invloed by die ontstaan en groei van die Afrikaner se konserwatisme. 'n Tweede faktor wat hierdie konserwatisme in die hand gewerk het, was die afsondering op eensame boereplase, met gebrekkige vervoer- en kommunikasiemiddele om die groot ruimtes te oorspan. Hierdie afgesonderdheid het in 'n groot mate nuwe kulturele prikkels afgeweer en kulturele en geestelike ontaarding teegewerk.

3.2.4.3 Landelikheid

Die Afrikaner se bodemgebondenheid is veranker in sy agtergrond en geskiedenis. Tot om en by die helfte van die twintigste eeu, toe verstedeliking 'n nuwe geslag stads-Afrikaners tot gevolg gehad het, was die Afrikaner 'n landelike mens wat die bodem in al sy fasette geken het. Hierdie landelikheid het bygedra tot 'n nugtere en sobere lewenswyse.

3.2.4.4 Individualisme

Die afgesonderdheid waarin die Afrikaner gelewe het, het hom gedwing om self-standig op te tree en sy eie besluite te neem. Hierdie individualisme het soms selfs problematies geword, soos byvoorbeeld ten tye van die Groot Trek en in oorlogsituasies.

3.2.4.5 Gesinsgebondenheid

Die huisgesin, of in breër opset die gesin, met sy sterk patriargale karakter het 'n deurslaggewende rol gespeel in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Die baanbrekers het op hulle trek na die Noorde alle gevestigde instellings van die maatskappy agtergelaat, maar hulle gesinne met hulle saamgeneem. Uit die sterk gesinsverband kom onder meer voort die ou gebruike van vernoeming en die uitlê van familie. Die uitoefening en aanvaarding van tug, gesag en dissipline het uit hierdie gesinsgebondenheid voortgevloei.

3.2.4.6 Waardigheidsbesef

Die Afrikaner se bewustheid van sy lewensroeping en sy verantwoordelikheid het by hom 'n waardigheidsbesef gekweek. In sy landelike omgewing het hy 'n waar-dige plek ingeneem, veral in die vorige eeu, voor die era van verstedeliking en aanvanklike ekonomiese ondergeskiktheid.

3.2.4.7 Taal

> " Die taal van 'n volk, meer bepaald die soepele volkstaal, verteenwoordig een van die treffendste wesenskenmerke van sodanige volk" (Booyens, 1970: 34).

Die lewende Afrikaanse taal dra die beeld van die geestesingesteldheid van die Afrikaner. Met sy taal beheers die Afrikaner die bodem en dra hy sy

stoflike kultuur en sy geestelike kultuur. Die taal as wesenskenmerk van die volksaard kan dus met reg beskou word as 'n belangrike, indien nie dié belangrikste nie, sluitstuk van die volkseie van die Afrikaner.

H O O F S T U K 4

DIE AFRIKANERVOLKSEIE IN DIE KINDERLEKTUUR SOOS WEERSPIEËL IN DIE WERK VAN ENKELE BELANGRIKE SKRYWERS

Nadat daar in die vorige hoofstukke gepoog is om klaarheid te kry oor die begrippe *volk*, *volkseie*, *Afrikanervolk* en *Afrikanervolkseie*, kan daar nou na die werk van enkele belangrike skrywers van Afrikaanse kinderlektuur gekyk word om vas te stel in watter mate die Afrikanervolkseie in hulle werk gestalte kry.

Die werk van die volgende drie skrywers sal breedvoerig bespreek word:

* Freda Linde
* Alba Bouwer
* Hester Heese

Daarna sal werke van enkele ander skrywers kortliks behandel word.

4.1 FREDA LINDE

By die lees van Freda Linde se werke word 'n mens dadelik bewus van die bodem, van grond en rivier en 'n weelde van plant- en dierelewe waarvan die vorms, kleure en klanke in soepel woorde gestalte kry.

Wanneer 'n mens nadink oor hoe Freda Linde die bodem en verder die hele terrein van die volkseie in haar werk gestalte gee, is dit goed om te begin by 'n opstel wat sy as tienderjarige geskryf het en waaruit haar liefde vir die volkseie reeds duidelik blyk. Die opstel, getiteld *Kinderindrukke,* is bekroon met die eerste prys in die afdeling opstelle (groep 16-18 jaar) by die Afrikaanse Eistedfod in Kaapstad en het in die *Huisgenoot* van 10 November 1933 verskyn. Hier bemerk 'n mens reeds die liefde vir die veld, die plante en die voëls wat later so duidelik spreek in onder andere *Jos en Klos*, *Snoet-Alleen*, *Dakkuiken* en *As jy kan fluit op hierdie maat*.

Hierdie opstel is van groot belang by die studie van Freda Linde se werk, want hieruit word dit duidelik dat die ryk bron van die fauna en flora wat haar werke voed, in haar kindertyd lê. Die leitmotiv van plant, dier en veld wat dwarsdeur haar werk loop, begin reeds in hierdie opstel. Ter illustrasie 'n paar voorbeelde :

In *Kinderindrukke* skryf sy:

" So het ek ook my eie wêreldjie gehad, maar myne was op die veld ... waar die bloedrooi plate vygies helder gloei in die middagson" ...

In die gedig *Oggendlewe (As jy kan fluit op hierdie maat, p. 29)* klink dit:

" Die vygierank plas sy pers oor die grond".

In *Die kokkewiet en sy vrou* gaan dit weer (p.37):

" ... sy walle is plek-plek oorrank met klein ligpers en wit vygies".

In *Jos en Klos* sê sy (p. 32):

" ... en waar in Julie net ryp gelê het, skitter die vygies nou soos 'n pers tapyt in die son".

'n Tweede voorbeeld:

In *Jos en Klos* is daar wintergras (p.19):

" Klos word 'n sterk jong lam van ... die lekker wintergras wat soos 'n groen dons groei op die werf se rug."

Hierdie gras kom ook uit *Kinderindrukke :*

" Ek het die geur van die gras geruik, gras wat nog groen was van die reëns van die wintermaande".

Ook die volkseie-arbeidsvorme kry alreeds in *Kinderindrukke* gestalte. Daar is die plaaskombuis waar koek gebak word, en die spanriem se geklink teen die melkemmer.

Freda Linde was dus reeds op tienderjarige leeftyd skerp bewus van die dinge eie aan die plaas en die veld en sy het toe reeds al 'n skat van die volkseie versamel wat later in haar werk neerslag sou vind.

Uit Freda Linde se werk is 'n keuse van ses boeke gemaak wat noukeurig bekyk sal word op soek na die volkseie. Hulle is : *Jos en Klos*, *Snoet-alleen*, *Die kokkewiet en sy vrou*, *Dakkuiken*, *As jy kan fluit op hierdie maat* en *'n Tuiste vir Bitis*.

Die drie verhale oor Jos naamlik *Jos en die sog*, *Jos en die bok* en *Jos en Klos*, het almal die plaaslewe as milieu. In *Jos en Klos* word die milieu egter breër uitgewerk as in die ander twee. Daarom word dit hier behandel. Die werk het in 1974 die C.P. Hoogenhouttoekenning ontvang.

Snoet-Alleen het in 1965 die C.P. Hoogenhouttoekenning ontvang. Daarbenewens is die opdrag voor in die boek belangrik :

" Vir al die kinders wat die grond liefhet".

Verder dek dit ook 'n aspek wat dig verweef is met die Afrikaner-volkseie, naamlik die Swart en Bruin plaasarbeiders met hulle eiesoortige leefwyse en arbeidsvorme.

Die boek is ook gekies om sy illustrasies, want, soos later breedvoeriger aangedui sal word, speel die illustrasies 'n belangrike rol in Freda Linde se werk.

In *As jy kan fluit op hierdie maat* is die illustrasies ook baie belangrik, en die boek is 'n goeie verteenwoordiging van die skryfster se verskuns.

Dakkuiken se illustrasies is eweneens belangrik vir die volkseie en die dierelewe is 'n onontbeerlike faktor in die verhaal.

Ook in *Die kokkewiet en sy vrou* is die dierelewe onontbeerlik en uiters funk-

sioneel in die verhaal. Hierdie boek het in 1978 die C.P. Hoogenhout-toekenning ontvang.

In *'n Tuiste vir Bitis* is daar weer die dierelewe as funksionele verhaalgegewe. Die wêreld van die slange word hier vir die leser oopgemaak en die volksverhaal en volksgeloof soos dit groei uit die bodem word pragtig weergegee.

Die terrein van die volkseie soos dit in breë velde afgebaken is, naamlik die bodem, die stoflike kultuur, die geestelike kultuur en die volksaard, sal nou behandel word aan die hand van hierdie ses werke en ook met enkele verwysings na ander werke van die skryfster.

4.1.1 *Die Bodem*

Freda Linde se verhale en verse groei uit die Afrikaanse bodem. Grond, rivier, diere,plante en die ekologie het verskeie funksies in haar werk. Soms is dit leitmotiv, soms skep dit die milieu en soms is dit die hooftema. Haar verhouding tot die bodem kan miskien ten beste beskryf word in die woorde van Aletta Lübbe :

> " En tog bly jy dankbaar vir die aanraking met die grond van dié land — beloofde, begeerlike bodem ... En grond en water bly van die grootste wonders" (Lübbe, 1978 : 80).

4.1.1.1 Grond

Die grond is 'n kernbegrip in Freda Linde se werk. Eintlik is dit meer: Dit is 'n saambindende faktor, 'n vlegwerk wat haar werke tot 'n eenheid weef. Haar karakters lewe naby die grond, ken die grond, werk met die grond en beleef die grond sintuiglik.

Daar is 'n mooi belewenis van die grond in *Jos en Klos* (p. 8) :

> " As die son meteens deurkom, styg 'n reëngeur op
> uit die verrotte halms en die koel grond".

Die grond is Jos se wêreld — deel van sy daaglikse lewe as hy plat tussen die stoppels gaan lê om die lammertjies dop te hou. In *Jos en die bok*

" klap hy met die sweep dat die stof opwolk uit die geploegde grond langs die voetpaadjie" (p.23).

Die grond is ook deel van Toto se wêreld in *Snoet-Alleen*. Hy ken dit baie goed en hy weet presies hoe dit lyk as dit vars omgedolwe is :

" Dis 'n gladde hoop los grond, soos 'n gelyk bergie. Daar het nog nie 'n velskoen of die poot van 'n voël op getrap nie. Dit lyk so vars asof selfs 'n sandgoggatjie daar nie aan geraak het nie" (p. 27).

In *Die kokkewiet en sy vrou* en weer in *'n Tuiste vir Bitis* is daar Martinus se sintuiglike belewing van die grond, want dit is ook deel van sy milieu :

" Rondom die struik se stam is die grond los en bros geskoffel". *(Die kokkewiet en sy vrou*, p.52).

" Om die stamme van die bome is die grond hier effe hol en klammerig koel, selfs in die hitte van die dag". (*'n Tuiste vir Bitis*, p. 142).

Die manier waarop hulle die grond ervaar, vertel terselfdertyd meer van die karakters in die verhale: Jos, Toto en Martinus is plaaskinders, veldkinders, met skerp sintuie.

Nie net die mense in Freda Linde se werke beleef die grond sintuiglik nie. In *Die rooi haan* staan daar op p. 80:

" Kosie skop die droë grassies weg om die poeieragtige grond onder sy pote te voel".

In *As jy kan fluit op hierdie maat* is daar die mooi beeld van die varing se beur uit die grond:

" Vlei en berggrond is my bakermat ...
Ek stoot die boonste blaarlaag uit my pad
met die vuisies aan my ente" (p.31).

'n Mens verstaan dus die skryfster se opdrag voor in *Snoet-Alleen* :

" Vir al die kinders wat die grond liefhet."

4.1.1.2 Water

Dit sluit elemente soos die rivier, die vlei en reën in. Reeds in haar opstel *Kinderindrukke* is dit duidelik dat Freda Linde se wêreld ook rivierwêreld is. Sy praat van die riviersand en die rivierpaadjie en "die wit skuim op die rivier wat deur die wind teen die palmiet aangewaai word".

In feitlik al haar werke is die rivier deel van die wêreld waarin haar karakters lewe. Net soos die grond, is die rivier ook 'n kernbegrip.

In *Jos en Klos* en *Die rooi haan* word die rivier telkens genoem, maar die rivier as milieu word nie breed geteken nie. Jos gaan met Klos rivier toe (p. 19) en as dit reën kom die rivier af (p. 26). In *Die rooi haan* is daar sprake van die paadjie met die rivier op (p. 12), die plantegroei op die rivierwal (p. 34) en die rol wat die rivier speel in Kosie en die twee henne se vlug (p. 48).

In *Snoet-Alleen* kom die rivier duideliker in fokus. Snoet-Alleen woon in 'n tonnel in die graswal van die rivier en daar is plantegroei soos die biesies en die rivierwilger (p. 27). Die rivier is deel van Toto se wêreld :

> " Toto gaan sit op 'n groot klip langs die rivier en luister na Grasseliet se gesing in die biesies" (p.59).

In *Dakkuiken* is die rivier ook deel van Hansie se wêreld. Hy neem Dakkuiken rivier toe en op p. 38 is daar die ronde rivierklippe, 'n padda en opdrifsels. Die rustige atmosfeer word voelbaar:

> " Maar al wat hy hoor, is die gemurmel van water agter die slingerplante en die mossies se gekwetter en oor alles stroom die tortels se gekoe-roe-oe-e" (p. 30).

Dit is in teenstelling met Hansie se onrus oor Dakkuiken wat in die ruigtes weggeraak het.

In *Die kokkewiet en sy vrou* en *'n Tuiste vir Bitis* is Martinus se wêreld

ook rivierwêreld. Hier word die rivierlandskap nog duideliker :

> " Martinus vat kortpad met die paadjie deur die rietbos. Die rivierwater bedek die klippe ... Oorkant kronkel die wit sandpaadjie tussen biesies en besembos deur " (p.8).

Martinus gaan soek die kokkewiete in die rivierlaagte en hier is die rustige atmosfeer by die rivier weer in teenstelling met Martinus se onrus oor die kokkewiete:

> " Aan sy linkerkant, agter ruigtes van bos, papkuil en fluitjiesriet, hoor hy die gekabbel van die rivier, maar nie hard nie, want die water is al aan die sak" (p. 32).

In 'n *Tuiste vir Bitis* bou Martinus vir hom 'n takkraal net bokant die rivierlaagte (p.1). Die rivieroewer is ook Bitis se woonplek. Op p. 11 is 'n stemmingsvolle beskrywing :

> " Die rivieroewer lê in 'n skuinser,sagter songloed nou. Dis die tyd dat Bitis uit haar holte onder die rivierwal kom ..."

Bitis swem en jag in die rivier en sy sien hoe die water geleidelik sak.

> " Maar 'n paar louwarm, staande poele tussen die papkuil het tog gehou tot die reëns weer kom" (p. 20).

Aan die einde van die verhaal word sy teruggeneem na 'n ander deel van die rivieroewer, maar sy is dadelik tuis in die fluitjiesriet (p. 144). Die rivier is dus nie net milieu nie, maar is ook belangrik vir die verloop van die verhaal.

Ken jy die Kierangbos is deur en deur 'n rivierverhaal, 'n waterverhaal. Die rivier en die vleie is die hele verhaalmilieu en is onontbeerlik vir die verloop van die verhaal, omdat dit die tuiste is van Swiera en al die ander watervoëls waaroor die verhaal handel.

> " Haar tuiste is hier waar die son die water net kol-kol bereik en die rivier se ruie pels van fluitjiesriet en papkuil selfs die gekabbel van die kanaaltjies demp " (p.7).

Die rivier word hier vanuit heeltemal 'n ander hoek geteken as in Freda Linde se ander verhale; nie vanuit die mens se perspektief nie, maar vanuit die perspektief van die riviervoëls self. Op meesterlike wyse word die leser hier as't ware in die rivier ingetrek — word hy deel van water en modder, papkuil en fluitjiesriet. 'n Pragtige voorbeeld daarvan is op p.8:

> " Die moddergrond voel louwarm,sponsig onder haar pote hier waar die varkblomme staan".

Die rivier word een stuk polsende lewe met voëls, insekte en plantegroei fyn en noukeurig geteken. Dieselfde fyn waarneming en noukeurige tekening kry ons in die illustrasies van Peter Clarke.

4.1.1.3 Diere

Die rol wat die dierelewe in Freda Linde se werk speel, kan goed geïllustreer word deur 'n aanhaling uit haar gedig *Oggend-lewe (As jy kan fluit op hierdie maat, p. 29)* :

> " Onder die klippe en tussen die gras, bo-op die blare en onder die bas —Dit wemel en wriemel van goedjies wat leef".

'n Mens sou amper kon sê dat Freda Linde se verhale en gedigte ook "wemel en wriemel van goedjies wat leef".

In *Die kokkewiet en sy vrou*, *Dakkuiken*, *Snoet-Alleen* en *'n Tuiste vir Bitis* is een of meer diere die kern waarom elke verhaal beweeg. Hierdie vier verhale sal breedvoerig bespreek word en daar sal na haar ander werke verwys word.

Freda Linde se kennis van en liefde vir diere blyk uit die feit dat sy nooit vaag van "diere" praat nie maar telkens van baie spesifieke diersoorte. In *Jos en Klos* is dit "veldmuis, tarentaal en fisant" (p.6) en in *Die rooi haan* is daar muskeljaatkatte, muishonde en 'n geelslang (p.22). Ook in *Die singende gras* ken Lans die voëls: 'n sandpatrys (p. 113), 'n laksman (p. 116) en kwêvoëls (p. 139). *Ken jy die Kierangbos*

wemel ook van voëls : witogie, suikerbekkie, waterhoender, riethaan, fisant, geeloogsysie, hamerkop, hoep-hoep, tarentaal en nog veel meer. Die illustrasies vul die teks ook hier goed aan.



Spikkels, die tarentaal. Illustrasie deur Peter Clarke vir *Ken jy die Kierangbos* (p. 15). Uitgegee deur John Malherbe.

Daar is ook geelslange, 'n akkedis en 'n harige spinnekop. Op p. 60 word die spinnekop pragtig dierkundig beskryf : haar voorkoms, die feit dat sy bysiende is en die manier waarop sy 'n insek vang.

Twee van die vier verhale waarin diere die kern van die verhaalgegewe is, handel oor voëls. Die eerste wat hier bespreek word is *Die kokkewiet en sy vrou*. Volgens Roberts behoort 'n mens na die volgende dinge op te let om 'n voël uit te ken : die relatiewe grootte van die liggaam; kleur en kleurpatrone; die plek waar die voël gewoonlik gesien word, byvoorbeeld op die grond, in 'n bos of in water; en laastens opvallende karaktertrekke, byvoorbeeld 'n voël wat baie sing, wat op riete sit of wat in bome rondklim.

(Roberts, 1980 : voorwerk XXVII). Dit is opmerklik dat Freda Linde in haar verhale oor voëls die leser lei om volgens al hierdie kenmerke na voëls te kyk. So verkry die leser 'n rykdom wetenskaplike gegewe, maar op so 'n onopvallende wyse dat dit volkome funksioneel in die verhaal is.

Die voëlsoort waaroor dit gaan in *Die kokkewiet en sy vrou* word in die boek met twee name genoem: Die ou meneer sê kokkewiet en die tante hou vol dat dit 'n bokmakierie is. 'n Interessante aspek van die naamgewing hier is dat dit lyk asof daar in die volksmond verwarring bestaan oor watter voëlsoort kokkewiet genoem word. Volgens professor Abel Coetzee is die Afrikaanse kokkewiet van Europese herkoms, waar hy bekend staan as 'n koekoek (A.J.Coetzee, 1960:42). Hierdie voël is 'n parasiet wat nie self 'n nes bou nie, maar sy eiers in ander voëls se neste lê. Hiervolgens kan Freda Linde se verhaalgegewe dus sterk bevraagteken word. Roberts gebruik egter vir die kokkewiet dieselfde nommer as vir die bokmakierie, naamlik 722 (Roberts, 1978 : 511-514). Volgens Roberts se beskrywing bou die bokmakierie of kokkewiet 'n nes in 'n digte bos redelik naby die grond. Die eiers is groenblou met spikkels. Die bokmakierie lewe van ruspes en ander insekte en word dikwels in tuine aangetref.

Hieruit blyk dit dat Freda Linde se verhaalgegewe dierkundig volkome korrek is — selfs tot die feit dat twee name, naamlik bokmakierie en kokkewiet vir hierdie voël gebruik word. 'n Vergelyking van Ann Walton se illustrasies en die kleurillustrasie in Roberts se werk bevestig dit.

Ann Walton se illustrasie van die kokkewiet vir *Die kokkewiet en sy vrou* (p.6). Uitgegee deur John Malherbe.

'n Ander interessante aspek is dat die kokkewiet baie voorkom in volksrympies. Die titel van die boek laat ook die vermoede ontstaan dat dit van die eerste reël van 'n volksrympie afgelei is:

"Kokkewiet, Kokkewiet, jou vrou is siek."

Die idee vir die verhaal het Freda Linde uit 'n brief wat haar moeder aan haar geskryf het, gekry. In die brief gaan dit oor"die kokkewiet en sy vrou". In *Kinderindrukke* vertel die skryfster dat haar moeder vir haar versies

voorgesê het. Die moontlikheid bestaan dus dat die volkseie kokkewiet-rympie via die skryfster se moeder neerslag gevind het in die titel van die boek.

Die hele verhaal is gebou op die skryfster se fyn waarneming van die kokkewiete. Op p. 9 begin dit met hulle eetgewoontes en hulle fluitroep, wat baie mooi beskrywe word :

> " Dis soos 'n speletjie : die mannetjie fluit 'k'wiet wiet-wiet' en gelyktydig met sy laaste 'wiet' val die wyfie in met 'kwierie, kwierie', sodat dit klink na een voël se roep".

Verder lyk hulle eenders,

> " met die groen manteltjie, die ronde swart krawat op die goue bors, en die goudgeel en swart stert".

Op p. 12 word genoem dat hulle gewoonlik naby die grond in 'n bos of struik nes maak. Op p. 28 is 'n noukeurige beskrywing van die eiertjie. Op p.53 is daar 'n pragtige beskrywing van die hofmakery van die twee voëls, waar die mannetjie 'n dans vir sy wyfie uitvoer. Soos die verhaal vorder, neem die kokkewiete gestalte aan, sodat die leser aan die end van die verhaal 'n dierkundig juiste en fyn getekende beeld van die voëls het, wat ook weer noodsaaklik is vir die verloop van die verhaal.

In *Dakkuiken*, net soos in *Ken jy die Kierangbos*, word die illusie van beweging, van die wemeling van die voëls geskep. Hier gaan dit om die kransduif. Roberts (1978 : 222) praat slegs van 'n bosduif, maar volgens sy beskrywing van die voël se voorkoms, roep en nes is Dakkuiken die duif wat in die volksmond as bosduif maar ook as kransduif bekend is. Prozesky noem wel hierdie voël 'n kransduif (Prozesky, 1974 : 152-153).

Net soos die kokkewiet kry die kransduif algaande gestalte deur fyn dierkundige

beskrywing. Dit begin op p. 9 met die gekoer van die mannetjie. Op p. 10 word hy pragtig beskryf met sy rooi oë en rooi bene.

> " Dit lyk vir Hansie asof hy rytjies persrooi juweeltjies in sy halsvere het".

Die broeigewoontes word beskryf : die mannetjie los die wyfie af. As Hansie in die solder deur die gaatjie in die sink loer, sien hy die pas-uitgebroeide kleintjies is nie swart nie,

> " hulle is dan blou, dof-diepdonkerblou, en hulle het nog nie vere nie, net 'n harige pluis oor hulle, wat soos goue sy in die sonlig bewe" (p.14).

Die illustrasies op p. 13 en veral p. 17 vul die beskrywing van die nes op p. 16 pragtig aan.

Ook in hierdie boek is die dierkundige feite nodig vir die verloop van die verhaal : Die feit dat Dakkuiken 'n kransduif is wat hoog in die ruimtes woon en vlieg, kom in botsing met Hansie se begeerte om hom in 'n hokkie te hou. Op p. 54 tot 56 bereik die vervlegting van wetenskaplike gegewe en verhaalgegewe 'n pragtige hoogtepunt wanneer Oupa vir Hansie deur 'n mikroskoop na een van Dakkuiken se vere laat kyk. Hansie is verstom deur al die kleure wat hy nou sien en deur die struktuur van die veer met sy rye steeltjies wat vertak. Dan wys Oupa baie subtiel met behulp van die wetenskaplike feite vir Hansie daarop dat Dakkuiken wil vlieg en in die wye lugruimtes tuishoort :

> " So is die veertjie gemaak, baie fyn en baie sekuur, want dit moet op lug sweef.'
>
> ' Maar hoe kom dit so, Oupa?'
>
> 'Onthou jy nog die penne op Dakkuiken se vlerke toe hy amper nog kaal was? Die ou harde pennetjies, hulle het dit klaar in hulle. Hulle hunker dan al na die hoë lug en langsaam, elke dag 'n bietjie, spin hulle wat jy hier voor jou sien, so dig en lig geweef, duisende

veertjies met hulle ontelbare vakkies, alles net om te vlieg'".

In *Snoet-Alleen* is dit die erdvark wat gestalte kry. Die skryfster het ook hier seker gemaak van die dierkundige feite. Hanks noem die volgende kenmerke van die erdvark :

> " ... sterk liggaamsbou met 'n gekromde rug, kort maar sterk bene met groot kloue aan al die tone. 'n Langwerpige kop met 'n stomp buisvormige neus en lang ore. Baie dik stert word spitser aan die punt. Die liggaam is yl bedek met borselrige hare" (Hanks, 1974: 75).

Hanks noem verder op dieselfde bladsy dat die erdvark 'n nagdier is wat van miere leef wat hy met sy lang klewerige tong vang, en dat hy baie diep gate grawe. Sanderson sê :

> " They are,with the possible exception of the Giant Armadillo, the greatest diggers among mammals, being able to bore their way into the hardest soil at an astonishing speed" (1955: 220-221).

Al hierdie kenmerke is teenwoordig in *Snoet-Alleen*, veral soos beskryf deur Toto se broer Awie. Hy teken met 'n stok op die grond om vir Toto te wys hoe die erdvark lyk :

> " Die voorste ent word 'n lang, lang snoet. Die agterste ent word 'n dik sleepstert wat dunner loop na die puntjie" (p. 10).

Op p. 13 sê Awie:

> " Hy leef net op miere. Daarom het hy die allemintige lang taai tong. Hy slurp die miere daarmee op."

Op p. 19 sê Snoet-Alleen vir Toto:

> " Maar weet jy hoe vinnig ek kan grawe ...?"

So word die dierkundige feite onopvallend in dialoog en gebeure ingevleg. Hierdie feite sorg ook vir die voortgang van die verhaal. Die erdvark se vet soet vleis en haar gewoontes as tonnelgrawer en nagdier bring die spanning tussen Goliat en sy twee broers, Awie en Toto. Dit werp ook lig

op die drie broers se karakters : Awie, die fynbesnaarde kunstenaar, Toto met sy sagte hart en sy nuuskierigheid en die brute Goliat wat van die dinge van die gees niks verstaan nie en net aan sy maag dink.

Die illustreerder, Peter Clarke, se siening van die erdvark is raak, nie net wat die vorm betref nie, maar hy slaag ook daarin om die skuheid van die dier uit te beeld, en die misterie wat haar omring omdat sy 'n nagdier is. Daarom is Snoet-alleen dan ook in die illustrasies op p. 14 en 55 in 'n mistigheid gehul.

Die erdvark. Illustrasie deur Peter Clarke vir *Snoet-Alleen* (p. 55). Uitgegee deur John Malherbe.

In *Snoet-Alleen* is daar ook voëls en insekte wat pragtig beskryf word. Daar is die hoep-hoep (p. 30) en die uil (p. 32). Die mot (p. 42-44) en

die naaldekoker (p. 53) help om die fyn mistieke stemming te skep. Weer eens laat Peter Clarke se illustrasies ons die stil, nagtelike stemming aanvoel.

Die swael word mooi geteken in *As jy kan fluit op hierdie maat* en die illustrasie vul die teks goed aan.

> " Swarte blou jas met
> sy stertjie geklief,
> bou 'n huisie van klei" (p.23).

In 'n *Tuiste vir Bitis* kom twee interessante verskynsels na vore, naamlik dat die versameling van dierkundige gegewens bewustelik deel uitmaak van die verhaalgegewe en tweedens dat die skryfster ook as deel van die verhaal 'n bron noem waaruit die gegewens kom, naamlik Fitzsimons se boek "Snakes of South Africa" (p.6). Op p. 6 en 7 is daar ook aanhalings uit hierdie boek wat Martinus so gretig bestudeer. Die rede vir sy navorsing is die pofadder (met die wetenskaplike naam "Bitis Arietans") wat hy in die graswal by die rivier ontdek het. Deur die funksionele aanwending van die wetenskaplike feite slaag die skryfster daarin om by die leser simpatie op te wek vir 'n dier wat 'n mens gewoonlik met afsku en vrees vervul. Die slang kry vir Martinus 'n eie identiteit en hy gebruik haar wetenskaplike naam Bitis met toegeneentheid as 'n eienaam.

Soos in die vorige drie verhale is dit weer die dierkundige gegewens wat die verhaalgegewe bepaal. Die gewone man op straat se onkunde en bygeloof oor slange bring Martinus in konflik met die gemeenskap waarin hy leef.

Die skryfster slaag daarin om die leser onbewustelik saam met Martinus dierkundige navorsing te laat doen. Uit Martinus se noue ontkoming by sy eerste ontmoeting met Bitis kom die volgende kennis :

" Haar bont rug was net 'n donker gevlekte paal wat in die gras lê
want pofadders word dof, word lelik, voor hulle moet vervel" (p.18).

Die waarnemings wat Martinus maak wanneer hy Bitis vir die eerste keer vang, is vervleg met sy emosies van skrik en ontsteltenis; dus volkome funksioneel in die verhaal.

" Onder sy hande is sy koud, swáár en koud, en hy skrik so dat
sweet op sy voorkop uitbreek ..." (p. 64).

Pragtig is ook die beskrywing op die volgende bladsy:

" Nog altyd het hy slange bewonder oor hul sagte gang, ook vir
Bitis. Maar die rye, rye ribspiertjies wat so sag en so honderd-
voudig riffel, was onder sy hande een sterk snoer wat golf van
weerstand" (p. 65).

So is daar regdeur die boek 'n rykdom van gegewens oor slange in die algemeen en pofadders in die besonder, altyd nugter en saaklik aangebied, maar tog ook met dieselfde deernis wat spreek uit Frede Linde se gedig oor die pofadder in *As jy kan fluit op hierdie maat :*

" Ou bonte lê lou-bloedig
in die twaalfuur-son en bak.
...
Ou bonte met 'n kunswerk
kleure op sy dikke bas,
seil stadig soos trapsuutjies
geelbont deur die gras" (p.33).

4.1.1.4 Plante

Anders as wat met die diere die geval is, word daar nie enkele plante uitgesonder vir plantkundige beskrywing nie, maar Freda Linde se werke is vol van 'n plantweelde wat vir die leser 'n heerlike wêreld van blom en blaar, van boom en riet en gras skep.

Die skryfster gebruik die plantegroei saam met die diere, die grond en die rivier om 'n baie spesifieke milieu vir haar karakters te skep. Net soos met die diere, is dit ook opvallend dat sy selde vaag van "boom" praat, maar gewoonlik baie spesifiek van byvoorbeeld 'n rivierwilger of akasia. Selfs in die kleuterverhaal *Jos en die bok* praat Jos se pa nie van "die boom" nie, maar sê hy:

> " Wat op aarde gaan daar
> by die wilde olyf aan?"

Een plant wat tog van nader beskryf word sodat die leser 'n pragtige beeld daarvan kry as veldkos, is die koekemakrank (*Jos en Klos*, p. 25).

> " Hy volg die soet geur tot by die plek waar die sagte geel vingertjie uit die gras peul. Versigtig, om dit nie te kneus nie, trek hy dit uit die grond. Dan suig hy die pitjies en die dik geel sap deur die hol steeltjie uit. Daarna is die deurskynende peultjie nog pragtig, goudgeel met stippels, en behou sy heerlike geur ook later wanneer dit heeltemal droog is".

Sekere plante word herhaaldelik gebruik. 'n Paar hiervan kry ons al in *Kinderindrukke*, soos die blou bobbejaantjies wat weer in *Jos en Klos* terugkom (p.30). Die vygie as leitmotiv is reeds vroeër genoem. Die doringboom kom ook dikwels voor, byvoorbeeld in *Snoet-Alleen* (p.47), *Dakkuiken* (p.44) en *Die kokkewiet en sy vrou*(p. 35). Die aalwyn, en veral die rankaalwyn, kom telkens voor. *Hoe smaak dit* is 'n gediggie oor die aalwyn op p. 15 van *As jy kan fluit op hierdie maat.* Die rankaalwyn kom weer voor in *Ken jy die Kierangbos.* Die plakkie kom voor in 'n gediggie in *As jy kan fluit op hierdie maat:*

> " My blare is barstens vol van sap.
> Dis die droogte wat my gulsig maak .
> ...
> Die somerson skyn straf
> op my liggroen klokkieskroon" (p. 21).

Eleanor Esmonde-White se illustrasie vul die teks goed aan.



Die plakkie. Illustrasie deur Eleanor Esmonde-White vir *As jy kan fluit op hierdie maat* (p.20). Uitgegee deur John Malherbe.

Die plakkie verskyn ook in *Die kokkewiet en sy vrou* :

> " By die rotstuine, 'n ent anderkant die huis, staan die plakkies en keurtjies rooi in die blom ..." (p. 29-30).

Bogenoemde is maar 'n paar voorbeelde van die plante wat regdeur Freda Linde se werk voorkom. Die illustrasies vervul ook 'n baie belangrike rol by die uitbeelding van die plantegroei. Die skrywer het 'n aandeel in die maak

van die illustrasies vir haar boeke, omdat sy met die illustreerder saamwerk, byvoorbeeld deur foto's te verskaf van die dinge wat as illustrasies moet dien. Die saagblaar in *Snoet-Alleen*(p. 15) is hiervan 'n mooi voorbeeld.

Die saagblaar. Illustrasie deur Peter Clarke vir *Snoet-Alleen* (p.14). Uitgegee deur John Malherbe.

'n Enkele plant wat ten slotte uitgesonder kan word as baie belangrik in Freda Linde se werk, is die riet. Dit is deel van die milieu in haas elke boek,veral ook omdat die riete by die rivier groei. In *Dakkuiken* sê Hansie vir sy kransduif:

> " Ek sal jou ook die rietbos wys, waar die geelslang hou, net so geel en blink soos die riete" (p. 24).

Maar die riet is meer as net deel van die milieu. *As jy kan fluit op hierdie maat* bevat 'n gediggie , *Die riet*, waarin opgesluit lê drie van die velde van die volkseie, in die hiërargie van bodem tot geesteskultuurgoedere.

" My blare dek my sierlikheid
hul spruit grasgroen uit elke las
tot die son hul uitdroog soos papiere
en ek hard is en volwas.

Ek roer net as die wind my streel
en praat net as die wind praat;
maar jy kan ook 'n deuntjie op my speel
as jy kan fluit op hierdie maat" (p. 19).

Saam met die illustrasie sê die gediggie die volgende : Die riet is deel van die bodem,dit groei uit die grond. Dit word egter ook deel van die stoflike kultuur wanneer 'n gebruiksartikel daarvan gemaak word: 'n fluitjie. Dit word derdens deel van die geestelike kultuur wanneer musiek op hierdie fluitjie gespeel word. Dieselfde idee is uitgewerk in *Ken jy die Kierang-bos*. Op p. 8 begin dit by die grond en die wortels van die riete :

" sy wikkel haar agter 'n dik rietwortel in."

Verder is die riete by die rivier regdeur deel van die milieu van die boek. Op p. 66 word dit gebruiksartikel vir die seun wat die voëls voer. Hy vul 'n reggesnyde riet met koring of mielies en gebruik dit behendig om die kos wyd uit te strooi vir die voëls. En dan :

" Hy draai net die riet om en begin
fluit op die ander ent daarvan !" (p. 67).

Hy speel die musiek van die bos op sy rietfluit. Hier het die riet instrument geword vir die mens se gees wat met musiek sy wêreld beheers.

4.1.1.5 Ekologie

Met die praat oor die bodem as groeibron van die volkseie, het reeds algaande duidelik geword dat grond en water en plant en dier onlosmaaklik aan mekaar verbonde is en in 'n baie bepaalde verhouding tot mekaar bestaan. Daarom verbaas dit 'n mens ook nie dat die ekologie 'n rol speel in Freda Linde se werk nie. Dit gaan hier dus ook om bewaring en om die behoud van hierdie balans. In veral drie van die boeke wat bespreek word, gaan dit om die behoud van 'n bepaalde diersoort. In *Die kokkewiet en sy vrou* is dit 'n voël, in *Snoet-Alleen* 'n soogdier en in *'n Tuiste vir Bitis* 'n reptiel. In die eersgenoemde boek is die versteuring van die ekologie deel van die verhaalgegewe as die Ou Meneer gif op die kokkewiete se rankplant spuit om die kewers dood te maak. Die wyfie word siek van die vergiftigde insekte en word later deur 'n roofdier gevang.

In *Snoet-Alleen* is dit weer die mens wat die ekologie versteur met sy brutale vernielingsdrang en sy vleislus. Daar is egter ook 'n ander fyn verwysing na die ekologie in hierdie boek. Snoet-Alleen verdedig haar eetgewoontes en gee vir Toto 'n insig in hierdie fyn balans in die natuur :

> " Moet die wêreld dan oorstroom word van die miere, miere, miere ?'
> ' O, nee. Nee', sê Toto" (p.21).

Die ekologie is ook belangrik as tema in *Die rooi haan*. Die teennatuurlike bedrywighede van die mens wat die lewe misken en van diere masjiene maak, het tot gevolg dat 'n pessiekte uitbreek wat uiteindelik die mens self verteer.

In *Ken jy die Kierangbos* kom die ekologie as tema ook baie mooi tot sy reg. Weer eens is dit die mens as jagter wat dood en verminking saai, met hier as pragtige teëpool die "Koning van die Kierangbos" wat gesond maak en voed. Hier is ook enkele ander verwysings na die balans in die natuur.

" ... in die middel van die poel sit 'n padda. Hy het seker alle reg om daar te sit. Die water is dus nie dood nie, anders sal al die goed,miskien klein visies ook ....? nie daarin lewe nie; dit syfer seker uit die grond op "(p.36).

Op p. 56 verduidelik Brem dit baie mooi:

" As die aasvoël die aas laat lê, sal dit vuil word.
As hy dit eet, bly dit skoon; die grond bly skoon.
Alles werk baie goed."

Dit lyk gepas om die afdeling oor die bodem as volkseie in Freda Linde se werk af te sluit met 'n bespreking van die ekologie omdat hier sprake is van verbondenheid en 'n fyn gebalanseerde verhouding. Freda Linde se verhouding tot die bodem, haar verbondenheid in geestelike sin, dra sy oor op haar karakters. Dit is merkwaardig dat sy reeds op tienderjarige leeftyd so helder en skerp bewus was van hierdie geestelike ekologie, as 'n mens dit so kan noem,dat sy dit soos volg in *Kinderindrukke* kon verwoord:

" Daar was 'n onverklaarbare verhouding tussen my en die dinge rondom my. Daar het ek gelê, styf teenaan die rankbos, en gekyk na die mooi blou van die blommetjies as iets waarvan ek oneindig geniet en wat deel uitmaak van die lewe waarvan ek deel is."

Hierdie "verstandhouding" is die basis vir die wonderlike wyse waarop sy die volkseie-bodem ook deel maak van haar lesers se lewe.

4.1.2 *Stoflike kultuur*

Enkele van die stoflike kultuurprodukte wat in Freda Linde se werke gestalte kry, sal hier bespreek word, onder andere woningbou, arbeidsvorme, kookkuns en geneeskunde.

4.1.2.1 Woningbou

Die Afrikaanse volkseie-boustyl het veral deur middel van illustrasies

neerslag gevind in Freda Linde se boeke. Sy het hier ook 'n belangrike aandeel geneem in die totstandkoming van die illustrasies deur foto's wat sy aan die illustreerder voorsien het.

Die huis wat in haar verhale en veral in die illustrasies geteken word, is 'n tipiese plaaswoning soos dit gebou is aan die begin van die eeu. Walton gee 'n beskrywing van die eerste huise wat in die distrik Swellendam gebou is en sy boek bevat twee foto's van 'n huis op Bruintjiesrivier, naamlik foto's nommer 29 en 30. Dit is 'n langwerpige huis met 'n hoë staandak en twee eenvoudige gewels aan die smal kante. Aan die agterkant van die huis is 'n gedeelte uitgebou wat die kombuis bevat het en wat 'n T-voorkoms aan die huis gegee het. Volgens Walton dateer die huis uit die helfte van die negentiende eeu en is met gras gedek (Walton, 1965 : 49-51).

Die huis wat egter in *Jos en die bok* geteken word, het 'n sinkdak en 'n veranda wat Victoriaanse trekke vertoon in die houtpilare. Van hierdie selfde soort houtpilare sê Martinus in *'n Tuiste vir Bitis* as hy kyk na die Ou Meneer se huis op Kleinplasie. :

> " Stukkies van die houtsierwerk van die veranda begin afval" (p.25).

Die solderdeur en die soldertrap is ook belangrike kenmerke van die huis.

In *Jos en die bok* maak die huis deel uit van die besonder geslaagde illustrasies wat die verhaal aanvul en Jos se milieu uitbeeld.



Marjorie Wallace se illustrasie van die plaashuis vir *Jos en die bok* (p. 3). Uitgegee deur John Malherbe.

In *Dakkuiken* het die solder met sy trap, die sinkdak en die skoorsteen 'n spesifieke plek in die verhaalgegewe. Die kransduiwe se nes is agter die skoorsteen en as Hansie in die solder staan, sien hy die klein duifies deur 'n gaatjie in die sink. In *'n Tuiste vir Bitis* is die solder en die solderdeur ook funksioneel in die verhaal.

In *Snoet-Alleen* teken Peter Clarke met 'n paar strepe die tipiese reghoekige platdakhuisie van die plaaswerkers. In *'n Tuiste vir Bitis* let Martinus ook op na die plaaswerkers se huisie:

" Hy stel sy verkyker op die witgepleisterde huisie teen die heuwel aan die oorkant van die rivier" (p.11).

Later bekyk hy die bouval van so 'n huisie van naby. Dit het dik kleimure waarvan die witkalk afgeskilfer het (p.37).

4.1.2.2. Arbeidsvorme

Een van die vorme van plaasarbeid wat telkens in Freda Linde se werk voorkom, is koeie melk. Ons kry dit reeds in *Kinderindrukke:*

" Van die kraal af het die voetstappe van 'n pappie gekom en die geklink van die spantouriem se ring soos dit teen die melkemmer kap".

Eg-Afrikaanse terme soos spantou en melkemmer kom voor in *Jos en Klos* en *Die kokkewiet en sy vrou.* Jos bring 'n emmertjie melk van die kraal af (p30) en die eerste sin van *Die kokkewiet en sy vrou* lui so :

" Martinus se pa melk die koeie al skuins voor ses in die môre"

Dan loop dit verder deur :

" Om 'n koei te melk moet 'n mens krag in jou arms hê" (p.14).

" Die ou meneer het 'n slag met diere. Hy het Bontrokkie nooit eens gespan nie" (p. 15).

" Sy pa het al gemelk. Hy sit die emmer lou-warm melk waarop die skuim nog wieg, op die kombuistafel neer. Dit word deur 'n doek gesyg in die groot, wit enemmelkom"(p. 48).

Ongemerk en volkome funksioneel in die verhaal, word hierdie stuk volkseie vir die leser opgebou. In die kraal word die koei gespan — die koei se naam getuig ook van die volkseie — en om te melk het 'n mens krag in jou arms nodig. Die stap met die melk van die kraal af, die skuimende melk op die kombuistafel en die deursyg daarvan deur 'n doek — dit word vir die leser wat die kartonnetjie gepasteuriseerde melk ken, 'n lewensbeeld, 'n werk-

likheid uit 'n ander wêreld.

'n Tweede arbeidsvorm wat as leitmotiv deurloop is die verbouing van koring. In *Die kokkewiet en sy vrou* staan daar op p. 7 en 8:

> " Vanmiddag lyk die lappie koring daar oorkant langs die ou mense se huis vir hom nog groener,geiler as voor die naweek. Sy pa het die landjie 'n paar maande gelede vir die ou mense gesaai. Eers was daar net 'n liggroen skynsel asof iemand die land baie liggies met groen kryt ingekleur het. Nou staan die koring dig en egalig groen."

Op p. 49 is daar Martinus se fyn sintuiglike waarneming van die koring:

> " Hy merk hoe geil die koring geword het. Dis al in die aar, maar nog sag, en die wind laat syerige golwings daaroor gaan. Hy trek 'n paar van die halms uit hul skedes om aan die sap-ente te proe".

In *Jos en Klos* is die koring ryp en neem die stroper die wuiwende koringare weg (p. 6). Op p. 11 is net die koringstoppels oor wat ingeploeg word sodat die land kan braak lê.

Weer eens kom daar broksgewyse uit verskeie boeke die geheelbeeld te voorskyn, vanaf saaityd deur geil groei tot oestyd en die stoppelland wat geploeg word. Ook in *Die rooi haan* kry ons op p. 74 die koringland waar die hoenders korrels uit die gerwe pik. Freda Linde se belangstelling in koring loop verder en word 'n boek oor die geskiedenis en verbouing van graan : *In die boog van die sekel*.

'n Ander arbeidsvorm is die boervrou se werk om die hoenders en varke kos te gee. Jos help daarmee (*Jos en Klos*, p. 22 en 23). In *Die kokkewiet en sy vrou* help Martinus die tante daarmee (p. 17).

> " Hy gaan vir die tante eiers uithaal en gee die hoenders kos — mielies en dikmelk."

Ook die verhaaltjie van *Jos en die sog* is geweef om die varksog wat kos

kry. Marjorie Wallace se illustrasies vul die teks pragtig aan. Wanneer Jos se ma hom roep om te kom eet, staan sy omring van die werfhoenders (p.12).

'n Interessante aspek van plaasarbeid is die werk wat die nie-blanke plaaswerkers doen. Dit is histories so verweef met die Afrikaner se volkseie dat dit ook in die kinderlektuur van groot belang is. Toto se ma was die wasgoed (*Snoet-Alleen*, p. 25):

> " Nôna Mebila is wasvrou. Sy sit aldag langs die kabbelstroom. 'Kloppe -kaloppe - kaloppe', slaan sy die kakiebroeke en -hemde op die plat wasklip."

Vir die kind wat net die outomatiese wasmasjien ken, is dit ook nuut, en Peter Clarke se illustrasie vul die beeld verder aan. Vir die plaaskind is dit weergawe van 'n gebruik wat nog bestaan.

4.1.2.3 Huisinrigting, Gebruiksvoorwerpe en Lewenswyse

Hiervan is daar nie veel voorbeelde in Freda Linde se verhale nie, maar enkele dinge is tog tekenend van die milieu. In *Snoet-Alleen* word die velskoen net genoem op p. 29. In *Jos en die bok* is die sweep deel van die verhaalgegewe.

> " Dis Pa se sweep; dis 'n lekker sweep met 'n dun voorslag wat hard kan klap!"(p. 16).

Die pragtige tekening van Marjorie Wallace verbeeld die kunstig gevlegte sweep met sy voorslag — 'n stuk kultuur wat nog in baie dele van die land aangetref word.

In *Dakkuiken* se illustrasies is dit weer eens Günther Komnick se fyn siening van die milieu wat die verhaal pragtig aanvul. Daar is die stoel en die lamp wat dateer uit die begin van die eeu op p. 6 en 7. Op p. 21 is daar die kombuisgereedskap by die stoof waar Dakkuiken deur die skoorsteen val en langs die suurdeegpot bly lê.

In *Jos en Klos* is daar in die kombuis op p. 10 'n tipiese ou kombuisstoel as deel van die illustrasie. In die kombuis op Kleinplasie gee die tante vir Martinus

> " ... die koel drinkwater wat sy uit die erdekruik in die bekertjie skink"
> (*Die kokkewiet en sy vrou*, p. 35).

Vir die moderne stadskind is hierdie gebruiksvoorwerpe minder bekend as vir die plattelandse kind wat nog daagliks daarmee saamleef.

4.1.2.4 Kookkuns

Hiervan is daar mooi voorbeelde in *Jos en Klos*. Jos se ma skep vir hom stoofpatats met baie sous in (p. 11).

Op p. 28 en 29 is daar 'n mooi uitbeelding — aangevul deur die illustrasie — van 'n stuk kultuurarbeid wat vandag in die blikkieskos-era minder as tevore voorkom: konfyt kook.

> " Watertand-geure lok hom kombuis toe, waar Ma lemoenkonfyt en marmalade kook. Sy het vyf flesse volgemaak en Jos kan die oorskiet uit die kom eet met 'n lekker stuk vars brood".

Verder op p. 29 staan daar :

> " En wat van al die groenvye,waatlemoenskille, druiwe, appelkoos — Ma hou die rakke vol!"

In *Die kokkewiet en sy vrou* kry Martinus van die tante die soort versnaperings wat uit 'n plaas se spenskas kom en vandag nog algemeen bekend is :

> " 'n handjievol sultanas; ingemaakte groenvye, styf en stroperig, waarvan die tante vir hom ene met 'n vurk uitsteek; 'n paar amandels of okkerneute — of die lekker lemoenstroop wat die tante self gekook en verseël het ..." (p. 17).

Die kookkuns dien dus om die karakters se ervaringswêreld te teken,

maar ook om 'n stemming te skep — die opgewekte bedrywigheid van 'n vroegtydse kombuis wat die leser laat geniet van sy smaaklike, geurige kos.

4.1.2.5 Geneeskunde

Daar is in Freda Linde se werk verskeie verwysings na die volksgeneeskunde. Daar is 'n mooi voorbeeld in *Jos en Klos* waar die koekemakrank op p. 25 beskryf word.

> " Maar Jos mag nie al die koekemakranke uitsuig nie, want in Meimaand maak Ma hulle ook bymekaar om op brandewyn te sit — vir tyd van siekte".

Kruie as geneesmiddels het nog glad nie in onbruik geraak nie. Veral ook onder die nie-blanke plaaswerkers is kruie bekend as geneesmiddels. Coetzee sê ook dat die koloniste aan die Kaap baie van hulle kennis van geneesmiddels by die inboorlinge geleer het, en hier noem hy ook die koekemakrank (A.J.Coetzee, 1960 : 107).

In 'n *Tuiste vir Bitis* maak Martinus kennis met Grootjie Johenna se kennis van kruie. Sy kerf stokke en maak dit in 'n vysel fyn. Op Martinus se navraag sê sy :

> " ' Dis nie stokke nie, dis Dawidjiewortel. Dawidjiewortel hou ou Johenna suiwer van binne, en boegoe hou my litte gesond'" (p.13).

Op dieselfde bladsy praat sy ook van die gifbol waarvan die vliese vir spatare gebruik word. Sy bring ook kruie om vir Dawid teen slangbyt te behandel (p. 116).

4.1.3 *Geestelike Kultuur*

Die Afrikaner se geesteskultuur het 'n duidelike neerslag in Freda Linde se werk. Die fasette wat die duidelikste uitstaan is volksgeloof, naamgewing, kinderspel en volksrympies en spreekwoorde.

4.1.3.1 Volksgeloof

Een van die temas in *'n Tuiste vir Bitis* is mense se opvattinge van en houding teenoor slange. Hierdie opvattinge berus by die grootste gedeelte van die gemeenskap waarin Martinus lewe, op bygeloof en onkunde. Selfs Martinus se ma is

> " dankbaar bly om ontslae te raak van die slangvel in die huis" (p. 28).

Selfs die ouderling het 'n verdraaide begrip van die Bybelse gegewens. 'n Slang is vir hom die vergestalting van Satan. Die slang is vervloek en hy beskuldig Martinus daarvan dat hy slange aanbid. Hierteenoor staan Martinus se helder insig

> " dat die Here hulle wonderbaarlik geskape het" (p.89).

Hier kom terselfdertyd die teëstelling tussen die volk se godsdiens en die volksgeloof na vore.

Daar begin 'n stigma aan Martinus kleef omdat hy met slange omgaan en oral in die dorp en ook by die skool word hy met agterdog bejeën. Dit vorm die konflik in die verhaal. Op p. 121 noem een van die skoolkinders een van die bekendste bygelowe oor slange, naamlik dat 'n slang nie voor sononder doodgaan nie.

Seker die bekendste eksponent van die Nie-blankes se volksgeloof is die Tokkelossie of "die klein swart mannetjie" , soos Grootjie Johenna hom noem. Sy gebruik hierdie stuk volksgeloof om Tokkels se onverstaanbare andersheid en sy misdadige neigings te verklaar. Tokkels se pa is die Tokkelossie :

> " daar's g'n Siegelaarbloed in daardie klong nie; hy's ge-vaar deur die klein swart mannetjie en daarom sal hy nooit regkom nie " (p. 15).

A.J. Coetzee (1960: 44-47) gee 'n breedvoerige uiteensetting van die verskynings-

vorms van die Tokkelossie en Freda Linde se gegewens stem daarmee ooreen.

Hierdie stuk volkseie is ook funksioneel in die verhaal, want Tokkels is 'n sleutelfiguur in die verhaal. Deur sy wraaksug ontsnap Bitis uit haar hok en word Dawid deur die vreemde pofadder gebyt sodat Martinus uiteindelik van Bitis afstand moet doen.

4.1.3.2 Naamgewing

Naamgewing is 'n interessante onderdeel van die volkstaal, die kleurryke woordweelde wat in die volksmond lewe en oorgelewer word. In Freda Linde se werk is daar beskrywende plaasname soos Kleinplasie, Onderplaas en Taaibosbult. Mense het byname soos oom Stoffeltjie Boberg. Verder is daar aanspreekvorme soos Ta Pop en Ta Kotie en die gewoonte om mense speels op die verkleinwoord van hulle vanne aan te spreek, soos "Joubertjie" in *As jy kan fluit op hierdie maat* (p.33). Dit is teken van die tipiese Afrikaanse hartlikheid en gemeensaamheid.

Laastens is daar die rykdom van plant- en dierename waarmee die Afrikaner die bodem beheers. Koekemakrank, papkuil, riethaan, varkblom, adamsvy, saagblaar, molslang, pofadder, erdvark—dit is maar 'n paar van die name waarmee die skryfster die fauna en flora in haar werk lewe gee.

4.1.3.3 Kinderspel

'n Deel van 'n volk se geestesgoedere wat dikwels nie na waarde geskat word nie, is die speletjies waarmee die kinders hulle besig hou, veral die verbeeldingspel. Reeds in *Kinderindrukke* toon Freda Linde insig in die verbeeldingswêreld van die kind:

" Die kind leef in 'n eie land — 'n land van wonderlike droomgesigte en wilde, fantastiese beelde. Maar vir hom is dit nie verbeelding nie ... Dit is werklikheid, soos daardie sieltjie die werklikheid skep".

Daar is 'n pragtige voorbeeld in *Snoet-Alleen*.

" Toto speel langs die water. Met 'n dorîng slag hy 'n plakkieblaar oop en sout dit in met fyn skoon sandjies. Dan hang hy dit op, want dis 'n boud vleis" (p.27).

Die kinderspel word dus ook gevoed deur die bodem en die stoflike kultuur. Dit is dikwels 'n nabootsing van die grootmenswêreld, en die verbeeldingspel is geestesskepping van die kind in die volste sin van die woord.

Op p. 37 van *'n Tuiste vir Bitis* word daar ook melding gemaak van 'n gewilde verbeeldingspel : die versamel van bottelstukkies en skerfies breekgoed, waarmee die kind vir hom 'n verbeeldingwêreld bou.

4.1.3.4 Taalgebruik

Freda Linde se bundel spreukryme *By die oog van die fontein* bevat 'n rykdom Afrikaanse geesteskultuur.

Coetzee sê van die spreekwoord dat dit nou verwant is aan volkspoësie, want dit bevat innerlike vormverskynsels soos beeldspraak en ironie, en uiterlike vormverskynsels soos ritme en rym. (A.J. Coetzee, 1960: 80). Dit word ook gevoed deur die bodem en die stoflike kultuur, soos Coetzee op p. 81 aandui.

Die spreukryme vertoon al hierdie kenmerke en hulle bevat dikwels 'n ekstra dimensie behalwe net 'n rympie rondom die spreekwoord, soos in "Erfgeld":

" Erfgeld is swerfgeld
en spaargeld is swaargeld,
maar grootleef maak kleingeld
van erfgeld en spaargeld" (p. 38).

Voorbeelde van hoe die spreekwoorde deur die bodem gevoed word is *Fonteintjie* (p. 29) en *Ek kan nie kwê soos jy kloek nie"* (p. 36). Spreekwoorde wat uit die stoflike kultuur ontstaan het, kry ons in *Agteros* (p. 22) en *Skoenmaker* (p. 43).

4.1.4 *Volksaard*

Die Afrikanervolk is deur sy hele geskiedenis heen verbonde aan die bodem. Ten spyte van die verstedeliking wat 'n verskynsel van ons tyd is, hunker menige stedeling nog na die grond. Uit hierdie bodem-gebondenheid kry die plaas- en veldmens sy skerp sintuie, sy fyn waarnemingsvermoë, sy veldkennis. Dit is dan ook opvallende kenmerke by Frede Linde se karakters : Martinus, die Ou Meneer, Hansie se oupa en Jos.

Die afgesonderdheid van die plaasmense vanweë die groot afstande en die gebrekkige kommunikasiemiddele van die vroeë jare het hulle selfvoorsienend gemaak - vandaar die volksgeneeskunde en die tradisionele kookkuns waaraan daar hierbo aandag gegee is.

Die naamgewing is ook spieël van die volk se aard. So vertel die voorbeelde wat aangehaal is van die bodemgebondenheid, die hartlikheid, die skerpsinnigheid om 'n plaas of persoon se geaardheid in 'n enkele raak woord vas te vat. Bogenoemde is enkele voorbeelde om aan te dui dat die volksaard ook in Freda Linde se werk figureer.

SLOTOPMERKING

Uit die voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die volkseie 'n wesenskenmerk is van Freda Linde se werk. Dit is altyd daar, dit pols in al haar verhale, dit is deel van die besondere stemming van haar werk. Sy gebruik dit ook om die milieu van haar verhale te bou, en dit is dikwels deel van die verhaalgegewe self. Soms is dit die kern waarom die hele verhaal wentel. So gee sy aan die kinderleser 'n ryke skat deur, 'n kos-

bare besit van eie goed. Daar is baie kinders wat die volkseie nog in hulle lewe ervaar, andere nie. Wat ook al die geval is, Freda Linde se werk laat die kind by die lees daarvan soveel ryker as tevore.

4.2 ALBA BOUWER

Waar die bodem as volkseie-element baie sterk figureer in Freda Linde se werk, is dit Alba Bouwer wat die stoflike en geestelike kultuur van die Afrikaner, soos dit vier tot ses dekades gelede ontplooi het, op meesterlike wyse in haar werk gestalte laat kry.

By die eerste kennismaking met *Stories van Rivierplaas* is daar reeds in die eerste paragraaf aanduidings dat die volkseie 'n rol speel in Alba Bouwer se werk. Daar is dadelik sprake van plantegroei, naamlik die pendoringboom; van kinderspel en van woningbou, naamlik die agterstoep van die plaashuis (p. 9). Die volkseie van een van die Swart volke, die Sotho's, en van die Bruinmense figureer ook sterk in Alba Bouwer se werk. Dit is ook reeds vroeg in *Stories van Rivierplaas* merkbaar, waar daar sprake is van die kralebandjies wat die Sotho-kinders dra en van die asdans (p. 12). In *Stories van Bergplaas* kom die kleurryke taalgebruik van die Bolandse Kleurlinge deurgaans na vore.

By Alba Bouwer is die volkseie grotendeels daar om die milieu te teken en om atmosfeer te skep. Soms is dit ook wel funksioneel as verhaalgegewe, byvoorbeeld in *Eiers uithaal* en *Voete was voor die stoof* uit *Stories van Rivierplaas;* en in *Dirkie van Driekuil*. Wanneer gesê word dat die volkseie dien om die milieu te teken en atmosfeer te skep, moet dadelik daarop gewys word dat milieu en atmosfeer twee baie belangrike komponente in Alba Bouwer se werk is. Die verhaalgegewe is meestal nie die sterkste element nie, soos in *Stories van Rivierplaas*, *Nuwe stories van Rivierplaas* en *Stories van Bergplaas*. Dus staan die volkseie sentraal in hierdie werke en is

dit onontbeerlik vir die eie-aard van elke verhaal.

Uit Alba Bouwer se werk is 'n keuse van vyf boeke gemaak waarin die rol van die volkseie nagegaan word. Hulle is : *Stories van Rivierplaas*, *Nuwe stories van Rivierplaas*, *Dirkie van Driekuil*, *Stories van Bergplaas* en *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*.

Die twee bundels Rivierplaasverhale oor die witkopdogtertjie, Alie, en haar lewe op 'n Vrystaatse plaas is die beste voorbeelde van die manier waarop Alba Bouwer deurgaans die volkseie vir die kinderleser deurgee in milieu en atmosfeer. *Stories van Bergplaas* sluit baie mooi hierby aan waar die tweeling, Bramie en Grietjie, weer in die volkseie-milieu van 'n Bolandse wynplaas grootword. *Nuwe stories van Rivierplaas* het die Scheepersprys vir jeugletuur verower en *Stories van Bergplaas* is in 1963 eervol vermeld vir die C.P. Hoogenhouttoekenning. In al drie hierdie boeke word die leefwyse en eie-aard van die Swart en Bruin plaaswerkers ook baie mooi geteken.

In *Dirkie van Driekuil*, wat in 1966 eervol vermeld is vir die C.P. Hoogenhouttoekenning, is die volkseie funksioneel vir die hele verloop van die verhaal en hier is dit die bodem as volkseie wat die verhaalgegewe uitmaak.

Vlieg, swaeltjie, vlieg ver, wat in 1984 die C.P. Hoogenhouttoekenning ontvang het, het ook die volkseie bodem as tema, naamlik die lewensloop van drie streepswaels. Hierdie boek is ook in 1983 in die *Bulletin van die Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur* aangewys as die beste kinderboek van die jaar (5(1): 4, Nov.).

Hierdie werke van Alba Bouwer word nou behandel volgens die volgende terreine van die volkseie : die bodem, die stoflike kultuur, die geestelike kultuur en die volksaard.

4.2.1 *Die Bodem*

Die bodem as volkseie van die Afrikaner dien in Alba Bouwer se werk grotendeels om die milieu van 'n Vrystaatse plaas en 'n Bolandse wynplaas te teken. Ook die fyn stemming van rustige landelikheid word geweef deur verwysings na die bodem. Daar is 'n opvallende teëstelling tussen Freda Linde en Alba Bouwer se werk wat die uitbeelding van die bodem betref. By Freda Linde is daar die direkte, nugtere sintuiglike belewing en die waarneming van die fynste detail :

> "Die moddergrond voel louwarm, sponsig onder haar pote hier waar die varkblomme staan" (*Ken jy die Kierangbos*,p. 8).

> "Dit lyk vir Hansie asof hy rytjies persrooi juweeltjies in sy halsvere het" (*Dakkuiken*, p. 10).

In Alba Bouwer se werk is daar ook sintuiglike belewing, maar in ooreenstemming met die aard van haar werk, is dit eerder die opnoem van die natuurdinge soos dit in haar karaktertjie se gemoed lewe. 'n Mooi voorbeeld hiervan is Alie se belewing van die lente in *Nuwe stories van Rivierplaas* vanaf bladsy 52 tot 54, waarvan hier enkele gedeeltes aangehaal word:

> " Heel eerste moet dit reën, net so een klein reëntjie nadat dit 'n lang,lang tyd koud en wit en sonder reën was" (p. 52).

> " Saam met die kriekies by die roosbome begin die paddas in die vlei altyd raas. As Alie dan baie stil in die bed lê, op haar rug dat altwee ore oop kan luister, kan sy mooi hoor hoe kwaakkwaak die vleipaddatjies, en tussenin die diep stem van die ou brulpadda ..." (p. 54).

Pragtig is ook die plaaskind se verbondenheid met die bodem wat haar by die aanhoor van Psalm 23 onmiddellik die Bybelse gegewe met haar eie bekende en geliefde wêreld laat assosieer:

> " Dis vir Alie die mooiste psalm, want al die plekke daarin voel soos

> op Rivierplaas. Die groen weivelde is die spaarkampie waar die lammerooie altyd wei, en die waters waar rus is, is die vlei op 'n skemeraand in die somer net na dit baie gereën het en die brulpaddas kwaak-kwaak so. Die spore van geregtigheid is die wapad deur die mielielande waar die diep waspoor altyd lê al het die wa ook lanklaas daar gery " (*Stories van Rivierplaas*, p.79).

Vervolgens word aangedui hoe enkele elemente van die bodem gestalte kry in Alba Bouwer se werk.

4.2.1.1. Grond

Daar is slegs enkele verwysings na die grond self in die werke wat bespreek word. In *Dirkie van Driekuil* is Koeneels besig om water te lei en

> " hy steek die graaf vas in 'n hopie grond" (p. 14).

In *Stories van Bergplaas* word die band met die grond al dadelik in die eerste paragraaf gelê en hier is ook 'n sterker sintuiglike belewing van die grond.

> " Die sand in die voetpad maak gladde warm walletjies tussen Bramie se tone ..." (p.7).

4.2.1.2 Water

Hieronder word elemente soos die rivier, die vlei en die reën ingesluit, omdat die dinge dikwels in Alba Bouwer se werk met mekaar 'n verband het.

Hoewel daar nie in *Stories van Rivierplaas* in detail 'n beskrywing van die rivier of 'n enigsins volledige uitbeelding van die rivier gegee word nie, is die rivier altyd daar en is die leser deurentyd bewus van die rivier en die vlei as deel van die plaas. Reeds in die eerste paragraaf van *Stories van Rivierplaas* maak Alie en Lulu planne om gom te gaan soek op die rivierwal, (p. 9) en

" Alie ruik die lekker biesieruik van die rivier ..." (p.52).

In *Nuwe stories van Rivierplaas* dink Alie terwyl sy vir oom Jan die velletjie vashou om riempies te sny:

> " As jy met jou hande daar sit en jou kop dink ver weg na die rivierklippe toe of na die vlei toe of na enige ander lekker ding toe, dan hou jy nie reg nie en dan maak oom Jan 'n dik stem" (p. 16).

Alie en Lulu speel met klein-Melitie en Sanna tussen die lang gras in die vlei (*Stories van Rivierplaas*, p. 11) en daar is ook deurgaans verwysings na die vlei waar die paddas kwaak nadat dit gereën het.

In *Stories van Bergplaas* luister Bramie

> " hoe die water in die bergstroom langs die huis afloop. Saam met die bruin bergwater gly hy oor die gladde klippe, onder die groot akkerboomwortel deur, gloemps oor die rand van die wasbalie regoor die kombuis en dan weer saggies verder onder die blomtuindraad deur af wingerd toe" (p.25).

In *Dirkie van Driekuil* is die water en die akkerboom die kern van die verhaal en die dam word pragtig geteken :

> " Dis 'n groot ronde dam en in die middel van die blink water staan 'n hoë akkerboom. In die somer maak die baie groen blare se skaduwee prentjies en patroontjies op die water. In die herfs dryf die droë blare saggies oor die waterrimpels en af en toe val 'n vet akker ghoemps in die bruin water"(p. 7).

Die illustrasie op bladsy 20 beeld dit mooi uit .

Katrine Harries se illustrasie van die dam vir *Dirkie van Driekuil* (p. 20,21). Uitgegee deur Tafelberg- Uitgewers.

Leiwater speel ook 'n belangrike rol in *Dirkie van Driekuil*. Terwyl Koeneels water lei en Dirkie luister na die geluidjies van die leiwater, gesels hulle twee oor groot dinge (p.11). Die water wat opgedam word, veroorsaak dat die akkerboom doodgaan en hierdeur leer Dirkie iets verstaan van lewe en dood en nuwe lewe.

Die reën wat so 'n wesentlike deel is van die landelike Afrikaner se lewe, speel ook 'n belangrike rol in Alba Bouwer se werk. In veral *Nuwe stories van*

Rivierplaas word die donderstorms van die somerreënvalstreke pragtig uitgebeeld (p. 73-77). Alie beleef die weerlig en die gekletter van die reën en hael op haar eie intense manier.

> " Dan druk sy maar 'n hand oor elke oor en lig dit weer op — vasdruk en oplig, vasdruk en oplig, dan maak die hael en die reën so 'sjoepa, sjoepa' in haar ore ... en dit gaan vir Alie of die reën net met haar gesels ... " (p. 75).

In *Stories van Bergplaas* is dit weer die winterreën :

> " Junie en Julie is lekker winter met die reën op die dak en baie plassies om oor te spring as ons skool toe stap en lekker druppels teen jou gesig en elke aand 'n groot vuur in die kombuis ..." (p. 148).

Alba Bouwer slaag hier ook uitmuntend daarin om stemming te skep : die rustigheid van die winterreën in teëstelling met die skrikwekkende somerstorms.

Ook die windpomp, wat in hierdie waterskaars-land so deel is van die landelike lewe, het 'n plek in Alba Bouwer se werk.

> " ' ketjier, ketjier' sê die windpompwiel as hy 'ghoemps, ghoemps' die water stadig en diep onder uit die boorput skep en so 'sjirr, sjirr' in die ou sinkgeut gooi" (*Nuwe stories van Rivierplaas*, p. 45).

4.2.1.3 Plante

In *Stories van Rivierplaas* bring Alba Bouwer die leser onmiddellik met die eerste sin in aanraking met die inheemse plantegroei op 'n Vrystaatse plaas :

> " Alie staan met haar rug teen 'n pendoringboom en kou aan 'n groot stuk blink gom wat sy teen die stam gekry het" (p.9).

Dit is 'n mooi voorbeeld van die soort verwysing na die plantegroei wat deurgaans in Alba Bouwer se werk voorkom. Nooit word daar slegs gepraat

van 'n boom of 'n bos nie, maar baie spesifiek van 'n pendoringboom, 'n slangbossie, 'n waaierbossie en so meer. Daar word nie noukeurige plantkundige beskrywings gegee nie, maar die plantegroei dien soos die ander elemente van die bodem grotendeels om die milieu te teken en atmosfeer te skep. In *Stories van Rivierplaas* is daar 'n baie mooi beskrywing van die populierbos waaruit Alba Bouwer se fyn aanvoeling vir die skoonheid van die natuur blyk :

> " ' In die somer is die populierbos so silwer en so groenerig soos die sy van die ou rok van Ouma-grootjie wat hier in die wakis in die kamer lê en dan sê die windjie sjlirr ... sjlirr daardeur.
>
> In die herfs is die populierbos geel, nie geel-geel soos die son nie, ou-Melitie, ook nie rooigeel soos die vuur nie, maar sommerso, sommerso ... ' 'Populierbos se gel' sê ou Melitie ... 'Ja, populierbosgeel' sê Alie. As jy dan by die damwal staan en luister, sê die blare tik, tik soos hulle afval in die bos' " (p. 57).

In *Dirkie van Driekuil* word daar reg aan die begin van die verhaal ook baie mooi gesê hoe die populierbos is :

> " Anderkant die kelder is 'n populierbos wat in die somer groen is en vol skemer voetpaadjies en sagte fluisterstemme van die wind, en in die winter soos 'n grys wolkie teen die bult swewe" (p.7).

Die populier waarvan hier sprake is, is waarskynlik *Populus Nigra*, die Italiaanse populier of Lombardyepopulier wat 'n uitheemse boom is, maar sedert vroeë dae so algemeen in Suid-Afrika aangeplant is as skerms rondom landerye en tuine dat dit deel van die Afrikaanse bodem geword het (Immelman, 1973 : 206).

'n Ander boom wat ook uitheems is, maar nog meer as die populier deel geword het van die Afrikaanse bodem, is die akkerboom. In *Dirkie van Driekuil* het die akkerboom die hooffunksie in die verloop van die verhaal.

Immelman sê van hierdie boom :

> " Quercus Robur groei baie wydverspreid in Europa en Wes-Asië, van die Britse Eilande tot aan die Oeralgebergte in Rusland. As een van die eerste uitheemse bome wat Suid-Afrika bereik het, is dit vroeër in koel vogtige toestande op klein skaal vir houtproduksie aangeplant ... Veral in die Kaap het baie plekke van geskiedkundige belang hul bekoring te danke aan die statige lanings en groepe eikebome wat hulle verfraai" (Immelman, 1973 : 216).

Die akkerboom word beskryf soos Dirkie hom sien :

> " Net die ou akkerboom in die dam bly ewe groot en ewe sterk, en elke keer word sy lang takke kaal en bruin in die winter en elke keer kom daar weer skelm botseltjies wat baie groen blare word in die somer" (*Dirkie van Driekuil*, p. 18).

Steenberg (1979: 22) sê die volgende van die rol wat die akkerboom in hierdie verhaal speel:

> " Waarvoor Dirkie veral gevoelig is, is die verandering van seisoene. Dit hang saam met sy liefde vir natuurdinge en dan by name die akkerboom in die dam. Juis hierdie eienskappe maak die verhaal moontlik, want dit lei op ongedwonge wyse tot 'n gevoeligheid vir alle veranderings, en die groot vreugde as Koeneels se geloof dat dinge nie finaal sterf nie maar net verander, deur die akkerboom bevestig word."

In *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* is daar ook 'n mooi uitbeelding van die wisselende seisoene en die plantegroei wat dit aandui :

> "'Na die winter? Dan begin die nartjierooi kalkoentjies langs die huis mos blom en oom Kerneels bring vir ons blou rietpypies uit die duine want dis lente, en die wit stinkhoutboom sit vol groen vuisies wat wil oopgaan'" (p. 9).

In *Stories van Bergplaas* is daar die inheemse plantegroei van die Boland:

> " Halfpad teen Vaalkop op sien hy twee van Hans Boesman se troppie roer en wegraak tussen die besemgoed en die tolbos en hy wonder of Hans nou ook daar rondloop en suikerkanne pluk en of hy sy

rantsoen onder 'n waboom sit en eet" (p.49).

4.2.1.4 Diere

Daar is deurgaans verwysings na voëls in Alba Bouwer se werk, hoofsaaklik ook om atmosfeer te skep, behalwe in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* waar die swaels van die hooffigure in die verhaal is. In *Stories van Rivierplaas*, byvoorbeeld, is die kiewiete 'n deurlopende motief. 'n Kiewietnes met eiertjies is vir Alie iets baie besonders, wat nie sommer maklik gekry kan word nie.

Soos die akkerboom funksioneel in die verhaal van *Dirkie van Driekuil* is, so is die swaels die kern van die verhaal in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*. Die hele verhaal is opgebou rondom die swaels, en hulle aard en lewenswyse word in detail uitgebeeld. Die heel eerste sin sê waaroor die verhaal gaan:

> " Twee streepkop-swaeltjies vlieg heen en weer en op en af oor die dakke en bome van die dorp se huise" (p.5).

Die woord "streepkop-swael" kom nie in Roberts se werk voor nie, maar wel "groot streepswael" en "klein streepswael". Streepkopswael is waarskynlik 'n streeksbenaming. Die swaels in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* kan een van die twee soorte wees, maar is waarskynlik groot streepswaels, want volgens Roberts is hierdie voëls se geluid "a pleasant twitter 'chissick'", dit wil sê nie 'n sanggeluid nie. Van die klein streepswael se geluid sê Roberts : " a series 'tee-tee-tee' or 'turr-turr-turr'. Also a pleasant song" (Roberts, 1978: 355-356). Die klein streepswael sing dus wel. Faantjie se ma sê:

> " 'n Swael piep, ja, maar sing, nee dit doen hy nie, hy is te besig met vlieg, mooi vlieg om te sing" (p.23).

Hier is 'n veralgemening wat vir die oplettende kinderleser dalk verwarrend kan wees as hy die rollende note van die klein streepswael se liedjie ken. Die swaeltjies en hulle lewenswyse word pragtig in detail beskryf, byvoorbeeld

die ronde nes met die lang tuit.

> " Nou staan Faantjie weer stil want hy kyk na die boepens-nes van ronde bolletjies klei wat skielik en doodstil daar kom sit het" (p.11).

Daar is ook mooi beskrywings van die swaels self:

> " Op die muur sit die twee groot swaels met hulle streepborsies en die bruin koppies wat heen en weer en heen en weer ruk soos hulle kyk wat aangaan" (p. 25).

> " Die twee groot swaels se blouswart vlerke blink in die laat son ..." (p. 29).

Die klein voëltjies word tasbaar vir die leser:

> " Op die hingsel van die mandjie sit die drie swaeltjies met hulle vellerige lyfies en vaal donsies, mooi op 'n ry ..." (p. 36).

Alba Bouwer het die swaels se trekgewoontes en eetgewoontes ook noukeurig weergegee. Roberts sê dat die groot streepswaels gedurende Mei na Angola en Zaïr trek. Hulle bou hulle neste van modder onder verandas en die oorhang van dakke. Die nes met sy lang buisvormige ingang word uitgevoer met vere en dons (Roberts, 1978: 355).

Afgesien van die swaels is daar ook ander voëls in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*. Hulle word meestal net genoem om die milieu te versterk: pietergroentjie, duifie, janfrederik, kiewiete, mossies en wit reiertjies.

Samevattend kan gesê word dat die volkseie bodem 'n belangrike rol speel in Alba Bouwer se werk, en dan veral sekere elemente van die bodem, naamlik rivier, water, reën, bome en voëls.

4.2.2. *Die stoflike kultuur*

Die stoflike kultuur van die Afrikaner vorm skering en inslag van die

meeste van Alba Bouwer se werke. Dit is veral die herinneringsliteratuur soos die twee bundels oor Rivierplaas en die bundel oor Bergplaas wat sterk steun op die Afrikaner se volkseie soos dit vyf tot ses dekades gelede in die stoflike kultuur ontplooi het.

'n Aantal elemente van die stoflike kultuur, soos dit in Alba Bouwer se werk voorkom, word nou bespreek.

4.2.2.1 Plaasuitleg

Die manier waarop die Vrystaatse plaaswerf en die Bolandse wynplaas uitgelê is, is 'n belangrike funksionele element in Alba Bouwer se verhale, want daarmee skep sy met 'n direkte onmiddellikheid die ruimte waarbinne die verhaal hom afspeel. In *Stories van Rivierplaas* word daar op vernuftige wyse deur middel van beweging vir die leser 'n idee gegee van hoe die plaaswerf lyk :

> " Daar draf die swart koppie en die wit koppie langs mekaar, by die hekkie uit, by die kraal verby, agter die waenhuis om, by die werkhekkie in en tot by die rondawel" (p.37).

Driekuil se werf word direk beskryf in die mooi, eenvoudige verteltrant van die boek. Daar is die plaashuis met sy gewel, die kelder en die populierbos. 'n Voetpaadjie onder die akkerbome deur lei na die voet van die berg waar die huise van die Bruinmense is. Die melkkoeie wei in die vleikampie en die skuins klipwal van die dam is nie ver van die plaashuis af nie (p.7).

Net so word *Stories van Bergplaas* se ruimte heel aan die begin deur 'n beskrywing van die plaasuitleg tot stand gebring. Bramie gaan staan

> " om te kyk hoe die lang skaduwee van Vaalkop oor die dennebos en die sementdam en tot teen die ringmuur om die opstal van die berg-

plaas lê. Die huis en die kelder en die lemoenboord wat net anderkant die groen ysterhek in die muur begin, staan oop en warm in die son, en die bergstroom wat hoog teen die kop uitspring en by die huis verby na die wingerde loop, blink net hier en daar deur die akkerbome" (p.7).

4.2.2.2 Woningbou

In *Dirkie van Driekuil* is daar reg aan die begin 'n verwysing na die tipiese Bolandse plaaswoning.

" Daar is 'n wit huis met 'n gewel en 'n dak van swart dekriet" (p.7).

Die huis op Bergplaas het 'n ruim kombuis met 'n bo- en onderdeur, wat 'n kenmerk is van die praktiese plaashuis, waar die onderdeur plaasdiere uithou en die bodeur vars lug en lig inlaat (*Stories van Bergplaas*,p. 169-171).

Die solder van die plaashuis hou vir Bramie en Grietjie 'n besondere bekoring in (*Stories van Bergplaas*, p.171-179). Die huis het die tipiese gemessel-de soldertrap buite langs die kombuismuur op.

" Bramie buk by die solderdeur in en knip sy oë om reg te kan sien in die skemer daar binne. Dit ruik na stof en spinnerakke en appels en kwepers en goiingsak ..." (p.172).

Daar is patats, vaalpampoene,kwepers en

" rye appeltjies, geelrooi en geplooi soos oumensgesiggies van die lank lê (p. 173).

Vir die kinders is daar ook die heerlike opwinding van trommels vol ou klere, wat tot hulle vindingryke verbeeldingspel aanleiding gee (p. 175-179).

Dat die solder in Alba Bouwer se verhale wel 'n belangrike element van die volkseie woningbou is, blyk daaruit dat die solder deur Caltex (1965:24) ge-noem word as een uitstaande kenmerk van die agtiende-eeuse Kaapse woning. Cook (1973 : 19) beskryf die solder as die ruimte onder die dak

bokant die brandsolder, waar die jaar se voorraad droë kos soos kwepers, appels,granate, uie, sakke koring en so meer gebêre is.

In *Stories van Rivierplaas* is daar die agterstoep (p.9) en die rondawel (p. 36). Die rondawel op Rivierplaas se werf was waarskynlik die tipiese plaasrondawel wat van vroeg af deel van die plaasuitleg was soos afgelei kan word uit wat Walton (1965: 94) sê, naamlik dat die Voortrekkers se eerste wonings in die Vrystaat en Transvaal hulle waens en tente was

> " with a few'rondawels' , hemispherical huts and windscreens or 'skerms', as storerooms and kitchens. "

Dit was waarskynlik die voorlopers van die rondawels soos later op die plase verskyn het. Schoeman (1982 : 16) beskryf hoe die tradisionele Tswanahut gebou is en ontwikkel het tot die kenmerkende Suid-Afrikaanse rondawel.

4.2.2.3 Huisinrigting, Gebruiksvoorwerpe en Lewenswyse

Dit is veral hier waar die volkseie in Alba Bouwer se werk dien om die Afrikaanse lewenswyse van die twintigerjare vir die kind van vandag deur te gee. Daar moet weer eens op gewys word dat hierdie lewenswyse oor die verloop van baie jare ontwikkel het en op plekke vandag nog in sommige van of in al sy vorme bestaan.

Een van die opvallendste verskille tussen Alie van Rivierplaas se lewenswyse en dié van die moderne stadskind, word uitgebeeld in *Stories van Rivierplaas* waar ou-Melitie Alie se voete was in die sinkbadjie voor die stoof (p23-25). Watter geweldige teëstelling is dit nie : die hedendaagse kleurryke badkamer van teëls en glas met flessies geurige rome en wasmiddels, teenoor die sinkbadjie voor die swart stoof, waar ou-Melitie Alie se voete met 'n mieliestronkie skuur en dan insmeer met 'n mengsel van lampolie en

skaapvet. Die moderne huisinrigting met badkamer, spoeltoilet en lopende water uit krane was toe onbekend en water is met emmers van die fontein af aangedra. In die slaapkamer was daar gewoonlik 'n porseleinkom en -beker op die wastafel.

Daar is talle voorbeelde van huisinrigting en lewenswyse in die bundels oor Rivierplaas en Bergplaas, en hier word verder slegs na enkeles verwys.

Een van die mooiste voorbeelde van die belangrike plek wat die kombuis in die lewensopset ingeneem het is die hoofstuk *By ouma op Brakfontein* in *Stories van Rivierplaas* (p. 62-72). Dit is terselfdertyd voorbeeld van die rustigheid en die lewende kommunikasie tussen die mense van weleer, teenoor vandag se gejaagdheid en televisie-isolasie.

> " In die aand as sy en Cillie en Ouma en tant Sannie klaar aan die groot tafel in die eetkamer geëet het,dra tant Sannie Ouma se ou wye stoel met die riempies wat so blokkies-blokkies in die mat is, na die kombuis toe en dan gaan Ouma daar sit, langs die stoof. Dan sit Cillie op die een kombuisbankie, tant Sannie sit op die een kombuisstoel en Alie kruip in die leë hoekie van die stronkekissie in,sommerso teenaan die swart stoof. Dan kyk sy hoe die kersliggie so waai-waai op die kombuistafel en die skaduweetjies so lek-lek aan die vloer en hoedat die rooi vlamme sulke klein liggies maak op Cillie se dik vlegsels" (p.63).

In hierdie enkele paragraaf het Alba Bouwer oor 'n wye spektrum van die lewe van die twintigerjare inligting deurgegee : meubels (die tipiese riempiesmatstoel), ruimte (die groot tafel en wye stoel), beligting (kerslig), verhittings- en energiebron (die swart stoof) en brandstof (mieliestronke). Katrine Harries se illustrasies gee dit baie mooi weer.

Kerslig. Katrine Harries se illustrasie vir *Nuwe stories van Rivierplaas* (p. 74). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Die spens is 'n ander faset van die huisinrigting en lewenswyse wat deurentyd voorkom. In *Nuwe stories van Rivierplaas* is 'n mooi voorbeeld :

> " In die spens by die groot tafel met die blommetjies-oliekleedjie sit Cillie en koffie drink. Agter haar is die hoë spensrak met tant Sannie se flesse pruimkonfyt en geelperskes en kwepers wat so met die bruin pitjies na buitentoe ingelê is" (p.71).

Dat die spens soos dit in Alba Bouwer se werk voorkom 'n belangrike volkseie element is,blyk duidelik uit Cook (1973: 33) se beskrywing van die spens as 'n klein vertrekkie tussen die kombuis en die res van die huis met geelhoutrakke en geelhoutkaste langs die mure. In die ruim Vrystaatse plaashuise was die spens egter dikwels 'n groter vertrek, waarin daar nog 'n tafel met stoele gepas het waarby sommige maaltye geëet is.

Ook die eetkamer met sy meubels word beskryf in *Nuwe stories van Rivierplaas*. Daar is die wakis, die sweeprak, die riempiesmatbank en 'n klein veldstoeltjie. Die tafel het 'n groot klossieskleedjie oor en die naaimasjien, waar-

skynlik 'n trapmasjien, staan ook daar, want die eetkamer is ook woon- en werkkamer (p.73). Baraitser en Oberholzer (1978 : 221-244) gee 'n volledige beskrywing van die wakis waarvan Alba Bouwer hier praat. Dit is soms moeilik om te onderskei tussen die egte wakis en 'n gewone bêre-kis. Die wakis is gewoonlik van geelhout of stinkhout gemaak met handvervaardigde skarniere en 'n oorslag. Daar is baie variasies van grootte, vorm en afwerking. Sekere soorte wakiste is geverf en versier met 'n geskilderde blommotief.

In *Stories van Bergplaas* is daar in die kombuis ook nog die pekelbalie waarin snoekmootjies bewaar is. Cook (1973 : 76) beskryf die pekelbalie waarin soutvleis berei is. Balies is gewoonlik van kiaathout gemaak, versterk met geelkoper- of ysterhoepels. Die pekelbalie was ovaal met ore aan weerskante en 'n deksel wat styf gepas het.

4.2.2.4 Arbeidsvorme

> " 'Op Rivierplaas het man en muis en elke klein mannetjie en klein muisie sy werk,' sê tant Lenie altyd" (*Stories van Rivierplaas*, p.15).

Die arbeid op die plaas is so gereël dat die kinders ook elkeen 'n deeltjie moes bydra. Alba Bouwer beeld dit baie mooi uit as sy skryf oor Alie se werk om eiers uit te haal. Die hele arbeid van eiers uithaal is vir Alie 'n belangrike saak, iets waaroor sy deeglik nadink. Sy beplan haar werk, sy ken die hoenders haarfyn en sy ervaar alles baie intens.

> " Daar is die nes tussen die wortels van die rankroos by die tuinhoek, waar een van die kapokhoendertjies altyd lê; daar is die uitskropnes van die ou swart hen in die bloublommetjies-heining voor die voordeur; daar is die nes onder die groot grospol langs die sinkdam waar een van die koekoeke lê, en daar is die baie weglêneste van die rooibont hoendertjies tussen die eerste klompie pendorings by die rivier " (p. 17).

Hier is bodem en arbeid ineengevleg. Die arbeid van eiers uithaal en koeie melk is funksioneel vir die verloop van die verhaal *Eiers Uithaal*.

Nog 'n belangrike arbeidsvorm op die Vrystaatse plaas is koeie melk en dit word ook in fyn besonderhede weergegee. Die atmosfeer by die kraal en die hele werksaamheid word in lewendige styl en taal tot in die fynste besonderhede verbeeld sodat die leser hom daarin kan inleef.

> " Dis te mooi as outa Hoppies so maklik op sy hurke sit onder 'n koei en hy melk sulke lang trekke dat die melk so sjor-sjor in die emmer opskuim, en tussenin sê hy kort-kort 'soeka', as die koei met haar stert waai en hom so deur die gesig vee" (p.20).

Die hele bedryf van skape skeer word ook meesterlik weergegee (*Stories van Rivierplaas*, p. 89-99). Weer eens is dit die fyn aanvoeling van en herinnering aan 'n bepaalde atmosfeer, 'n stemming geskep deur geluide, handelinge, reuke en gedagtes wat vir die kinderleser 'n werklikheid word waarin hy geheel en al kan opgaan.

> " Die skêre sing almal saam: 'Ghwier, ghwier, ghwier', en Alie en Lulu staan eers 'n rukkie stil in die waenhuisdeur en kyk na die wol wat so voor elke skeerder oor die skaap afrol en na die kapkar wat agter diep in die waenshuis ingestoot is en na die groot diep wolbale wat elkeen aan vier rieme van die breë balke van die waenhuis afhang" (p. 91).

Die uitvang van die skape, die uitdeel van die lootjies, die lekker speel in die wolbaal, dit alles maak die skeertyd vir die plaaskind iets heel besonders.

Daar is nog baie ander arbeidsvorme wat in detail beskryf word in Alba Bouwer se werke, en hier word verder slegs enkeles bespreek en na sommige ander kortliks verwys.

In *Dirkie van Driekuil* is dit water lei. Trouens, die hele verhaal gaan oor water:

> " Die water kom uit die akkerboom se dam en loop so gorrel en lag, gorrel en lag in die grippies tussen die beddings in"(p.11).

In *Nuwe stories van Rivierplaas* (p. 5-13) is dit beesslag en varkslag. Interessant is hier die gebruik om karmenaadjies (kar'naadjies) uit te deel. Dit is porsies rou vleis wat aan bure en familie uitgedeel word wanneer daar bees geslag word. Die vroeë tyd van oorvloed kontrasteer hier vir die kinderleser sterk met die hedendaagse duur vleis wat in voorafverpakte porsies in die supermark gekoop word.

'n Lastige werkie vir Alie is om te help voorslagriempies sny uit 'n gebreide velletjie (p.15). 'n Heerlikheid is mielies dors as die trapmasjien kom (p. 31-34). Die outydse trapmasjien word pragtig geteken met klanknabootsing en lewendige taalgebruik wat die haastige bedrywigheid rondom die trapmasjien goed raakvat.

'n Ander werk wat Alie doen, is roomafskeier draai.

> " Styf, styf, styf gaan die eerste paar draaie en die roomafskeier brom sulke diep bromme soos oom Krisjan as hy in die plaasbiduur die gesange insit en hy soek-soek eers die noot, en dan word die brom al hoe fyner " (p. 83).

Katrine Harries se tekening van Alie by die roomafskeier vul die teks goed aan.

Alie draai die roomafskeier. Illustrasie deur Katrine Harries vir *Nuwe stories van Rivierplaas* (p.84). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

In *Stories van Bergplaas* word heel aan die begin gesê watter werk die kinders doen:

> " ... Grietjie moet sokkies stop en rantsoenbrood uitpak en eiers klits en allerhande werke doen wat nooit op lekker tye kom nie. Koffie wegbring wingerd toe en droë boontjies gaan haal op die solder en fynhout maak, dit alles kom altyd op 'n beter tyd" (p.8).

Brood bak was ook 'n belangrike werk in die plaaskombuis.

" As outa Warie die werfklok lui vir die agtuur, vee ai Nonkie net mooi die kole in die bakoond langs die vuurherd met die groen-bossiebesem uit. Dan lig sy die lang houtskop met die drie op-gemaakte brode daarop van die tafel af op, steek dit vinnig by die bek van die rooiwarm oond in en laat die brode met een skuif mooi op 'n ry op die oondvloer afgly" (p. 45).

Cook (1973 : 106) gee 'n mooi beskrywing hiervan wat ooreenstem met Alba Bouwer se vertelling. 'n Vuur van renosterbos en steekbos is omtrent 'n uur lank in die oond aan die gang gehou. Daarna is die kole uitgekrap en die oondvloer skoongevee met 'n besem van groen bakoondbos (Conyza Ivaefolia) wat nie maklik brand nie. Die oondskop of broodskop was 'n dik plat houtspaan met 'n steel van 1,5 tot 2 meter lank.

Twee arbeidsvorme wat 'n noue verband het met huisinrigting is die knip van rakpapier in allerlei mooi patroontjies vir die kombuisrakke, en die smeer van die agterstoepie se misvloer (*Stories van Bergplaas*, p.58 -59).

Ten slotte is daar die hele bedryf van druiwe pars en wyn maak wat 'n groot deel van die verhaalgegewe in *Stories van Bergplaas* uitmaak (p. 105-144). 'n Weelde van wynmaakterme en -aktiwiteite word hier vir die leser deurgegee. Die skoonmaak van die wynvate, die maak van swawelpitte, druiwe trap in die trapbalie, brandewyn stook in die stookketel en moskonfyt kook — dit alles word in fyn detail beskryf soos dit deur Bramie en Grietjie belewe word. Dit word 'n afgeronde stuk lewe, waarin die kinderleser weer eens geheel en al kan opgaan.

4.2.2.5 Vervoermiddels en kommunikasie

Die vroeë vervoermiddels word nie in soveel detail en in so 'n ryke verskeidenheid weergegee soos die huisinrigting en arbeidsvorme nie, maar is tog 'n onontbeerlike toevoeging om die geheelbeeld te voltooi. Die be-

langrikste hier is die rytuie waarmee die kinders skool toe gery het. Alie ry soms saam met haar niggie, Cillie, met die donkiekarretjie skool toe. Dit is vir Alie iets heel besonders, want soms mag sy die leisels hou en deur die hekkie ry.

> " 'Kom Esau' sê Cillie, en die karretjie skommel heen en weer, heen en weer soos die vaal donkietjie deur die hek en oor die hoogtetjie draf huistoe" (*Nuwe Stories van Rivierplaas*, p. 69).

Die karretjie wat hier ter sprake is, is waarskynlik 'n oop houtkarretjie met twee disselbome waartussen 'n enkele trekdier loop. Bramie en Grietjie ry skool toe met dieselfde soort karretjie, getrek deur 'n perd. Die een-perdkarretjie het twee bankies gehad, een voor en een agter.

> " Sjlip-sjlap, sjlip-sjlap skiet die karwiele die los sand op, en ug-ug-ug-ug maak die ou swart perd van pure los-poot draf tussen die dennebome en onder die keurtjietakke deur" (*Stories van Bergplaas*, p. 30).

Hekke oopmaak was deel van die rit met die donkiekarretjie en in *Nuwe stories van Rivierplaas* is daar 'n raak beskrywing van die konsertinahek met sy dwarsarm van doringhout (p.67-69). In die Rivierplaasbundels is daar verder ook die kapkar, wat deur twee perde getrek word, en die blikslaer se tentwaentjie met sy spannetjie osse. Die ryperd is ook gereeld op die plaas gebruik om byvoorbeeld na die lande toe te ry.

'n Kommunikasiemiddel wat die kinderleser in die hedendaagse tyd van burger-bandradio's sal interesseer, is die spieëltjie waarmee sonlig vanaf die plaashuis weerkaats is om 'n boodskap oor te dra na die mense wat op die lande of in die veld was.

> " Op die bultjie waar hulle oom Jan en outa Hoppies en outa Aron en Jantjies op die land kan sien, gaan hulle staan, en Alie korrel en korrel mooi tot die spieëltjie 'n handvol son vang,

> en dan kom daar 'n ronde silwerkol wat ry, ry, ry teen die bult af, oor die strooise, tussen die paar wit mieliestokke deur tot teenaan outa Aron se rug. Oom Jan kyk op na die bult toe en Alie laat wip-wip die ronde geel sonkol so tussen hom en Jantjies heen en weer"(p. 29).

4.2.2.6 Handel en Geld

In *Stories van Rivierplaas* is daar die tipiese Joodse negosiewinkel waar feitlik alle huishoudelike benodighede, gereedskap en materiaal vir klere gekoop is.

> " 'n Entjie laer af in die straat is ou Yudelman se winkel, waar tant Lenie altyd koop, en tussen die mieliesakke en velle op sy winkelstoepie staan ou Yudelman self met sy pers potlood agter sy oor en sy onderbaadjie wat so wip oor sy maag"(p.106)

In *Nuwe stories van Rivierplaas* speel Alie en Lulu winkel-winkel en hulle verbeeldingspel beeld die negosiewinkel baie mooi uit. Hopies popklere en stukkies lap word die sis en kopdoeke wat die Swart vroue koop. Skroefplaatjies, albasters en krale word die geld wat destyds gebruik is : pennies, sjielings en sikspense (p. 89).

4.2.2.7 Kookkuns

Die tradisionele Afrikaanse kookkuns en die bewerking en bewaring van voedsel is nog 'n deel van die volkseie wat in die meeste van Alba Bouwer se werke die lewenstyl van die vroeë dae weergee. (Brood bak en bees slag hoort ook hier tuis, maar dit is reeds onder *arbeidsvorme* behandel en word dus nie weer hier behandel nie.)

Alba Bouwer gebruik hier weer die tegniek van die opnoem van die dinge of die belewing daarvan in Alie se gedagtewêreld, om sodoende nie net die volkseie-eetkultuur deur te gee nie, maar ook vir volgehoue atmosfeer-

skepping. Die sintuiglike belewing speel hier 'n groot rol.

In *Dirkie van Driekuil* word kossoorte soos oondpatats en tuisgebakte brood genoem (p.9). In *Nuwe stories van Rivierplaas* is daar 'n heerlike opnoem en beskrywing van tradisionele kosse en eetgewoontes. Dit begin met die groot pot boontjiesop met 'n varksooltjie in en patat-in-sy-rokkie wat tant Lenie op die dag van die beesslag kook. Biltong, pekelvleis en wors hoort ook by die slagdag (p. 9). Alie verlustig haar in die lekkerte van al die kossoorte:

> " Een aand by die voete-was het Alie gevra: 'Ou-Melitie, wat is die lekkerste van al die lekker: kerrie-afval met klein aartappeltjies en baie dolosse, of brood en varkvet met sout en peper, of warm brood en kaiings of harde groenmielies, of tant Sannie van Brakfontein se souskluitjies met suiker oor of warm vetkoek met goue stroop?' " (p.17).

Hier word 'n hele nuwe wêreld opgetower vir die hedendaagse stadskind wat moontlik nie meer hierdie kossoorte ken nie en gewoond is aan lekkernye uit plastiekpakkies in die supermark. Die dag as die trapmasjien kom, bak ou-Melitie pampoenkoek

> " en die hele dag ruik die kombuis na kaneel en warm vet ..."(p. 33).

Die flesse ingelegde vrugte en konfyt is ook 'n belangrike deel van die voedselbewerking en -bewaring (p. 71).

In *Stories van Bergplaas* is daar weer ander kossoorte, wat eie is aan die Bolandse eetgewoontes.

> " En as dit vakansie is, en dis nog Vrydag ook, dan is dit soos vet en brood met 'n snoekmootjie en nog 'n skeppie moskonfyt ook by" (p.45).

> " Bramie kom uit die spens uit met 'n sny growwe brood en vet en korrelkonfyt" (p.47).

Daar is 'n mooi beskrywing van die melkterte wat tant Letta bak:

> " Teen etenstyd staan daar 'n ry melkterte op die spensrak, geelbruin en glad uitgerys met net hier en daar 'n kraakslootjie" (p. 73-74).

Ouma se resepteboek met die resep vir "Koekiis Rode Bolus" en boererate is 'n tipiese voorbeeld van die outydse resepteboeke waarom die huisvrou se kosmaakbedrywighede gewentel het (p. 75).

> " Lekker boontjiebredie en rys en stoofpatat met 'n stukkie nartjieskil in"

is Bramie en Grietjie se middagete (p.135).

Dat die geregte wat Alba Bouwer hier noem voorbeelde is van die eg-Afrikaanse kookkuns, blyk uit die werk van Coetzee (1977: 34, 49, 56, 58, 84, 106, 113). Coetzee gee die resepte vir onder andere boontjiesop, souskluitjies, vetkoek, pampoenkoek, melktert, stoofpatats en boontjiebredie.

Daar moet ook gewys word op die tradisionele eetgewoontes van die Sotho's wat die van die Witmense deurvleg. Alie eet in die vakansie saam met ou-Melitie :

> " Met haar lepel skep Alie 'n mooi klontjie pap uit die pot, rol dit tussen haar handjies in 'n bolletjie,steek dit vinnig in die bakkie vleissous wat langs die pappot staan en lig haar kop op voordat sy die bolletjie in haar kies steek, net soos ou-Melitie maak" (*Stories van Rivierplaas*, p. 56).

4.2.2.8 Geneeskunde

Die volksgeneeskunde as element van die stoflike kultuur kry ook baie duidelik gestalte in Alba Bouwer se werk. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die

medisynetrommel in *Nuwe stories van Rivierplaas*. Elke huishouding het so 'n medisynetrommeltjie besit en omdat daar min dokters was, die afstande na die plase groot en vervoermiddels stadig, is menige lewe uit hierdie trommeltjies gered.

> " ... dit voel vir Alie altyd of sy 'n klein donker buitekamertjie vol toorgoed se deur oopstoot as sy die deksel optel ... Dwars bo-op die smal botteltjies rooilaventel en harmansdrup en jamaika-gemmer en levensessens, wat met gevlekte proppe styf teen mekaar staan, lê die botteltjie kloutjiesolie wat tant Lenie ook hou vir toe bors" (p.99).

Kasterolie was noodsaaklik vir die algemene gesondheid van die gesin en 'n mooi beskrywing van die hele ritueel van kasterolie drink word gegee (p. 133-134). In *Stories van Bergplaas* kry Bramie 'n boegoebrandewynlap op sy maag wanneer hy naar is (p.22).

4.2.3. *Die Geestelike Kultuur*

Net soos die stoflike kultuur, het ook die geestelike kultuur van die Afrikaner soos dit veral in die twintigerjare ontplooi het, 'n belangrike plek in Alba Bouwer se werk. Dit gaan hier hoofsaaklik om godsdiens en volksgeloof, en verder is taalgebruik en kinderspel ook van belang.

4.2.3.1 Godsdiens

In *Stories van Rivierplaas* loop die streng Calvinistiese lewensopvatting en godsdienssin soos 'n goue draad deur Alie se gedagtes en handelinge. Die Bybel, die bidure en die huisgodsdiens is so 'n vanselfsprekende deel van haar lewe dat dit selfs in haar verbeeldingspel voorkom. Sy onthou frases uit die gebede by die plaasbiduur en die besoek van die dominee maak 'n groot indruk op haar. In haar verbeeldingspel gebruik sy die Hollandse woorde van die doopsformulier :

" Nou sal ek sê: 'Aangezien de zynde van zonde en geboren-
ontvangen hiermede betuigen te dopen en dezulken'" (p.25).

Die huisgodsdiens, wat sentraal gestaan het in die Afrikaner se geestelike lewe, en wat vandag veelal deur die televisie verdring word, word baie mooi weergegee. Alie se Ouma bid vir

" almal wat ons lief en dierbaar is"

en van die

" Balsem Gileads op onse wonde".

Die sang word pragtig beskryf, veral die tipiese manier van ekstra draaie in die melodie invoeg:

" en dan luister sy mooi hoe Ouma op die end so 'n knopie
maak in die laaste reël : 'Sulk een ontfermer wa-a-rt gy my'"
(p. 72).

Die Hollandse Bybel met die Hollandse Psalm- en Gesangboek was 'n diepgewortelde deel van die Afrikaner se geestelike kultuur van die vroegste jare van Afrikanerwording af. Die tafelgebed word nie nagelaat nie, selfs wanneer daar op slagdag in die waenhuis geëet word en Alie en Hennie elkeen op 'n wolsak sit.

" ' Segen Vader 't geen wy eten, laat wy nimmer u vergete, aam'
sê oom Jan" (*Nuwe stories van Rivierplaas*, p.11).

4.2.3.2 Volksgeloof

Dit is merkwaardig hoe die volksgeloof, hoofsaaklik soos dit van die Sotho's oorgedra is, die Calvinistiese godsdiens van die Blanke plaaskinders deurvleg het, en hoe daar ook by die volwasse Blankes soveel volksgeloof was, soos byvoorbeeld die byna rituele handelinge wanneer daar 'n donderstorm opsteek. Alie en Lulu praat oor die weerligvoël :

" ' Hy het 'n bek soos 'n slang se tongetjie, hy skiet dit so heen en
weer, heen en weer, sê ou Melitie, en tussen-in slyp hy dit skerp

teen die lug, en dis die kere wat hy die blink wikkelstrepe teen die lug maak. Oe, as hy jou darem raak pik!'" (p.86).

In *Nuwe stories van Rivierplaas* is daar 'n uitbeelding van die ontsag wat die vorige geslag landelike Afrikaners vir die weer gehad het. Al die werk moet haastig klaar gemaak word, want daar kom 'n groot weer aan. Die vensters word van buite toegemaak met planke en die naaimasjien en die spieël word met die strykkombersie en 'n laken toegegooi. In die donker eetkamer word 'n kers opgesteek en almal gaan eerbiedig stil sit terwyl die weerlig en die donderweer oor die plaas trek. Alie se Ouma sê baie mooi hoekom al hierdie dinge gedoen word:

" ' Ouma, sê Alie, hoekom maak Ouma alles so donker vir die weer en hoekom gooi Ouma dan al die blink goed toe? Kan die weerligvoël in die donker kamer die blink goed sien en sy bek insteek en raak pik?

' Nee my hartjie' sê Ouma, ' Ouma glo nie die heidense gelofies nie, maar 'n mens moet ontsag hê vir die liewe Heer en Sy elemente. Uit eerbied moet ons dit donker maak. Toe, maak nou gou, die eerste druppels val al, ons moet mooi stil sit tot die weer oor is'" (p.73).

Hier moet ook verwys word na die Tokkelôsie as deel van die Sotho's se volksgeloof. Verwysings hierna kom verskeie kere in die Rivierplaasbundels voor.

In *Stories van Bergplaas* is dit die Bruinmense se volksgeloof wat ook in die gemoed van die wit kinders lewe. Antjie Somers is hier die hooffiguur. A.J. Coetzee (1960 : 55) gee inligting oor hierdie kinderpaaiboelie en meld dat kennis van Antjie Somers beperk is tot die Boland en dele van die Karoo, van Ceres af tot naby Port Elizabeth. Antjie Somers het egter landswyd bekendgeraak in opgetekende vorm veral deur 'n skrywer soos Pieter W. Grobbelaar.

Outa Warie vertel vir Bramie en Grietjie van Antjie Somers:

> " Antjie Somers? Hy't 'n lang wit rok aan en 'n groot wit kappie op, maar sy voete is so groot soos 'n uitgeskopte groot klong s'n en sy arms is so dik soos wadisselbome. Maar die naarste is sy oog, want hy't net een oog, het my tata gesê, een groot ronde oog wat die velle van jou lyf af kyk, ja'" (p. 51).

4.2.3.3 Taalgebruik

Die eg-Afrikaanse idioom, dikwels deurspek met Bybelse uitdrukkings, lewe deur al Alba Bouwer se werke. Baie van hierdie volkseie segswyses het reeds in 'n groot mate uitgesterf en het geen plek in die hedendaagse kinderleser se moderne Afrikaans nie. Daarom is dit ook belangrik dat Alba Bouwer hierdie aspek van die volkseie deurgee en in die taalgebruik van haar karakters laat lewe. In *Stories van Rivierplaas* sê tant Lenie byvoorbeeld :

> " wat konsistorie sy weer so met ou-Melitie?" (p. 44).

In haar verbeeldingspel gebruik Alie Bybelse uitdrukkings :

> " vergun my om te oornag in jou poorte en te rus aan jou stille waters ..." (p. 51).

'n Baie belangrike aspek van die taalgebruik en een wat vandag omstrede is, is die wyse waarop die Blankes die Swartmense aangespreek het en omgekeerd. Dit gaan hier dieper as net die aanspreekvorm; dit gaan inderwaarheid oor 'n mooi verhouding van wedersydse respek en vertroue. Dit gaan hier om woorde soos outa, aia, meidjie, kaffertjie, baas en nôi. Daar is talle voorbeelde hiervan, veral in die Rivierplaas- en Bergplaasbundels.

In *Nuwe stories van Rivierplaas* sê tant Lenie :

> " Jy kom of jy geroepe is, my ou meid" (p.3).

en " Nou ja, nag my ou meid" (p.4).

Die toegeneentheid van die Blanke vrou teenoor haar Sotho-werknemer kan hier aangevoel word.

" Môre outa Hoppies" (p. 82)

is Alie se beleefde groet aan 'n Swartman wat in haar oë 'n grootmens is wat gerespekteer moet word.

'n Verdere mooi voorbeeld van hierdie toegeneentheid is tant Lenie se woorde toe Daffiétjie die lampolie gedrink het :

" Sies tog, ounooi se kaffertjie, kyk hoe tap die sweet van hom af" (p.35).

In *Stories van Bergplaas* word die Kleurlinge, outa Jafta, outa Warie en ai Nonkie met dieselfde eerbied deur Bramie en Grietjie behandel (p.9).

In haar voorwoord tot die tiende druk (1983) van *Stories van Bergplaas* verantwoord Alba Bouwer haar gebruik van hierdie aanspreekvorme soos volg:

" Die vandag omstrede aanspreekvorms soos 'baas' en 'noi', 'outa en 'aia' word in hierdie tiende druk van *Stories van Bergplaas* as histories en outentiek behou. Vir 'n groep van vandag se Suid-Afrikaanse gemeenskap staan sulke woorde egter in die teken van 'n posisie van onderhorigheid en onderdanigheid waaraan hulle hul in 'n groot mate ontworstel het. Dat daardie fase van verhouding al hoe meer agter ons lê, is goed ... Tog was daar binne 'n raamwerk wat vandag as onhoudbaar besef word, van mens tot mens meermale 'n toegeneentheid en wedersydse respek wat in enige opset waardevol moet wees.

Juis dáárom het dit vir my gegaan toe ek twintig jaar gelede hierdie plaasstories geskryf het oor 'n kindertyd wat toe ook al dertig jaar in die verlede gelê het" (Bouwer, 1983 : 1).

Dit is opvallend dat Alba Bouwer in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*, wat 'n eietydse verhaal is, nie hierdie woorde gebruik nie, maar dat Faantjie die

tuinier, wat waarskynlik 'n Kleurling is, as Nelie-Oupa aanspreek en hy vir Faantjie Boeta noem (p.39-40).

Ander voorbeelde van die taalgebruik van 'n verbygegane era is uitdrukkings soos

> " ' My op dees aardske dal, wie kom hier aan?' ...
> ' Vader vol van mededogen', sê tant Lenie"
> (*Nuwe Stories van Rivierplaas*, p. 55).

Die woord "kentag" word in *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* gebruik sodat die betekenis van bang om verder te speel uit vrees dat jy sal verloor, duidelik oorgedra word (p.34).

Ten slotte moet daar gewys word op die fris en oorspronklike taalgebruik van die Bolandse Bruinmense wat so nou vervleg is met die Afrikaner se geestelike kultuur. In *Stories van Bergplaas* is daar talle voorbeelde :

> " Ai Nonkie se ogies trek nog nouer en sy lig die ou haan in die lug op. 'Heidenvolk en duister dae,' sê sy ... 'So 'n ou rampspoed! Ek sil jou tog nie beween nie, jou ou satanskieken'" (p. 63).

> " Pensgoed, ons sil moet roer as ons nie vannag hier innie kelder wil katel nie! Lyk my jy staan kuier op die doppe!" (p.118).

Veral die spontane rymelary is mooi :

> " Ai-i-i, janlap en jakopewer en die harslag en die lewer,
> Blommetjie my ding, jy laat my snare sing!" (p.78).

4.2.3.4 Naamgewing

Raak en humoristiese naamgewing as kenmerk van die vroeëre Afrikaanse taalgebruik word ook weergegee: Willem Houtmens, Jafta Paal, Oom Giel Bewersfontein (*Stories van Bergplaas*, p.10-15). Daar is ook talle plant- en diername in Alba Bouwer se werk.

4.2.3.5 Kinderspel

In kinderlektuur is die uitbeelding van kinderspel altyd belangrik omdat kinderspel by uitstek die medium is waarin die kind homself uitdruk en waardeur hy die wêreld rondom hom sinvol verwerk. Sy indrukke van die wêreld om hom kaats hy in sy spel terug soos Alie die sonlig met haar seinspieëltjie opvang en terugkaats. Daarom is die kinderspel van 'n bepaalde tydvak ook 'n goeie weerkaatsing van die stoflike en geestelike kultuur van daardie tyd.

In *Stories van Rivierplaas* maak die leser dadelik in die eerste paragraaf kennis met die kinderspel van die plaaskind van 'n paar dekades gelede. Alie en Lulu maak planne om klip-klip te speel of gom te soek aan die doringbome (p.9). Verbeeldingspel was 'n belangrike deel van Alie se lewe en dit spruit grotendeels voort uit die rustige landelike lewe in teëstelling met die oorgeorganiseerde gekommersialiseerde bestaan wat baie kinders vandag voer. Ou-Melitie het hierdie verbeeldingspel baie goed verstaan :

> " Ou-Melitie, sy raas nooit as jy daardie soort stories jok nie, sy weet tog dit is mos maar sommer stories en nie jok nie " (p.27).

In die twintigerjare was daar nie die oorvloed van kleurryke, klinkende en bewegende fabrieksvervaardigde speelgoed wat die kind vandag ken nie en Alie en Lulu se winkelspeletjie met olieboomblare, skroefplaatjies en 'n paar los rieme, moet vir menige hedendaagse kinderleser 'n skerp kontras vorm met sy eie wêreld (*Nuwe stories van Rivierplaas*, p. 89-92).

Ander speletjies en kinderbedrywighede wat in detail beskryf word in *Nuwe stories van Rivierplaas* is die klip-klipspeletjie (p.26-27) en kalwers ry en kleilatgooi (p. 126-127).

Die uittelrympie is 'n belangrike deel van die kinderspel. In *Nuwe stories van Rivierplaas* gebruik Lulu die ou bekende rympie :

" Eina, deina, dana das,
Kotlaweina wana was,
Ieks pieks muscadel
Kop en pootjies hoendervel" (p.90).

In *Stories van Bergplaas* tel Alie uit met hierdie mooi rympie :

" In die wingerd staan 'n perd,
aan die perd hang 'n stert,
aan die stert sit 'n vlooi
en die vlooi se bloed is rooi.
Oumeid, jongmeid, jy's in, jy's uit " (p. 14).

4.2.3.6 Plaasskool

In die hoofstuk *Die grys skooltjie* in *Stories van Rivierplaas* word die plaasskool waar Alie en Lulu skoolgaan, baie mooi uitgebeeld. Alie en Lulu stap skool toe en kruip deur 'n doringdraad voordat hulle van die bultjie af

" die grys skooltjie onder in die duik sien lê"(p.78).

Die hele skoolsituasie met sy lei en griffel en waterbotteltjie is vir die hedendaagse kind vreemd.

" (Alie) het nog nooit 'n griffel gesien met so 'n mooi papiertjie om die agterste punt nie, en Lulu het die griffel se punt geslyp dat dit so dun is soos die potloodpunte waarmee hulle skoonskrif skryf in die boeke met die swart lyne" (p.76).

Lulu bring vir Alie 'n waterbotteltjie skool toe.

" 'n Leë sentbotteltjie van Mary vir jou lei se water,' sê Lulu en sy hou 'n fraai klein rondemaagbotteltjie vol water in haar hand" (p.76).

Daar is op bladsy 82 'n mooi illustrasie van Alie wat met haar lei en griffel in haar skoolbank sit.

Alie in die plaasskool. Illustrasie deur Katrine Harries vir *Stories van Rivierplaas* (p. 82). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

4.2.4 *Volksaard*

Die godsdienstige volksaard van die Afrikaner kom sterk tot uiting in Alba Bouwer se werk. Die Afrikaner se betreklike konserwatisme, sy landelikheid en gesinsgebondenheid is nog drie volkseie-kenmerke wat in Alba Bouwer se werk voorkom, veral in haar herinneringsliteratuur. Soos in Freda Linde se werk kom die bodem-gebondenheid wat sorg vir skerp sintuie en 'n fyn waarnemingsvermoë duidelik na vore. Die Afrikaner se individualiteit, selfvoorsienendheid en tradisievastheid word ook goed uitgebeeld. Ook die Afrikaanse taal wat so kenmerkend van die eieaard van die Afrikaner is word op besondere wyse deur Alba Bouwer in die dialoog en gedagtewêreld van haar karakters vergestalt.

4.3 HESTER HEESE

By 'n vlugtige eerste kennismaking met Hester Heese se werk is die Afrikaanse volkseie dadelik waarneembaar, sowel in haar kinderverse en kinderverhale as in haar jeugverhale. By 'n verdere deeglike studie van haar werk staan 'n mens verstom voor die ryk skat van volkseie-dinge wat sommige van haar boeke kenmerk. Een boek veral val 'n mens dadelik op as 'n vergestalting van 'n volledige leefwêreld van vyf tot ses dekades gelede. Dit is naamlik *Polka-Masurka* wat 'n stuk herinneringsliteratuur is waarin die Afrikaanse bodem, die Afrikaner se stoflike en geestelike kultuur en die Afrikaanse volksaard mooi deurgegee word.

Die volkseie-motiewe in *Polka-Masurka* kom by herhaling voor in 'n hele aantal van haar ander werke, veral in haar kinderverse. Die ouma-figuur en in 'n mindere mate ook die oupa-figuur, is sentraal in baie van haar werk, soos byvoorbeeld in *Aljander*, *Aljander so deur die bos*, *Die huis op pale*, *Die wildsbok van Ver-eiland*, *Hierdie lente* en *Frans se vyf dae in September*.

Dit is opmerklik hoe die stoflike en geestelike kultuur dikwels sentreer rondom die ouma-figuur. In *Sêra Madêra* is 'n pragtige voorbeeld van die ouma as middelpunt van die stoflike en geestelike kultuur :

> " My ouma het 'n skommelstoel,
> my ouma het 'n blink kombuis,
> my ouma het 'n storiemond,
> dis warmbroodlekker in haar ouma-huis" (p6).

Hierdie "warmbroodlekker" straal uit al Hester Heese se werke waarin die volkseie 'n groot rol speel.

Behalwe die jeugverhaal, *Polka-Masurka*, is vyf ander werke van Hester Heese gekies waarin die rol van die volkseie nagegaan word, naamlik die twee bundels kinderverse *Sêra Madêra* en *Kompatjierie is my liedjie* en die

kinderverhale *Aljander, Aljander so deur die bos* en *Die wildsbok van Ver-eiland.*

Aljander, Aljander so deur die bos is in 1966 eervol vermeld vir die C.P. Hoogenhouttoekenning. Dit is saam met die *Die huis op pale* en *Die wilds-bok van Ver-eiland* opgeneem in 'n huldigingsbundel met die titel *Die rooi tapyt is jou pad.* Op die titelblad van hierdie bundel staan die volgende:

> " Drie van Hester Heese se heel mooiste verhale, uitgesoek deur dr. Lydia Pienaar om die skryfster met haar sewentigste verjaarsdag te huldig".

Dit is opmerklik dat al drie hierdie verhale 'n ouma as een van die hooffigure het: Lien se ouma wat op die plaas Soebatsfontein woon in *Aljander, Aljander so deur die bos*, en Pieter se ouma wat op Ver-eiland in die huis op pale woon. *Die wildsbok van Ver-eiland* is in 1974 eervol vermeld vir die C.P. Hoogen-houttoekenning. In 1979 ontvang Hester Heese die C.P. Hoogenhouttoekenning vir *Sêra Madêra.*

Hierdie werke van Hester Heese word vervolgens behandel volgens die volgende terreine van die volkseie : die bodem, die stoflike kultuur, die geestelike kultuur en die volksaard.

4.3.1 *Die Bodem*

Hester Heese se liefde vir en bewustheid van die bodem blyk veral uit die talle voëlsoorte wat in haar werke lewe. Daar is egter nie net voëls nie, maar ook talle diere soos die olifant, die renoster, die kameelperd en die ystervark. Ook die plantegroei word mooi geteken en dien hoofsaaklik om die milieu te skep.

In Hester Heese se werk is daar ook 'n interessante element van die bodem

wat nie by Freda Linde en Alba Bouwer opvallend is nie, naamlik die see met sy ryk verskeidenheid van lewe.

Enkele elemente van die bodem word nou behandel soos dit gestalte kry in Hester Heese se werk.

4.3.1.1 Water

Soos by die behandeling van Alba Bouwer se werk, word hier ook dinge ingesluit soos die rivier, die reën en die windpomp.

In *Polka-Masurka* woon Maria in 'n dorpshuis, maar die groot erf loop af tot op die rivierwal. Dus speel die rivier ook hier 'n rol, al is dit grotendeels net om die milieu vir die verhaal te teken. Wanneer Maria in haar hangmat in die peperboom sit, sien sy

> " die kronkeling van die rivier met die rooi van wilde daggablomme en jantwak langs sy walle" (p.3).

Later gaan Maria, Braam en Irmgard met die sinkbad op die kuil in die rivier ry en hulle beland in die koue water tussen die papkuil. Hier is die rivier wel funksioneel vir die verloop van die verhaal (p. 42-44).

In *Aljander, Aljander so deur die bos* is die verhaalruimte die plaas Soebatsfontein, wat ook aan die rivier aangelê is.

> " Dan gesels die stroom onder die wilgertakke ..." (p. 9).

Soos in Freda Linde se werk is hier ook 'n sintuiglike belewenis van die rivier.

> " Lien sit langs die stroom en laat die water oor haar vingers spoel. Die water is bruin en koel en sag. En die klippies in die water is ook bruin, en rond " (p.12).

Lien hoor ook die rivier:

" Lien luister na die diep stem van die rivier " (p.13).

Hier word die leser bewus van Hester Heese se diep verbondenheid met die bodem, wat sy met enkele suiwer woorde weergee. Ook die reën het 'n plek in *Aljander, Aljander so deur die bos* :

" Buite begin die wind meteens te waai. Sjoei, sjoei, sjoei.
En toe begin dit reën; dit val teen die mure en baklei teen die ruite aan" (p. 24).

Na die reën klink dit so :

" Die rivier brom en die hele wêreld praat met 'n waterstem.
... Die waterval polka " (p. 28).

Die waterstroom met sy wilgerboom word in eenvoud verwoord in *Sêra Madêra* in die gedig met die titel *Mooi* (p. 14):

" Daar's baie dinge wat mooi is :
soos sterre wat hang in 'n boom,
of die maan wat dryf in die water,
of 'n wilg wat voel aan 'n stroom".

In hierdie kindervers kom die windpomp ook voor :

" Of 'n windpomp wat sing in die dal" (p.14).

Die windpomp kom ook voor in die gedig *Op oupa se plaas* :

" Uil roep op die skoorsteen,
windpomp die raas" (p.10).

Die rivier loop ook verby die huis op pale in *Die wildsbok van Ver-eiland*:

" Op die grond is die gruispad, met die rivier aan die een kant soos 'n breë lint" ... (p.1).

Pieter ervaar saam met sy ouma die stormweer en die reën op Ver-eiland.

" Die donderweer rammel. Die blits maak die eetkamer weer baie

helder ... Die storm probeer om by die huis in te breek ...
Toe kom die stortreën oor die huis op die pale, daar waar die rivier wyd in die see inloop, op Ver-eiland" (p. 45).

4.3.1.2 Diere

Freda Linde se gedig *Oggend-lewe* in *As jy kan fluit op hierdie maat* sou 'n mens ook van toepassing kon maak op die ryke verskeidenheid van die dierelewe in Hester Heese se werk :

" Onder die klippe en tussen die gras,
bo-op die blare en onder die bas —
dit wemel en wriemel
van goedjies wat leef" (p. 29).

In *Die wildsbok van Ver-eiland* is daar 'n heerlike wemeling van voëls en seediere, en die wit wildsbok is die kern waarom die verhaal opgebou is. In *Polka-Masurka* beklemtoon die gekoer van twee duiwe die rustigheid van die laat-middag (p.1). In die herfs kom die swaels op die hakiesdraad om die groentetuin sit, wanneer hulle gereed maak vir die trek na die Noorde (p.11).

In die gedig *Pure lente* in *Sêra Madêra* is daar

" goggas wat rits en gons,
... voëls wat fluitspeel in die bome
en paddas wat kaalstert plons" (p.12).

Die voëlsoorte word spesifiek genoem in *Ligdag-Bly* :

" Ek ken vir jantatarat
en weet wat hy wil sê;
ek weet ook waar piet-my-vrou
haar eerste eier lê.

Ek hoor goed as kokkewiet
saans uitroep in die bos;
.....

Ek luister na die vinke
wat kwinkeleer en snater;" (*Sêra Madêra* p. 16).

Ook in *Kompatjierie is my liedjie* klink die vrolike lied van die voëls op, veral in die titelgedig :

" Tjierie, tjierie, tjerie,
roep die tarentale in die nag.
Die uil word in die vaal den wakker :
Kompa! Kompa! kreun hy sag.

Kompatjierie roep die lysters,
en die krieke tjierie saam.
Die wêreld sing my eie liedjie:
Kompatjierie is sy naam" (p.5).

Ann Walton se tekening van die tarentale en die lysters vul die gedig aan.

Tarentale en lysters. Ann Walton se illustrasie vir *Kompatjierie is my liedjie* (p.5). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

die slak, die olifant en die renoster.

In *Aljander, Aljander so deur die bos* ervaar die dogtertjie Lien veral met haar gehoorsintuig die dierelewe op die plaas.

> " Sy kyk op en luister ... Sy hoor die kokkewiet se liedjie" (p.12).
> " Daar is die dik stem van die brulpadda wat langs die watervoor kwaak en tussenin is daar die klokkiestemme van die klein paddatjies" (p.13).

Lien luister ook na die naguil (p. 14).

In *Die wildsbok van Ver-eiland* is daar ook baie diere en hier is die wit wildsbok funksioneel vir die verloop van die verhaal. Steenberg (1979:39) sê die volgende van hierdie bok:

> " Daar is geen uiterlike sterk storie-element wat die haastige kinderleser sal boei nie; dit handel om die seuntjie se verlange om die wildsbok te sien waarvan sy ouma hom vertel. Dit is 'n werklike vlees-en-been-bok, en tog word hy so deur die ouma beskryf dat hy 'n magiese kwaliteit bykry."

Op Ver-eiland is daar ook die ystervark wat die aartappels uitgrawe (p. 64,65).

Wanneer Pieter en ouma Mien in die bos gaan stap, sien hulle twee patrysies wat oor die pad skarrel (p.30). Dan kom hulle by die strandmeer :

> " Honderde flaminke staan in die water. Hulle weerkaatsing is pienk langs die kant van die water, op een lang been, droom 'n grote. Party dryf op die water. Twee kom aangevlieg en sak statig neer" (p.32).

Die voëllewe by die strandmeer word pragtig beskryf : die pelikaan met sy waggelstap, die vinke, die berggans en die swart waterhoendertjies. In hierdie verhaal dien die dierelewe nie net om die milieu te skep nie, maar dit is deel van die verhaalgegewe in dié sin dat Pieter se natuurbelewing een van die temas van die verhaal is. Weer is dit die ouma-figuur wat hier 'n belangrike rol speel, naamlik om die bodem vir Pieter, en dus ook vir die kinderleser, te verklaar en toeganklik te maak.

4.3.1.3 Plante

Die plantegroei as deel van die bodem word nie deur Hester Heese so omvattend en in so 'n ryke verskeidenheid geteken soos die diere nie, maar dit is tog goed verteenwoordig in haar werk.

Die eikeboom, wat 'n uitheemse boom is, maar van die vroegste jare af so 'n wesentlike deel van die Suid-Afrikaanse landskap is, speel 'n belangrike rol in *Polka-Mazurka*. Die eikeboom is deel van Maria se grootword.

" Die twee eikebome voor die stoep kyk na haar uit die hoogte" (p.1).

Ook die peperboom is 'n uitheemse boom, naamlik uit Suid-Amerika, maar het onmiskenbaar deel geword van die Suid-Afrikaanse landskap.

" Trosse rooi bessies swaai tussen die kantwerk van blare " (p.1).

Hester Heese se beskrywing stem ooreen met dié van Immelman (1973 : 222, 223) wat die peperboom of Schinus Molle se blare "fyn verdeelde, grysgroen blare" noem en die bessies "roospienk of rooierige vrugte ... omtrent so groot ... soos 'n peperkorrel".

In *Polka-Masurka* word die inheemse blomme ook mooi beskryf.

> " Hulle huis staan op die uithoek van die dorp, bietjie eenkant, op 'n groot oopte, waar aronskelke in wit massas groei en geel suringblomme vrolik in die herfsson straal" (p.3).

Op oom Daan se plaas blom die suikerkanne en kaneeltjies. Suikerkan is 'n benaming vir die blomhoof van *Protea*- soorte, veral *Protea Mellifera*, wat 'n hoeveelheid soet stroop in die blomkelke het (HAT, 1983 : 1110). Kaneeltjie is die volksnaam vir *Hesperantha Spicata* (HAT, 1983: 516). Volgens Eliovson (1965: 112, 113) is dit een van die dertig spesies van *Hesperantha* wat byna almal in Suid Afrika gevind word, in die berge langs die kus, van Namakwaland, om die Kaap tot in Natal, en ook in die Oos-Transvaalse berge.

4.3.1.4 Die See

Die wildsbok van Ver-eiland het as deel van sy milieu die see en die wit sandduine. Die leser ervaar dit deur die oë van Pieter, wat by sy ouma Mien op Ver-eiland kuier. Op die eerste bladsy word die leser al bewus van die see :

> " Pieter sit skielik regop. 'Ek hoor die see' sê hy. 'Ek sien die see', sê Albert ... Pieter draai die venster af en snuif die lug op. 'Dit ruik na see!'".

Pieter sien die see wanneer hy opstaan na sy eerste nag op Ver-eiland :

> " Daar buite lê die see, blousel-blou, en die strand strek ver weg tot waar die vissershuisies teen die groen heuwelhange sit" (p.8).

Hester Heese skryf met liefde en kennis oor die see en dit word beleef uit die kind se gesigspunt. *Die wildsbok van Ver-eiland* is vol see-dinge : seekrappies, strandlopertjies, seemeeue, seegras en skulpe (p.14). Pieter tel alikreukels en see-eiers op en kielie 'n seekwal (p. 16,17). Hy sê :

> " My tuin is vol anemone en seesterre. Ek gesels met die krewe en met die seekatte en snoeke en haaie en ... walvisse. En ek ry op 'n dolfyn se rug " (p. 17).

Die see-motief kom ook voor in *Sêra Madêra :*

> " My naam's Aletta Maria Naudé,
> ek woon teen die duinsand op,
> naby die melkskuimbrandersee,
> op die hoogste duin se top" (*Hotnotsgot*, p. 9).

4.3.2 *Stoflike Kultuur*

Wanneer Hester Heese se werk nagegaan word om te bepaal watter rol die stoflike kultuur van die Afrikaner daarin speel, trek een boek die aandag as 'n pragtige stuk herinneringsliteratuur wat die Afrikaner se lewenswyse, huisinrigting, dorpsuitleg en so meer van 'n paar dekades gelede pragtig weergee.

Dit is *Polka-Masurka*, wat volgens die skryfster gebaseer is op gebeurtenisse uit haar kinderdae. Dit is opmerklik hoe ook hierdie motiewe uit die volkseie telkens terugkeer in die kinderverse, veral in *Sêra Madêra*.

'n Aantal elemente van die stoflike kultuur, soos dit in Hester Heese se werk voorkom, word nou bespreek.

4.3.2.1 Dorpsuitleg

> " Van die begin af is die ou dorpe in Suid-Afrika as 'tuindorpe' beplan .. Die kenmerk van die Afrikaanse dorpe is die groot tuinerwe onder besproeiing. Elke dorp is gestig met groot weivelde of dorpsmeente. Die erwe is in werklikheid 'n groep plaaswerwe. Op die erwe het die inwoners hul diere gehuisves en 'n tuin vir groente en vrugte aangelê om in hul eie behoeftes te voorsien" (Floyd, 1968: 395).

Met hierdie gegewens stem Hester Heese se beskrywing van die dorp in *Polka-Masurka* baie mooi ooreen. Wanneer Maria in haar hangmat in die peperboom sit

> " ... sien sy die dorp se patroon van sinkdakke, met groen lappe lusern en heinings, en geel kolle populier - en eikebome tussenin. Die kerktoring steek sy spits bo alles uit" (p.3).

Vandag nog is die kerktoring die uitstaande baken van baie klein plattelandse dorpe. Hierdie dorpe het gewoonlik gegroei rondom die kerk en die kerkplein as middelpunt. Die huis waarin Maria woon, staan op 'n groot kweekerf, waarop 'n koei aangehou word en waarop daar nog 'n stal (p.3) en 'n waenhuis (p.4) ook is. Dit is dus tipies van die vroeëre dorpserf wat eintlik 'n plaaswerf was. Die dorpsuitleg dien hier nie net om die milieu van die verhaal te teken nie, maar ook om atmosfeer te skep. Die rustigheid van die laat middag word vir die leser voelbaar :

> " Oor die dorp trek strepe rook uit die skoorstene; strepe en krulle. Stuk-stuk lê die rooi gruispad tussen die huise" (p.3).

4.3.2.2 Woningbou

In *Polka-Masurka* maak die leser reeds vroeg in die verhaal kennis met die

dorpswoning waarin Maria saam met haar ma en pa en haar broer Braam woon. Dit is 'n wit huis met 'n swart dak en daar is koperbeslag aan die voordeur en 'n ry balies met malvas op die stoep. Voor die stoep groei twee eikehome en die vensters het baie ruite. Die huis het 'n soldertrap en skuifraamvensters met vensterluike.

> " Maria ... hardloop oor die kaal houtvloer na die venster. Sy skuif die raam op en leun oor die vensterbank " (p. 11).

Die skuifraamvenster en die plankvloer word mooi uitgebeeld deur die illustrasie op p. 12.

Karin Stromsöe se tekening van die skuifraamvenster en die plankvloer vir *Polka-Masurka* (p. 12). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Soos in Alba Bouwer se werk, is die solder in *Polka Masurka* ook 'n belangrike deel van die verhaal. Maria beleef die solder met haar sintuie wanneer sy patats gaan haal.

> " Sy wip by die soldertrap op, tree vir tree. Dis skemer onder die dak en dit ruik na grond en ou boeke, lekker muf. 'n Sonstraal streep deur 'n kier tot op die patats wat oopgesprei lê " (p.20).

Iets wat vir die hedendaagse stadskind vreemd is, hoewel dit nog op platteland se dorpe aangetref word waar sommige groot erwe nog nie onderverdeel is nie, is die waenhuis. Die waenhuis in *Polka-Masurka* het die perdekar gehuisves en was terselfdertyd ook werksplek en bêreplek, met 'n atmosfeer van sy eie.

> " Teen die muur links hang Pappa se gereedskap, hamers, beitels, sae, skawe, alles netjies gerangskik net bo die werksbank van swaar hout. Op die grondvloer lê houtkrulle en streepsakke, en in die regterkantste hoek voor is kiste gestapel. Toue, spinnerakke en tuie hang aan die plafonbalke. Dit ruik daar na stof en varsgeskropte hout en geheimsinnigheid" (p. 4).

Die verhaal van *Aljander, Aljander so deur die bos* begin ook met 'n huis, die plaashuis op Soebatsfontein. Die illustrasie van die gewelhuis met die hoë stoep en vensterluike sluit mooi aan by die teks :

> " Om 'n draai van die pad, op 'n koppie, staan die groot wit huis met sy swart rietdak, sy swart luike en geel vensterrame" (p.9).

Hester Heese gee aandag aan fyn besonderhede:

> " Ouma staan in die deur met die blink koperbeslag ..."(p.18).

4.3.2.3 Huisinrigting, Gebruiksvoorwerp en Lewenswyse

In Hester Heese se werk dien hierdie elemente van die Afrikaner se stoflike kultuur by uitnemendheid om die Afrikaanse lewenswyse van die twintigerjare vir die leser deur te gee. Die kombuis speel hier 'n belangrike rol.
Dit is die plaas- en dorpskombuis ongeveer sestig jaar gelede, toe daar nog in die swart stoof vuur gemaak is. In *Polka-Masurka* is die kombuis belangrik vir die skep van atmosfeer en ook om die daaglikse arbeid en lewenswyse

uit te beeld.

"Mamma maak sowaar al vuur op vir aandete,' brom Maria" (p.3)

Op bladsy 6 is daar 'n baie mooi beskrywing van die kombuis:

> "Die vuur brand in die swart stoof. Skaduwees soos groot vlermuise roer teen die baksteenkleur-mure en oor die koperpotte en -panne wat daar hang. 'n Ry sinkemmers, blinkgeskuur, staan op 'n bank naby die stoof".

Die kombuisvloer en die kombuistafel is witgeskrop (p. 6,7). Hier is ook telkens sprake van die vuurherd. Maria se ma skep deeg uit 'n kom op die herd (p. 6) en Braam gooi die hout in die kis langs die vuurherd (p.10). Dit mag wees dat dit hier nog die tradisionele vuurherd in die ou Kaapse kombuis is, waarop oor 'n oop vuur gekook is en waarop die koolstoof in later jare 'n plek gekry het. Dit mag ook 'n kleiner soort "verhogie" wees wat spesiaal in huise wat uit 'n later tydperk dateer, gebou is om die koolstoof te huisves.

Die eg-Afrikaanse eetkamer word ook mooi beskryf in *Polka-Masurka*. Daar is 'n buffet met 'n breë spieël (p.7). Die eetkamertafel het 'n groen tafeldoek oor met klossies aan en die eetgerei word in 'n muurkassie gehou (p.8). Tipies is die

> " portretgesigte van oumas en oupas in vergulde rame ..."

Vir die aandete word deftig tafel gedek met 'n wit damastafeldoek en wit servette (p.8). Dit is ook vreemd in vandag se wêreld van skinkbord-etes voor die televisiestel. Die brandstof en beligting van dekades gelede is die fynhout in die houtkis (p.10), die kers in die kombuis (p. 7) en die hanglamp wat met olie brand in die eetkamer (p.9). Maria slaap onder 'n karos op 'n veerbulsak (p.11). Dit is 'n skerp teëstelling met die binneveer- of skuimrubbermatrasse en duvets waaraan kinders vandag gewoond is. 'n Karos is gemaak van saggebreide velle, gewoonlik dassievelle, wat aanmekaar gewerk is. Die bulsak was 'n enorme sloop wat opgestop is met gansvere, en wat

elke oggend opgeskud moes word sodat dit hoog uitgerys op die bed gelê het. Die ysterkatel met koperknoppe dateer ook uit hierdie tydperk.

Badkamers met lopende water was in die twintigerjare nie algemeen bekend nie en ook hierdie deel van Maria se lewenswyse word mooi vir die kinderleser deurgegee. Saterdagaand is badtyd voor die stoof :

> " Op 'n bankie is haar skoon flenniehemp en nagrok, die bakkie met lekkerruikseep en haar waslap. Pappa haal die koperpot van die stoof af en gooi die kokende water in die sinkbad ...
> Hy hang die koperpot teen die muur en gooi 'n emmer koue water in die sinkbad" (p. 30).

Maria se pa was sy voete in 'n sinkbadjie voor die stoof (p.6).

Die wastafel met sy waskom en beker was eie aan die slaapkamer :

> " Maria kyk na die son wat 'n helder streep oor die wastafel met die porseleinkom en beker en seepbakkie gooi" (p.11).

Baraitser en Oberholzer (1978: 215-220) gee 'n hele aantal afbeeldings en 'n volledige beskrywing van wastafels, wat soortgelyk moet wees aan die een waarvan daar in *Polka-Masurka* sprake is. Die waskom en beker het gewoonlik op 'n geelhoutblad gestaan en in sommige gevalle was daar 'n ronde opening waarin die waskom gerus het. Die wastafel het gewoonlik 'n houtraam aan die agterkant en sykante gehad en handdoekrelings aan weerskante.

Elke huis het ook sy vrykamer of gastekamer gehad. Die kamer is toe en donker gehou wanneer daar nie gaste was nie. In die vrykamer waarin Maria gaan wegkruip om te lees is daar 'n hoë wit hemelbed en baie spieëls (p. 28, 29).

Daar is 'n aantal motiewe in *Polka-Masurka* wat telkens voorkom in die kinderverse in *Sêra Madêra*. Dit is eerstens die kombuis in die gedig *Ouma* :

> " My ouma het 'n blink kombuis" (p.6)

Die gedig *Op oupa se plaas* is in sy geheel 'n verwoording van die volkseie

soos dit in die stoflike kultuur tot uiting kom. In hierdie gedig word met enkele sober woorde 'n ou-wêreldse stemming geskep :

" Witte laken,
lappieskombers,
warm diep bulsak,
blaker met kers.

Uil roep op die skoorsteen,
windpomp die raas;
vannag droom ek my weg
op oupa se plaas" (p.10).

Hier is weer die motiewe : bulsak, blaker met kers, skoorsteen, plaas. Die illustrasie vul dit goed aan.

In die gedig *Ouma se huis* is daar weer die ouma-figuur in die huis (p.11).

In die verhaal *Aljander, Aljander so deur die bos* word die ouma in haar huis pragtig uitgebeeld deur die illustrasie op p. 21. Daar is 'n kombuiskas, 'n staanhorlosie en 'n staanlamp en die hele illustrasie straal dieselfde ouwêreldse stemming uit. Dieselfde geld vir die illustrasie op bladsy 25, waar Lien se ouma in haar skommelstoel voor die kaggel sit. Op die kaggelrak is die staanlamp en twee blakers met kerse.

Lien en haar ouma voor die kaggel. Illustrasie deur Ellalou Ritter vir *Aljander, Aljander so deur die bos*, in *Die rooi tapyt is jou pad* (p. 25). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Die staanlamp, die skommelstoel en die staanhorlosie is ook in ouma Mien se huis in *Die wildsbok van Ver-eiland* (p.4).

4.2.3.4 Arbeidsvorme

In *Polka-Masurka* het die kinders ook elkeen sy werk. Maria moet tafel dek (p.3). Braam se werk is om vir Aandblom te melk.

" 'n Rukkie later hoor sy die getjiengel van die melkemmer" (p.3).

" In die stal sit Braam wydsbeen op sy driepootstoeltjie. Sy kop lê teen Aandblom se blad . Die melk spuit in die emmer " (p.13).

Bottermaak was 'n belangrike arbeidsvorm, nie net op die plaas nie, maar ook op die groot dorpserwe waar koeie aangehou is. Dit is Maria se werk om die room af te karring.

" Die karring is 'n diep erdekan met 'n houtdeksel. In die middel van die deksel is 'n ronde gat waarin die stok, met 'n plat houtskyf onderaan, op en af kan beweeg. Om die rand van die deksel is 'n skoon doek gedraai om die kan dig te maak "(p.18).

" Mamma werk met die botter. Goudgeel lê die klont in die kom. Sy druk die water met 'n geriffelde houtspaan uit, keer die kom skuins, druk die botter met die spaan vas en laat die melkwater in 'n beker loop " (p.20).

Hierdie beskrywing van Hester Heese stem ooreen met wat Cook (1973: 100) sê oor bottermaak. Die room is in die spens versamel totdat dit suur was en gekarring kon word. Die houtkarring, houtbotterbak en botterspaan wat Cook beskryf, dateer egter uit 'n vroeër tydperk as die waarvan Hester Heese skryf. Cook meld wel dat die plat, geriffelde spaantjie later by die opmaak van die botter gebruik is.

Koffie brand en maal was 'n ander belangrike werk in die kombuis. Maria se ma brand die rou koffiepitte op 'n plaat in die oond van die swart stoof.

" Mamma roer met die yster tussen die koffiepitte op die plaat in die oond. Dis 'n lekker geur wat in die kombuis hang "(p.54).

Later word die koffie gemaal.

"Braam skroef die koffiemeul aan die tafel vas en skep pitte uit die pan in die meul ... 'Dis 'n bek wat vreet, en 'n maag wat fynkou, en 'n ander bek wat uitspoeg,' sê Empie " (p. 60).

Hester Heese se beskrywing van koffie maal stem ooreen met Cook (1973 : 97-100) se beskrywing en afbeelding van verskillende soorte koffiemeulens :

> " Die koffiepitte is bo by 'n voertregter ingegooi, en gemaal deur die meul met 'n slinger te draai; die gemaalde koffie het onder deur 'n gleuf in 'n los bakkie geval."

Die meul waarvan Hester Heese in *Polka-Masurka* vertel, is waarskynlik die volgende, soos deur Cook beskryf :

> " Gedurende die 19de eeu, en veral in die tweede helfte daarvan, het 'n eenvoudiger en goedkoper vorm van die groot koffiemeul in algemene gebruik gekom. Dit was bedoel om aan 'n rak geskroef of aan die rand van 'n tafel vasgeklamp te word. Die slinger was nie aan die kant nie, maar voor. " (Cook, 1973: 97, 100)

In die era van die perdekar en die ryperd as algemene vervoermiddels het elke dorp sy smidswinkel gehad. Soos die negosiewinkel, was die smidswinkel ook deel van die Afrikaner se lewenswyse. In *Polka-Masurka* word hierdie verbygegane stuk stoflike kultuur baie mooi uitgebeeld.

> " In die een hoek gloei 'n kolevuur op die grond. Bo die vuur hang 'n blaasbalk met sy tuit in 'n pyp wat langs die muur afloop tot in die kole. 'n Ysterstaaf, dunnerig, lê rooiwarm in die kole. Oom Egbert, die smid, staan eenkant by sy aambeeld. Hy hou 'n ysterstafie wat gloei met 'n tang vas. Met sy regterhand slaan hy die vuurwarm ding platter met 'n ysterhamer " (p.72).

Daar word ook baie mooi beskryf hoe die smid 'n perd beslaan :

> " Oom Egbert trek die spykers van die ou skoen sonder veel moeite met 'n klouknyptang uit. Hy rasper die stukke hoef wat ongelyk gegroei het af ... Oom Egbert kom met die perdeskoen en begin Kroon beslaan. Die skoen pas op sy poot. Daar is vierkantige gaatjies in waardeur oom Egbert die spykers in die harde hoef kap" (p.74, 75).

4.3.2.5 Kookkuns

Die tipiese Afrikaanse kookkuns het ook sy plek in Hester Heese se werk. In *Polka-Masurka* dra dit by tot die fyn stemming van 'n herfsaand in die kombuis. Maria se ma bak pampoenkoekies.

> " Sy skep lepelsvol deeg uit 'n kom op die herd, en bak pampoenkoekies in 'n pan" (p.6)
>
> Mamma draai die koekies in die pan om met 'n plat spaan. Dit sis vrolik ... Mamma strooi kaneelsuiker oor die koekies" (p.7).

Die pampoenkoekies met kaneelsuiker kom weer voor in *Aljander, Aljander so deur die bos* (p. 19).

Daar is aanduidings dat Maria in 'n Bolandse dorp woon. Haar ma koop snoek by die viskar en lê snoekmootjies in 'n pekelbalie in.

> " Maria kyk hoe Mamma die mootjies inlê. Hulle word styf in 'n balie gepak. Mamma maak pekelwater. Eers as 'n vars eier bo-op dryf, is die water goed om oor die mootjies te gooi" (p.57).

Smoorvis en gebakte viskoppe was ook gesogte geregte (p.57). Maria se ma maak verder stoofpatats met nartjieskil (p. 66), soos dit ook in Alba Bouwer se *Stories van Bergplaas* voorkom.

4.3.2.6 Vervoermiddels en Kommunikasie

Polka-Masurka beeld die kleindorpse lewenswyse in die twintigerjare uit, toe die perdewa, die spaaider en die kapkar nog die belangrikste vervoermiddels was. Maria se pa kom met die perdewa tuis (p.3). In die waenhuis staan die spaaider (p.4).

> " Oral op die kerkgrond staan landauers, kapkarre, spaaiders en oopkarre. Die perde is vasgemaak aan ysterringe in houtpale. Party vreet uit sakke hawer wat om hulle nekke hang" (p.37).

Malan (1981: 31, 116-119) gee 'n beskrywing van die kapkar waarvan hier sprake is. Die kapkar was baie gewild en volop en het mettertyd net so eie aan Suid-Afrika geword as die ossewa. Dit was 'n klein rytuig met twee groot houtwiele met speke. Dit het een of twee sitbankies gehad en het waarskynlik die naam "kapkar" gekry van die hoë seilkap wat kenmerkend van dié rytuig was. Daar was verskeie soorte kapkarre, waarvan Malan 'n breedvoerige beskrywing en duidelike afbeeldings gee.

Hester Heesse se beskrywing van die spaaider stem ooreen met Malan se beskrywing en afbeeldings (1981: 105, 106). Anders as die kapkar met sy twee wiele, het die spaaider vier houtwiele met speke gehad en die wiele was fyner en ligter as dié van die kapkar. Daar was ook 'n groot verskeidenheid spaaiders, sommige met twee bankies en ander met net een. Spaaiders is gewoonlik deur twee of vier perde getrek. Wanneer die perde met die spaaider op loop sit, ervaar Maria dit so :

> " Die spaaider kantel, loop op twee wiele, loop op vier wiele, kantel na die ander kant" (*Polka-Masurka*, p. 75,76).

Die landauers wat Maria op die kerkgrond sien staan, het volgens Malan in ongeveer 1790 in die stad Landau in Duitsland ontstaan.

> " Dit was 'n vierwielkoets vir vier of ses perde met 'n koetsiersbok, twee banke wat na mekaar toe kyk en twee kappe wat na mekaar toe opslaan" (Malan, 1981 : 41)

Die lykswa wat deur perde getrek word, behoort ook tot 'n verbygegane era. Joyce (1981 : 149) gee 'n mooi beskrywing van die lykswa wat ooreenstem met Hester Heese se weergawe in *Polka Masurka* :

> " In the country areas, horse-drawn hearses were in use right up to the 1940's. Elaborately carved and black-painted, with silver wreaths and designs picked out on their glass sides, they were drawn by two or four black-draped horses decked with swaying black ostrich feathers."

Hier is weer vir die kinderleser 'n sterk teëstelling met die hedendaagse lewenswyse waar begrafnisse deur begrafnisondernemers gereël word en die begrafnisstoet gelei word deur 'n lang swart motor waarin die kis vervoer word. In 'n persoonlike gesprek op 23 Januarie 1985 het Hester Heese gesê dat *Polka-Masurka* gebaseer is op ware gebeurtenisse uit haar kinderjare. Haar broer het 'n kristal-radiostel gebou en die lykswa by haar "gekoop" sodat hy 'n plek kon hê om die radio te bou.

Gereelde radio-uitsendings in Suid-Afrika het op 1 Julie 1924 begin toe die JB radiostasie toesprake en 'n musiekprogram uitgesaai het. Die kristal-radiostel wat Braam gebou het, was in daardie jare baie gewild (*Polka-Masurka*, p. 89, 90). Daar word 'n mooi afbeelding en beskrywing van hierdie tipe kristalstel deur Joyce gegee (1981 : 140,141).

> " It was tuned in by moving a tiny piece of wire called a cat's whisker about the surface of a crystal of galena in search of a sensitive spot that detected the signal. The sets required earphones and very long aerials, and were popular until well into the 1930's. "

Dit was dan die begin van die radiowese wat as kommunikasiemedium so 'n groot invloed op die Afrikaner gehad het deur middel van musiek, drama en algemene inligtingvoorsiening.

4.3.2.7 Handel en Geld

Die waarde van geld en die bekommernis oor skuld wat nie betaal kan word nie, speel 'n belangrike rol in die verhaalgegewe van *Polka-Masurka*. Braam en Maria kry elkeen op Saterdae 'n pennie sakgeld (p.15). Die negosiewinkel of Jodewinkel was in die vroeë jare so deel van die Afrikaner se leefwyse dat dit met reg ook as volkseie beskou kan word. Die gesprekke met die winkelier, die geselskap van die klante wat rustig sake doen en die sintuiglike waarneming van alles wat in die winkel was, word baie mooi uitgebeeld in *Polka-Masurka*.

" Die winkel ruik benoud. Mense druk teen mekaar, stemme suis in Maria se ore ... Maria se kop stamp amper teen 'n tros bokkems wat van die plafon afhang. Sy koes weg. Sakke met mielies, aartappels en rys staan teen die muur. Tussen twee vrouens deur sien Maria die rakke vol bont materiaal en glasflesse met gekleurde lekkers" (p.22).

Ook hier is 'n opvallende teëstelling tussen die persoonlike kontak met die vriendelike,vertroude persoon van mister Jabinski en die onpersoonlike, meganiese en gejaagde koop by 'n supermark se kasregister. Die kinderleser wat vandag sy sellofaanverpakte lekkers van 'n supermark se rak afhaal, ken nie meer 'n skep geelsuiker in 'n gedraaide papierkardoesie nie (p.22).

Maria en Braam verdien geld met bene optel. Hester Heese hou heel gepas by die geldstelsel wat voor desimalisasie in gebruik was.

" ' Ons het nou ag sjielings', sê Braam. 'Ek gee vir jou 'n halfkroon van mister Jabinski se geld, en jy het 'n sjieling van ta Martjie " (p.51).

Ag sjielings was 80c en 'n halfkroon 25c, maar in daardie jare kon vir 'n halfkroon natuurlik baie meer gekoop word as vir 25c vandag.

4.3.3 *Geestelike Kultuur*

Godsdiens is die belangrikste element van die Afrikaner se geestelike kultuur wat in Hester Heese se werk tot uiting kom. Taalgebruik is hier ook belangrik en veral ook die dans en kinderspel.

4.3.3.1 Godsdiens

In *Polka-Masurka* is die diep godsdienstige karakter van die Afrikaner deel van elke dag se lewenspatroon. Maria se pa doen 'n tafelgebed wanneer hulle aansit vir ontbyt (p. 16). Wanneer Maria bekommerd is oor haar pa wat stiller word omdat sy geldsake verkeerd loop,

" draai (sy) onder die karos op haar knieë en bid vir pappa "(p.35).

Die wyse waarop Sondae deurgebring is, word ook mooi beskrywe. Hester Heese slaag uitmuntend daarin om die gedempte, eerbiedige Sondagstemming weer te gee in teëstelling met die kinders se lewenslus wat hulle moeilik demp om by hierdie stemming aan te pas.

> " Sondagmôre lê in die huis en wag. Toe glip hy vroom by die kombuisdeur uit. Maria luister by haar kamervenster hoe die tortelduiwe praatjies maak. 'Sondagmôre! Stille môre'" (p.35).

Die kerkklok roep oor die dorp, maar Maria vind dit moeilik om stemmig te bly wanneer die gesin kerk toe stap.

> " Die orrel dreun en maak die kerk so vol groot geluid dat dit vir Maria klink asof die hoë gewelf antwoord gee ... En toe is alles skielik doodstil. Maria skuif reg en vou haar hande op haar skoot. En die stilte kruip tot binne-in haar "(p.37,38).

Hierdie Sondagstilte en die gewydheid van 'n kerkgebou is vir 'n deel van die Afrikanervolk vandag vreemd, omdat Sondag vir hulle 'n vakansiedag geword het om op die strand of luilekker tuis deur te bring.

Maria se ouers het streng gewaak teen wêreldsheid op 'n Sondag. Die kinders moes "De Kindervriend" of "Genoveva" lees en nie wêreldse boeke soos "The water babies" nie (p. 39). Braam en Maria mag ook nie op Sondae speletjies speel of hulle skoene uittrek nie (p.42).

In *Aljander, Aljander so deur die bos* word ook met enkele fyn trekke die volkseie tafelgebed deurgegee:

> " Net toe Ouma amen sê, nadat sy gedank het, gryp Lien vir Pikkenien ... " (p.20).

4.3.3.2 Kinderspel

Voor die dae van georganiseerde skolerugby en van sportwinkels waar rugbyballe en sportklere te koop is, speel die kinders in *Polka-Masurka*

rugby met 'n opgeblaasde beesblaas. Die Afrikaners se nasionale spel het van Engeland af gekom en die kinders gebruik nog die Engelse terme: "tackle low" en "pass" (p.24).

Ander speletjies word ook genoem in *Polka-Masurka* : kennetjie, blikkie-aspaai en bok-bok staan styf. Die titel van *Aljander, Aljander so deur die bos* is die eerste reël van 'n speelrympie. Die uittelrympie kom ook voor in *Aljander, Aljander so deur die bos*. Lien huppel by die treetjies van haar ouma se huis op.

> " Elke treetjie is 'n huppel, en elke huppel is 'n woord, want sy sing:
>
> ' Ene, dene, daaine, dou
> ketse, wene, waine wou
> ieps, spiets, muskodel' " (p.18).

Die ou-ou verbeeldingspel van plase of dorpe bou met allerlei beskikbare materiaal het kinders oor baie jare bekoor. Dit is ook iets wat verlore raak in die moderne samelewing omdat die kind nie meer tyd het om ure oor sy bouwerk te droom nie. In *Die wildsbok van Ver-eiland*

> " ... is Pieter baie besig. Hy bou paaie en brûe en 'n kerk met 'n toring op die sand oorkant die huis op pale, langs die gruispad. Hy lê 'n hele dorp aan met huise, en 'n garage met petrolpompe. Die petroljoggies is seewiertakkies en die huise se deure is van skulpe" (p.36).

In *Sêra Madêra* is daar 'n vers oor die speletjie "aspaai" (p. 24).
In *Kompatjierie is my liedjie* is dit die speletjie "agter wie wil jy staan, agter son of agter maan?" wat ook mooi deur die illustrasie uitgebeeld word (p. 24).

4.3.3.3 Dans

Dans was van vroeg af gewild in die Kaapse nedersetting. Met die koms van die Franse regimente in 1981 het die jongste Europese danse aan die Kaap

bekend geword. Die polka was een van die danse wat laat in die agtiende en vroeg in die negentiende eeu gewild was (Caltex, deel 3, 1965:14). Die titel *Polka-Masurka* dui op twee dansvorms wat verwant is aan mekaar. Volgens HAT (1979 : 848) is die polka van Tsjeggiese oorsprong en is dit 'n "dans met 'n vinnige springende beweging". Die masurka is 'n nasionale Poolse dans (HAT, 1979 : 684).

Regdeur *Polka-Masurka* is daar die beweging van die dans, die uit-die-hart-uit-vrolikheid van Maria se borrelende lewenslus. Die boek begin met Maria se uitgelate rondomtalie en hierdie motief word herhaal in *Sêra Madêra*. In die vers *Herfsblaar* word die stemming van *Polka-Masurka* pragtig saamgevat en word 'n reël van Maria se liedjie herhaal :

" Die herfsblaar gooi 'n kaapse draai" *(Polka-Masurka*, p.1).

" Die herfsblaar in die herfswind
maak 'n hoë kapperjol
ek wens ek was die jakkerblaar
wat oor die wêreld tol.

Die herfsblaar gooi 'n kaapse draai,
hy kantel om en om.
O! hupla, hupla, hupla - haai,
dis tyd om af te kom" *(Sêra Madêra*, p. 21).

Hierdie uitgelate stemming heers ook in ander werke van Hester Heese. In *Aljander, Aljander so deur die bos* kom die polka ook voor :

" ' Dis 'n lekker wipperige dag, nê,
Tameraai? Dis 'n dansdag' sing Lien.
' Ja dis 'n polka-dag,' sê Tameraai" (p.28).

4.3.3.4 Taalgebruik

Die eg-Afrikaanse idioom klink helder op in Hester Heese se werk. Dikwels is dit in impromptu rympies en liedjies, soos wanneer Maria sing :

" Ek kom, ek kom, moeder van my.
As die perde horings kry" (*Polka-Masurka*, p.6).

en

" Oulap se rooi maak mooi " (p. 37).

Maria sê na die wilde voetbalwedstryd :

" Ja, Mamma gaan my op lyn steek " (p. 25).

Dit is 'n variant van die uitdrukking "lynslaan", wat beteken om 'n dier soos 'n bok of 'n donkie met 'n lyn aan 'n pen in die grond vas te maak op die weiplek sodat dit nie kan wegloop nie.

Die Viktoriaanse preutsheid wat in die twintigerjare nog aan die orde was, kom mooi na vore wanneer Maria se ma haar betig:

" ' Aan tafel praat 'n mens nie van voete nie, Maria' " (p.17).

4.3.3.5 Volksgeloof

Die Afrikaanse volksgeloof kom selde voor in Hester Heese se werk, maar in *Kompatjierie is my liedjie* is 'n mooi vers oor Antjie Somers :

" As Antjie Somers
haar punthoed dra,
is sy beheks,
so sê my ma.
.....

Haar oë skiet vuur,
haar tande klap,
voor jy kan skree,
het sy jou neus afgehap" (p.20).

Hier is Antjie Somers 'n heksefiguur, in teëstelling met die man in vroueklere in Alba Bouwer se *Stories van Bergplaas*. Dit is 'n aanduiding van die verskillende verskyningsvorms wat Antjie Somers in die Afrikaanse volksge-

geloof het. In die gedig is daar ook die geloof dat spoke en hekse met varkspek besweer kan word.

4.3.4 *Volksaard*

Die Afrikaner se godsdienstige volksaard met sy streng konserwatisme van vyf tot ses dekades gelede kom duidelik na vore in Hester Heese se werk. Soos in Alba Bouwer se herinneringsliteratuur is die Afrikaner se landelikheid en sy gebondenheid aan die bodem ook by Hester Heese waarneembaar, veral in *Polka-Masurka*. In hierdie werk is daar ook meelewing en vrygewigheid, en die kenmerkende Afrikaanse idioom.

SLOTOPMERKING

Hester Heese herskep op meesterlike wyse vir die kinderleser 'n volkseie leefwêreld, veral wat die historiese stoflike kultuur betref soos dit in *Polka-Masurka* gestalte kry. Die volkseie-bodem met elemente soos die dierelewe, die reën en die see, figureer ook baie sterk in haar werk. 'n Belangrike kenmerk van haar werk is die volkseie-motiewe wat telkens herhaal word. By Hester Heese is die sintuiglike belewing van die volkseie deur haar karakters baie sterk. Die kombuis ruik lekker, die flikkerende kersvlam maak skaduwees teen die mure en die vuur knetter in die stoof. Dit alles skep vir die kinderleser 'n geheelbeeld van 'n vervloeë tyd en 'n leefwyse wat die meeste kinders vandag nie ken nie.

4.4 ENKELE ANDER SKRYWERS

Daar is in die voorafgaande gedeelte gekyk na die werk van drie belangrike skrywers van Afrikaanse kinderlektuur en daar is vasgestel dat die Afrikaanse volkseie 'n belangrike plek in hulle werk inneem. In die werk van die skrywers wat nou volg kom die volkseie ook voor maar die beperktheid van 'n

magister-verhandeling voorkom dat hulle volledig bespreek kan word. In sommige van hierdie skrywers kom sekere elemente van die volkseie voor en word dit behandel terwyl van ander skrywers slegs 'n enkele werk behandel word wat as kenmerk 'n sterk vergestalting van die volkseie het.

Hier moet vooraf eers gewys word op twee skrywers wat 'n belangrike bydrae gelewer het tot die vergestalting van die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur, maar wie se werke nie in hierdie studie ingesluit kon word nie omdat dit te omvangryk en/of te eiesoortig is en elkeen dus 'n studie op sigself sou regverdig. Hierdie skrywers is P.J. Schoeman en M.E.R.

P.J. Schoeman het 'n unieke bydrae gelewer tot die Afrikaanse jeuglektuur met 'n hele aantal werke waarvan *Fanie se veldskooldae*, *Fanie se vuurdoop* en *Uitspring kêrels!* seker die bekendste is. Sy werk is eiesoortig in dié sin dat dit benewens die veldlewe en die jag soos dit deel was van 'n plaasseun se lewe aan die einde van die negentiende eeu, ook die Zoeloe-volkseie uitbeeld en veral ook die vervlegting van die Zoeloe-volkseie met dié van die Afrikanerseun. Dit gaan hier oor al vier die elemente van die volkseie, naamlik die bodem, die stoflike en die geestelike kultuur en die volksaard, en sy werk straal so 'n fyn en unieke atmosfeer uit dat dit ten beste in 'n afsonderlike studie tot sy reg sal kom.

M.E.R. se boek, *Die tweeling trek saam* is 'n fyn afgeronde, noukeurige dokumentasie van die Groot Trek soos beleef deur die tweeling Gert en Mina de Lange. Dit is 'n verwerkte heruitgawe van *Kinders van die Voortrek* wat in 1920 verskyn het. Hierdie werk bevat so 'n groot rykdom van gegewens oor die bodem, die stoflike en geestelike kultuur en die volksaard van die Afrikaner in die Voortrekkertydperk dat die ontginning daarvan te omvangryk vir hierdie studie is. 'n Afsonderlike studie daarvan teen die agtergrond van 'n kultuurkundige studie van die Voortrekkertyd, sal die werk tot

sy reg laat kom as vergestalting van die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur.

Vervolgens word werke van die volgende skrywers nagegaan:
Pieter W. Grobbelaar, Rona Rupert, Dora Tudor, W.O. Kühne en P.H. Nortje.

4.4.1 *Pieter W. Grobbelaar*

het 'n reusebydrae gelewer tot die navorsing en dokumentering van die Afrikaanse volkslektuur. In 1968 het hy die C.P. Hoogenhouttoekenning ontvang vir *Die mooiste Afrikaanse sprokies*. Die volgende paragrawe uit die keurkomitee van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se motivering vir die bekroning onderstreep die belangrikheid van die volksverhaal as volkseie-erfenis.

> " Hoewel die kind die verhale bloot as verhale lees, is dit onvermydelik dat hy die sterk nasionale kenmerke in verskillende volksverhale sal aanvoel, soos byvoorbeeld die praktiese sin van die Duitser, die besondere humorsin van die Engelsman en die min woorde van die Skandinawiër.
>
> Mits die mondelinge letterkunde uit eie bodem ook goeie letterkunde is, bied dit aan die kind die geleentheid om die wortels van die bevolkingsgroepe van sy eie land te leer ken. Dit is voorwaar 'n ryke erfenis (Lohann, 1978 : 39,40).

Van Pieter W. Grobbelaar het daar ook 'n hele aantal werke verskyn in drie reekse met die oorkoepelende benaming *Skatkis van die Afrikaanse Volkslektuur*. Die drie reekse is die volgende :

> *Sprokies*. Dit bevat onder andere die volgende titels waarvan die eerste drie in 1969 en die ander vyf in 1971 eervol vermeld is vir die C.P. Hoogenhouttoekenning : Wolf en Jakkals in die lang pad, Klaas Luiaard, Die Swaaplanders, Die gekroonde slang, Die gawe van die eenhoring, Hasie Musikant, Die riviermeisie en Die sonseuns.

Heldeverhale. Die bekendstes is Wolraad Woltemade, Hansie Smal en Racheltjie de Beer.

Kampvuurstories. Dit sluit veral spookstories en jagverhale in. Van die bekendes hier is Die vurige wa, So by my kool en Die laaste leeu van die Karoo.

Met die versameling van kleuter- en kinderrympies het Pieter W. Grobbelaar 'n belangrike bydrae gemaak. Twee bundels kinderverse het die volgende titels : Varkies in die bone en Koeitjies in die klawer.

Pieter W. Grobbelaar se werk sou dus inderwaarheid ook 'n studie op sigself regverdig. Hier word vervolgens slegs twee van sy mooiste sprokies behandel, naamlik *Hasie Kalbassie* en *Die Heks van Hexrivier*.

Vir die studie van die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur is die sprokie *Hasie Kalbassie* om verskeie redes van groot belang.

In die eerste plek is die sprokie as volkslektuur self 'n verskyningsvorm van die Afrikaanse volkseie. Dit is na vorm en inhoud 'n vergestalting van die volkseie. Die sprokie is 'n element van die Afrikaner se geestelike kultuur en juis hierin lê die waarde van Pieter W. Grobbelaar se navorsingswerk. Hy het vir die Afrikanerkind 'n kosbare erfenis van geestelike kultuur versamel en toeganklik gemaak.

In die tweede plek is hierdie sprokie 'n goeie voorbeeld van die invloed wat die volkseie van die ander volke in Suid-Afrika op die Afrikaner se volkseie gehad het. Pieter W. Grobbelaar sê in 'n nota vooraf dat hierdie sprokie in verskeie vorme onder die Kleurlinge, die Maleiers en die Swart volke voorkom. Die kalbas is byvoorbeeld 'n bekende gebruiksvoorwerp by die Swart volke. Vanuit hierdie verskeidenheid geestelike kulture het 'n menigte sprokies, legendes en ander verhale die Afrikaanse verhaleskat verryk.

Derdens bevat *Hasie Kalbassie* 'n aantal volkseie-elemente uit die bodem. Die sprokie begin met 'n kenmerkende gesteldheid van die Suid-Afrikaanse bodem:

> " Daar was kort-kort droogte in die land en die diere het dors gely" (p.21).

Water as 'n belangrike element van die bodem is dan ook funksioneel vir die hele verloop van die verhaal. Koning Leeu sê :

> " Laat ons 'n dam onderkant die fontein grawe. Dan het ons mos altyd iets te drinke " (p.21).

Hierdie dam is die sentrale gegewe waarom die hele verhaal geweef is. Hasie was te lui om te help met die grawe van die dam en daarom weier die diere om hom van die water te laat drink. Hy moet dus planne beraam om van die dam se water in die hande te kry.

'n Tweede element van die bodem wat hier voorkom, is plantegroei. Hasie lê op 'n lappie kweek (p.21) en later bind hy Bobbejaan se pote vas met die biesies wat langs die dam groei (p. 23). Hy grawe uintjies uit om te eet (p.22).

Diere is 'n derde element van die bodem en maak 'n inherente deel uit van die verhaalgegewe. Leeu, Hasie, Bobbejaan, Kat en Skilpad word vermenslik, maar behou tog hulle kenmerkende eienskappe. Sekere van hierdie eienskappe word pragtig uit die verloop van die verhaal verklaar, soos dit op tipiese wyse in veral die Boesmans en die Swart volke se sprokies gedoen word.

> " Maar Bobbejaan is te skaam om te praat en hy laat net sy kop sak. En vandag nog kan hy niemand reg in die oë kyk nie" (p.24).

> " En vandag nog kom Kat nie naby die water nie, omdat hy daardie dag genoeg geswem het" (p.26).

Van *Die Heks van Hexrivier* sê Pieter W. Grobbelaar in 'n nota vooraf :

> " Hierdie mooi, eg-Afrikaanse sprokie is 'n goeie voorbeeld van 'n verhaal wat waarskynlik rondom die naam van 'n bepaalde plek ontstaan het "(Grobbelaar, 1968:200).

Hierdie sprokie het in die volste sin van die woord uit die Afrikaanse bodem gegroei. Pieter W. Grobbelaar slaag daarin om by die oorvertel daarvan die bodem met enkele eenvoudige woorde vir die leser byna tasbaar te maak. Die Bolandse landskap kry gestalte in die woorde "vallei", "kranse", "rotspunt" en "afgrond". Die bodem is onontbeerlik vir die verloop van die verhaal en in die herhaling van die woord "klim" kry die leser die gewaarwording van fisiese kontak met die berg.

> " 'Gaan pluk vir my die bloedrooi disa wat op die
> hoogste krans groei' sê sy ...
> Filip klim en klim, en soos hy klim , sing hy.
> Filip klim en klim met 'n lag.
> Filip klim tot hy tussen die kranse kom.
> Daar ver op 'n rotspunt wat oor die diepste
> afgrond hang, blom die rooi disa" (p.201).

Dit is ook opmerklik hoe daar as't ware asof met 'n kameralens vanaf die wye vertes tot op die klein besonderheid hier naby gefokus word: eers die vallei, dan kranse, dan 'n enkele rotspunt en uiteindelik

> " krummel die klippe onder sy voet" (p.201).

Die rooi disa is as element van die bodem 'n kerngegewe in die verhaal en Filip se sweetvos is as plaasdier en vervoermiddel ook 'n volkseie-element.

4.4.2 *Rona Rupert*

Van Rona Rupert is daar twee werke wat gekenmerk word deur die belangrike rol wat die see daarin speel. Die see is deel van die volkseie-bodem en in *Veertien is anders* is die see en die strand die milieu waarin die verhaal afspeel.

" Sibella trap versigtig op die swartmosselskulpe wat dik gestrooi lê tussen die rotse. En toe sy by haar poel kom, sien sy, in die vlak water voor haar, die grootste grysgroen see-eier wat sy nog ooit gesien het, 'n edelgesteente met rye wit knoppies wat na buite loop soos die strale van 'n groen son" (p.5).

Rona Rupert skryf met liefde en kennis oor die see, soos ook duidelik blyk in *Die tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting*.

" Op die langstrand waai die wind sandwolke uit oor die wit mosselskulpe wat nie regtig wit is nie, maar pienk, en goud, en groen en die hoogwatergolwe kom verdiepings hoog op mekaar aangery, die kleintjies voor, en die hoës agterna, almal met skuimrafelsome" (p.51).

In hierdie werk dien die see nie net as milieu nie, maar is dit 'n funksionele verhaalelement. Die twee ontmoetings met die dolfyne is die verhaalkern waarom Maria se grootword geweef word. Daar word deurgaans in die boek wetenskaplike inligting oor dolfyne gegee sonder dat die skrywer didakties voorkom. Soos in Freda Linde se werk *'n Tuiste vir Bitis* is die inligting 'n volkome natuurlike deel van die verhaal.

Benewens die volkseie-elemente wat soos hierbo aangedui in Rona Rupert se werk voorkom, kan een van haar werke uitgesonder word as 'n dokumentasie van die Afrikaanse volkseie in sy elemente van bodem, stoflike kultuur en geestelike kultuur. Dit is *Ambraal, hoe gaan dit nog?* Die tydperk waarin die verhaal geplaas is, is die begin van die twintigste eeu. Dit begin net na Kersfees in die jaar 1911 en die Afrikaanse volkseie soos dit in daardie jare tot uiting gekom het, word pragtig deurgegee in die teks sowel as die illustrasies. Die illustrasies self is gemaak deur middel van 'n ou volkseie-vorm van kunsvlyt, naamlik laslapwerk of lappieswerk. Lappieswerk is nie slegs eie aan die Afrikaanse volk nie, maar het sy oorsprong duisende jare voor Christus by die Chinese en die Egiptenare gehad,

soos Rona Rupert agter in die boek aantoon (p.29). Dit is oorgedra na Europa en daarvandaan na Amerika en ook na die Kaap. As pionierskuns het dit so deel van die Afrikaner se skeppingswerk geword dat dit met reg as volkseie beskou kan word.

Enkele elemente van die Afrikaner se stoflike en geestelike kultuur soos dit voorkom in *Ambraal, hoe gaan dit nog?* word nou bespreek.

4.4.2.1 Bodem

Die bodem in sy onderskeie elemente soos water, diere en plante is op 'n subtiele manier dwarsdeur *Ambraal, hoe gaan dit nog?* aanwesig. Die reën verspoel die klippe waarmee die jaartal teen die murasiekop bokant die huis uitgepak word (p.4). 'n Tortelduif koer in die peerboom (p.6) en die uil skree in die kreeboom voor die venster (p.8). Plaasdiere word ook genoem. Die vee verskuiwe die klippe as hulle daaroor loop (p.4) en Kolie wil perdry, die donkies inspan, skaap aanjaag en koeie melk (p.10). Die rooi hennetjie het 'n weglê-nes langs die krip (p.20).

4.4.2.2 Stoflike kultuur.

4.4.2.2.1 Plaasuitleg en Dorpsuitleg

Die plaaswerf word met enkele sinne geteken om die milieu vir die verhaal te skep :

> " Hulle loop saam deur die slap doringdraadhek wat so hard kan knyp na die boord toe ..." (p.10).
>
> " Die stalle is almal op 'n ry gebou, vas teen die kraal waar Kolie soggens en saans melk" (p.20).
>
> " Sy jaag hom om die hoek van die tuinmuur waar die turksvy groei, verby oom Jaap se klei-huis, oor die pad tot by die klipmuur van die bokkraal " (p.26).

Die illustrasie op bladsy 19 gee die uitleg van die klein plattelandse dorpie goed weer, met die lang straat waarlangs die meeste huise staan en die kerk wat 'n sentrale plek inneem. Daar is ook die windpomp wat so belangrik was in die Afrikaner se leefwyse in vroeëre jare.

4.4.2.2.2 Woningbou

Die tipiese plaashuis waarin Lenie woon word ook met enkele trekke geteken. Die huis het skuifraamvensters (p.4) en houthortjies (p.8). Die voorhuis het 'n blink linoleumvloer (p. 24). Lenie hoor in die nag die vloerplanke en die solder kraak (p. 8).

4.4.2.2.3 Huisinrigting, Gebruiksvoorwerpe en Lewenswyse.

In Lenie se ma se slaapkamer is daar 'n laaikas met 'n kantelspieël. Op die wastafel is 'n porseleinbeker en -waskom (p. 4). Saans word kerse aangesteek en Kolie, Lenie se broertjie, slaap op 'n ysterkateltjie. Lenie slaap onder 'n doekkombers of lappieskombers. Die illustrasie op bladsy 9 beeld die outydse slaapkamer baie mooi uit en op bladsy 15 is 'n illustrasie wat die atmosfeer van die outydse plaaskombuis met sy swart stoof goed weergee. Daar is 'n verwysing na die perskepitvloere wat vroër algemeen in gebruik was:

" Die pitte word gedroog en gebêre vir 'n nuwe buitekamervloer" (p14).

4.4.2.2.4 Arbeidsvorme

Die kinders moet help met die plaaswerk. Hulle help vrugte pluk, maar daarvan hou Kolie nie baie nie.

" Hy wil self die donkies inspan en uitspan en skaap aanjaag en koeie melk en kalwers ry " (p.10).

Lenie help wanneer daar koring gemaal word met die perdemeul (p.20).

Op Lenie se tiende verjaarsdag sê haar ma:

> " ... my kind kan nou leer koek bak en botter karring, want sy sal seker nie meer so baie buite rondloop nie " (p.26).

4.4.2.2.5 Kookkuns

Vrugtesmeer is 'n lekkerny wat vandag nog op plase gemaak word en ook kommersieel bemark word.

> " Die vrugte wat gekneus is, word gemaal en opgesmeer op groot plat skoongewaste vet gesmeerde klippe. Die klippe kom met moeseliendoek oor in die son, en later as die velle vrugte droog is, word hulle opgerol soos almanakke. En winteraande sit almal om die stoof stukkies en afskeur en eet" (p.14).

4.4.2.2.6 Vervoermiddels en Kommunikasie

Lenie se skoolmaats ry elke oggend met die donkiekarretjie na die plaasskool toe soos gesien kan word in die illustrasie op bladsy 21. Dit is 'n tweedisselboomkarretjie wat deur een donkie getrek word. Die smous ry ook met 'n eenpardkar (p.24).

4.4.2.2.7 Handel en Geld

Die koms van die Joodse smous was aan die begin van die eeu 'n groot gebeurtenis op die afgeleë boereplase. Die smous was 'n belangrike verbinding met die buitewêreld en het dikwels die enigste geleentheid in maande gebied om voorrade te koop. Die ware wat die smous aanbied is tiperend van die lewenswyse van daardie tyd:

> " In die oopgerolde seil lê daar gare en knope vir doilies en stukke materiaal, sis en ongebleikte linne, nuwejaars-satyn en rooi flennie en gestreepte haarlinte en kamme wat blink, bont emaljebekers en botteltjies balsemvita, moedersegel, rooilaventel, lewensessens en Jamaikagemmer " (p.24).

Sommige van die outydse medisyne wat lewensbelangrik was in die geneeskunde van daardie vroeë jare word vandag nog gebruik.

4.4.2.3 Geestelike kultuur

Daar is 'n mooi balans tussen stoflike en geestelike kultuur in *Ambraal, hoe gaan dit nog?* Godsdiens, volksgeloof en kinderspel is die drie elemente wat duidelik tot uiting kom.

4.4.2.3.1 Godsdiens

Daar skemer in die boek iets deur van die streng Calvinistiese lewenswyse van die Afrikaner, veral aan die begin van die eeu. Op bladsy 6 word daar melding gemaak van die huisgodsdiens, en Oktobermaand se nagmaalsnaweek is 'n groot gebeurtenis (p.18). Die koms van die smous herinner Lenie aan Maria en die Wyse manne en sy onthou die woorde wat hulle uit die Hollandse Bybel geleer het (p.24).

4.4.2.3.2 Volksgeloof

Ten spyte van die streng Calvinistiese opvoeding van die Afrikanerkind, het allerlei bygelofies, soos dat die uil se roep dood beteken, in die kinders se gemoedere geleef. Die ouers het daartoe bygedra deurdat paaiboelies of kinderskrikke dikwels gebruik is om kinders tot gehoorsaamheid te dwing. So 'n paaiboelie was Voet-oog, wat in *Ambraal, hoe gaan dit nog?* voorkom. Wanneer Lenie se suster Kittie sê 'n mens kan met die Suiderkruis dwarsdeur Boesmanland loop sonder om te verdwaal, sê haar broertjie,Kolie :

> " 'Voet-oog loop ook daar '. 'Maar as hy my jaag, sal ek weet waarheen om te hardloop', sê Kittie" (p.6).

Daar is nie oor hierdie paaiboelie soveel bekend as oor Antjie Somers nie, maar Grobbelaar (1977 : 70) beskryf Voet-oog as 'n halfmens, gewoonlik met 'n oog op sy groottoon.

4.4.2.3.3 Kinderspel

Kinderspel is in hierdie werk baie belangrik omdat die outydse bangmaak-speletjie wat die titel van die boek uitmaak, ook funksioneel is in die verhaal self. Grobbelaar (1977: 69) sê Ambraal is die hoofkarakter in 'n bekende bangmaakspeletjie. Dit is 'n kinderskrik wat in die een of ander mensgedaante voorkom, maar nie regtig 'n mens is nie.

Die verhaal is 'n uitbeelding van die vroeë tiener se tipiese onwilligheid om die kindertyd af te lê en groot te word. Met dié speletjie, waarvan Rona Rupert 'n mooi beskrywing gee (p.26), besweer Lenie die grootwordproses met al sy beklemmende pligte wat haar laat sê :

" Niks is nou meer lekker nie" (p.26).

Kolie lok haar uit om Ambraal te speel en daarmee glip sy terug in die sorge-lose kinderwêreld van haar broertjie :

" Sy haal hom hygend in, en trek hom saam met haar neer op die grond waar sy hom kielie totdat hy gil en hulle stowwerig en leeg gelag langs mekaar in die klipperige somerdroë Hantamsveld bly lê" (p.26).

Ambraal, hoe gaan dit nog? is dus soos Hester Heese se *Polka-Masurka*, in sy geheel vergestalting van die Afrikaanse volkseie, veral soos dit 'n paar dekades gelede tot uiting gekom het. Die opdrag voor in die boek bevestig dit :

" Vir ons dogters Marian,
Mariana en Christelle,
sodat hulle ook kan weet
hoe dit was.

Hierdie opdrag kan moontlik die indruk wek van 'n opsetlike gebruik van die volkseie met 'n didaktiese doel, maar daarvan is daar geen sprake in die boek nie. Die volkseie is volkome natuurlik deel van die milieu, die

atmosfeer en die verhaal self.

4.4.3 *Dora Tudor*

'n Interessante vergelyking kan getref word tussen *Ambraal, hoe gaan dit nog?* en 'n ander boek wat handel oor die stoflike kultuur van die Afrikaner soos dit ontplooi het in die eerste helfte van die negentiende eeu, naamlik *Nikolaas van Vergelegen* deur Dora Tudor, met illustrasies deur Merle Crewe. Hierdie boek het ook 'n opdrag wat moontlik die indruk kan wek van die opsetlike gebruik van die volkseie met 'n didaktiese doel:

" 'n Verhaal van lank gelede vir kinders van vandag."

Hierdie indruk van opsetlike didaktiek word versterk by die lees van die boek. Die werk bevat 'n ryk skat van gegewens oor die lewenswyse in 'n Kaaps-Hollandse plaashuis in die vroeë negentiende eeu. Die Kaaps-Hollandse boustyl word noukeurig weergegee in die illustrasies en 'n groot verskeidenheid meubels en gebruiksvoorwerpe wat onder andere in die Koopmans de Wethuis en die Stellenbosse Museum bewaar word (p.31), is noukeurig nageteken. 'n Hele aantal van hierdie voorwerpe is reeds behandel in die bespreking van die werk van Alba Bouwer en Hester Heese, soos die bakoond, die wakis, die blaker met kers, die lapwerkdeken en die hanglamp. Ongelukkig lyk dit asof die boek juis 'n opgawe van hierdie gebruiksvoorwerpe wil wees, met aanduidings van hoe elkeen gebruik is en sou dit as vaklektuur vir kinders meer geslaagd gewees het. Die verhaal is rondom hierdie gebruiksvoorwerpe geweef en klaarblyklik is die doel met die boek om met behulp van die verhaal die ou Kaapse lewenswyse vir die kinderleser weer te gee. As sulks is dit 'n waardevolle bydrae tot die volkseie. Die losstaande tekeninge van die gebruiksvoorwerpe versterk die indruk dat dit eerder vaklektuur wil wees.



Koffiekan. Illustrasie deur Merle Crewe vir *Nikolaas van Vergelegen* (p.17). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Die tekeninge is baie noukeurig gedoen,maar daar ontbreek die verbeeldingrykheid en seggingskrag van illustrasies wat die gebruiksvoorwerpe met die karakters en die milieu integreer om die atmosfeer, warmte en beweging te skep wat 'n oomblik uit die lewe van vervloeë dae sal vasvat en vir die kinderleser deurgee.

4.4.4 *W.O. Kühne*

In *Die wonderbaarlike motor van Barnabas Bombas* deur W.O. Kühne (1981-uitgawe met illustrasies deur Cora Coetzee) groei die fantasie van 'n wonderbaarlike reis in 'n wonderbaarlike motor op natuurlike wyse uit die aardse

werklikheid van die Afrikaanse volkseie-bodem. Die kinderleser maak met die verskillende landstreke van Suid-Afrika kennis, maar die volkseie dien deurgaans onopsetlik as die milieu waarin die avonture van die Bombas-gesin afspeel. Die bodem is die sterkste volkseie-element in die boek en dit kom hoofsaaklik in die illustrasies tot uiting. Die wydheid van die see en die duine by Waenhuiskrans word mooi weergegee in die illustrasie wat oor bladsy 4 en 5 strek.



Die see en die duine by Waenhuiskrans. Illustrasie deur Cora Coetzee vir *Die wonderbaarlike motor van Barnabas Bombas* (p.5). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Na die gesukkel om die motor aan die gang te kry, begin die reis:

" Van Elim tot by Gansbaai
is skaars 'n hanetree" (p.21).

Die illustrasie van die Bolandse landskap wat oor bladsy 22 en 23 loop, vul die teks goed aan:

" Die Boland met sy blomme,
die blou see van die Strand ...
Die Bombas sien sowaar
'n mooi deel van ons land " (p.23).



Bolandse landskap. Illustrasie deur Cora Coetzee vir *Die wonderbaarlike motor van Barnabas Bombas* (p.23). Uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers.

Cora Coetzee slaag uitmuntend daarin om die wesentlike van elke landstreek in die illustrasies vas te vang, byvoorbeeld die rotse van die Sederberg (p. 28, 29), die heuwels van Natal (p.34) en die bosse by Knysna (p. 36,37).

Uit die bodem groei 'n element van die geestelike kultuur, die naamgewing.

" By Spektakel gaan die motor staan
sodat almal eers kan lag ...
.....
Dis Beenbreek, Koubees, Lekkersing ..." (p.30).

Die eg-Afrikaanse gemoedelike aanspreekvorme vir vreemdelinge word ook weergegee:

" By Piketberg keer 'n boer hul voor
—sy stroper wil nie loop nie.
' Hoe lyk dit, Neef, my oes moet af,
kan ek nie dié een koop nie?' " (p.26).

Teks en illustrasies vorm in hierdie werk 'n eenheid waaruit ook elemente van die Afrikaner se volksaard straal, naamlik sy gemoedelikheid, vindingrykheid en liefde vir die bodem.

4.4.5 *P.H. Nortje*

P.H. Nortje se jeugverhale is ook grotendeels herinneringsliteratuur. *Die Groen ghoen* en *Pennie se vuur* is in 1962 met die Scheepersprys vir jeuglektuur bekroon. In albei die boeke gaan dit om Henk se skooljare, eers in die plaasskool op Sewefontein en later op die dorpie Wilgerdam. Dit gaan ook om die plaasseun se belewing van die wêreld en die mense om hom en in albei die boeke speel die volkseie-bodem en die stoflike en geestelike kultuur soos dit in die dertigerjare ontplooi het, 'n belangrike rol. Die volkseie in *Die groen ghoen* word vervolgens nagegaan en hierdie werk is gekies omdat dit 'n belangrike element bevat wat nie dikwels in die kinderlektuur voorkom nie, naamlik die plaasskool.

4.4.5.1 Die Bodem

Die plaasseun, Henk, leef na aan die bodem en ken die veld, die plante en die diere baie goed. Hy beleef die bodem met sy sintuie :

> " Die strale van die bakkende winterson lê loom oor die vaalgrys braakland. Daar is die reuk van kareebos en losgeploegde kluite en fluitjiesriet en die vlug van bleshoenders uit die vleisloot se sluis. En oorkant die soetdorings, soos 'n prentjie binne 'n raam, staan die roes en die geel en die pers van Kougaberg" (p.33).

4.4.5.1 Water

Soos in die werke van onder andere Freda Linde en Hester Heese is die rivier ook in hierdie verhaal deel van die milieu.

> " En dwarsoor die plaas, al saam met die hardepad wat talle kere heen en weer oor hom kruis, kronkel die klipperige bedding van die Bobbejaansrivier — 'n droë doringrige sandloop, met hier en daar 'n opslagwatertjie gedurende die reënlose jare, maar tog ook 'n woeste, malende monster ná die vloedreëns so elke vyf, ses jaar" (p.34).

Die fontein was en is soms die lewensbron van 'n boereplaas en vir menige plaaskind is die fontein met sy omringende plantegroei en dierelewe 'n wonderlike plek waar die skoonheid van die natuur rustig geniet kan word.

> " Die leiwater kom van die fonteine. Versprei langs die voet van die Langrug wat met turksvy en koeniebos bedek is, lê hulle, die sewe wateroë wat aan die groot familieplaas sy naam gee. ... Van die sewe fonteine is Groot Fontein se wateroog die sterkste en sy bome die hoogste en die ruigste ... Hier groei bergvarings en varklelies en slingerplante en die lug lê swaar en koud met die reuk daarvan" (p.34).

4.4.5.1.2 Plante en Diere

In *Die groen ghoen* word die soorte plante en diere ook spesifiek genoem en so leer die leser die bodem ken. Daar is die wildevyeboom wat die Spartane se bymekaarkomplek is. Hierdie wildevy is waarskynlik Ficus Natalensis, 'n immergroen skaduboom wat inheems in Sentraal-en Oos-Transvaal, Natal en die Oos-Kaap groei. In die Kougaberge is daar spekboom en renosterbos. Die spekboom is Portulacaria afra, 'n groot spreidende immergroen struik of boom wat in die Oos-Kaap, Transkei, Natal en Noord-Transvaal voorkom en klein ronde vlesige blare aan rooierige stingels dra. (Pienaar, 1984 : 150, 276).

By Groot Fontein groei daar bergvarings en varklelies (p.34).

Enkele diere word genoem. Groot Fontein se wateroog is

" die speelplek van die blouapies en die bosloeries" (p.34).

4.4.5.2 Stoflike Kultuur

Die elemente van die stoflike kultuur wat die sterkste na vore kom in *Die groen ghoen* is die kookkuns, geneeskunde, vervoermiddels, handel en arbeidsvorme van vier tot vyf dekades gelede. Dit dien telkens om 'n gesellige atmosfeer vol bruisende lewe te skep en laat die leser in sy verbeelding heeltemal opgaan in die leefwyse van daardie jare.

4.4.5.2.1 Kookkuns

Daar is 'n aantal verwysings na volkseie-kossoorte wat waarskynlik vir die meeste kinders vandag vreemd is. Henk se skoolkos is twee snye growwebrood met korrelrige skaapvet op en 'n blikkie turksvystroop (p.7). Volgens 'n mondelinge vertelling van 'n bejaarde dame wat dit nog self ervaar het, mev. J.E. Coetzee (1985) is die turksvystroop waarvan hier sprake is, soos volg gekook: Die turksvye is vroegoggend gepluk en die ergste

dorings met 'n bossie afgevee. Dan is hulle afgespoel en oopgesny en buite op die werf in 'n seeppot oor 'n doringvuur gekook. Daarna is die turksvymoes eers deur 'n suikersakkie gesyg en daarna deur 'n moeseliendoek om alle pitte, skille en dorings te verwyder. Suiker is dan bygevoeg en die stroop is verder tot die verlangde dikte gekook, waarna dit in vrugtebottels en blikke gebêre is.

" Sousboontjies wat dryf in asyn en suiker" (p.7)

is Henk se geliefkoosde nagereg. Soms is 'n gestoofde patat ook as skoolkos ingepak (p.26).

4.4.5.2.2 Geneeskunde

In *Die groen ghoen* kom daar een van die baie boererate voor wat vroeër algemeen in gebruik was toe daar min dokters op die platteland was en vervoer baie stadig was.

" Tant Leen glo dat die rook van gebrande klipbokhare vir die asma help, en ek skiet graag vir haar 'n bokkie" (p.41).

Hierdie boereraat het Brink (1962:106) opgeteken vir die genesing van brongitis.

Klipsweet en aalwynsap is ook twee geneesmiddels wat in aanvraag was. Klipsweet is die soute in die urine van dassies wat op hulle boerplek aangetref word (HAT, 1979 : 136).

Henk en sy maats gaan in die veld aalwynblare afsny en dit rondom 'n gat in die grond, wat met seil uitgevoer is, pak sodat die sap kan uitloop en in die seil versamel. Hierdie sap het hulle dan aan die apteker verkoop (p.95).

4.4.5.2.3 Vervoermiddels en Kommunikasie

Die verhaal van *Die groen ghoen* speel af in die dertigerjare toe daar al heelwat motors in gebruik was, maar kapkarre en ander rytuie getrek deur perde en donkies ook nog algemeen gebruik is.

" En al wat op Sewefontein wiele het, staan ook hier rond — 'n paar motors, oom Bêrend se vragmotor, fietse en 'n klompie kapkarre" (p.50,51).

Henk se pa ry met die ou Fordjie, ou Lizzie, waarskynlik die alombekende model T- Ford :

" Eindelik is almal en alles gereed en kom Pa al hoesende met ou Lizzie uit die waenhuis uit, sy volstruisveer rakelings aan die seilkap " (p.49).

Die spoorwegbus was in die jare dertig en veertig, en soms nog veel later ook, baie afgeleë dorpies se enigste verbinding met die buitewêreld sover dit die vervoer van pos en voorrade vir die winkels aangegaan het. Die koms van die eerste spoorwegbus na Wilgerdam word baie mooi beskryf :

" Toe kom die gevaarte in die oog, 'n verskriklike besigheid met ses reusewiele en 'n allemintige groot sleepwa agteraan. 'n Tree of tien voor hom, verpot en klein, kruie oom Sterk Bêrend se vragmotortjie met Pa-hulle agter op die bak" (p. 58).

" Ek kan my verkyk aan die bestuurder se netjiese uniform en die blink wapen voor sy pet. Hy moet 'n merkwaardige mens wees om so 'n gevaarte hier deur die berge te kan bestuur ..." (p.59).

4.4.5.2.4 Handel en Geld

Die negosiewinkel is ook 'n belangrike deel van die lewe op Wilgerdam :

" Pa en oom Sarel-hulle sit op die toonbanke rond, die jongmanne sommer op meelsakke of op die groot rolle loogtwak in die hoek" (p. 54).

Op bladsy 61 is 'n verwysing na 'n manier van inkopies doen wat vroeër baie gewild was, daarna feitlik uitgesterf het en vandag weer opbloei in gewysigde vorm : die posbestellingsdiens. Artikels soos skoene en materiaal vir rokke is per pos uit geïllustreerde katalogusse bestel.

in die dertigerjare geleef, gewerk en gespeel het, weer te gee. Godsdiens, volksgeloof, kinderspel, humor en die opvoedingsituasie in die plaasskool word so 'n integrale deel van die verhaal dat die leser hom volkome daarin kan inleef.

4.4.5.3.1 Godsdiens

Boekevat was nie net 'n belangrike deel van die gesin se godsdiensoefening nie, maar het ook 'n groot rol gespeel in die opvoeding van die kinders. Daarom is daar dikwels na boekevat ernstig met die kinders gesels, soos ook in *Die groen ghoen* gebeur:

> " Toe Pa die aand na boekevat die goueraambrilletjie met groot erns van sy neus aftrek en met daardie donkerbruin oë van hom diep in myne kyk, toe weet ek :
> hier gaan vanaand gebieg word" (p.31).

4.4.5.3.2 Volksgeloof

In *Die groen ghoen* word daar melding gemaak van 'n baie bekende figuur in die Afrikaanse volksgeloof :

> " Maar moet tog nie daaroor praat nie; die tokkelossie sal 'n mens sweerlik vang, net vannag nog hier op die Kougaberg. ... (p.89).

Die Tokkelossie het vele verskyningsvorms, maar is veral paaiboelie of kinderskrik. A.J. Coetzee (1960: 44-47) gee 'n uitgebreide uiteensetting hiervan.

Die geloof in spoke en geeste is funksioneel vir die verloop van die verhaal wanneer Henk en sy maats vasstel wat agter oom Kortetjie se geheimsinnige deur aangaan (p. 121-125).

4.4.5.3.3 Kinderspel

Die bekende speletjie "Ellie Rose" word mooi beskryf in *Die groen ghoen*.

> " ' Ellie Rose!' skree Thysie voor aan die punt van die ry en ek sien hoe sy grys ogies glinster in die heerlike afwagting. Lewe of dood, maar Miems moet nou gevang word" (p.99).

Vir hierdie speletjie het pare seuns en dogters langs mekaar in 'n dubbele ry gestaan, met 'n seun sonder maat aan die voorpunt van die ry. Hy skree dan "Ellie Rose" en die agterste seun en dogter hardloop aan weerskante van die rye op. Die seun wat "Ellie Rose" geskree het, moet probeer om die dogter te vang sodat haar maat dan weer voor kan kom staan.

4.4.5.3.4 Taalgebruik

Die geestige segswyse en die pittige raaksê van 'n situasie loop soos 'n goue draad deur *Die groen ghoen*. Henk sê van Hans Kortetjie:

> " Ek moet hom baie dae met die somme help, of Meester Van Rooy roei hom uit" (p.14).

> " Toe vat hy binne-in die oop blikkie politoer wat ouboet langs hom neergesit het — en vir 'n oomblik vergeet hy dat hy ouderling is "... (p.48).

Daar is fyn selfspot in die omkeer van 'n spreekwoord as daar 'n moordende dag van wedywering op die boontjieland voorlê :

> " In elk geval, liewer dooie Jan as bang Jan vanmôre, dink ek desperaat ... " (p.66).

4.4.5.3.5 Die volksliedjie

In *Die groen ghoen* is oom Poon musikant die draer van die Afrikaner se geestelike kultuur.

> " Poon is hy vir ons almal — Poon Musikant, baasghitaarspeler en voorsinger, hiervandaan tot onder op Kruisrivier " (p.38).

Oom Poon maak sy eie liedjies en hy sing ook die ou bekende liedjies :

"Solank as die lepel in die pappot staan,
Blommetjie gedenk aan my ... "(p.62).

Die spontane samesang was deel van die gesellige sosiale lewe van daar-die jare toe daar nog geen televisie was nie en radiokommunikasie 'n groot uitsondering was. Die mense het mekaar dikwels in groepe opgesoek by pieknieks, boeresport en jagtogte en moes self sorg vir hulle eie vermaak.

4.4.5.3.6 Naamgewing

Die Afrikaner se liefde vir beskrywende name vir plase, berge en riviere klink op uit *Die groen ghoen :* Sewefontein, Langerug, Wolwenek, Winterhoek-berg, Hoekplaas (p.10,11).

Daar is ook die fyn humor waarmee die Afrikaner sy medemens met 'n naam kan raakvat : Oom Kort Renier, oom Sterk Bêrend, Klaas Tarentaal, oom Skewe Naas, oom Poon Musikant.

4.4.5.3.7 Die Plaasskool

Die plaasskool met sy "skoolmeester" het 'n onskatbare vormende invloed op die Afrikaner gehad. Die stap skool toe, kaalvoet in die winter, is iets wat deel was van baie Afrikaners se kinderjare vier tot vyf dekades gelede. Henk moet by die winkel verbystap na die kruispad toe:

" Die sandpaadjie winkel toe is kliphard geryp; dit kraak lekker bros onder my kaalvoete" (p.10).

Op bladsy 19 kry die leser 'n goeie beeld van die daaglikse gebeure in die enkele klaskamertjie waar al die kinders van sub A tot standerd 6 gelyk-tydig deur die onderwyser besig gehou moes word.

" Eers die sessers tafel toe : Miems, Thysie, Piet van oom Skewe Naas, Stroebel,Granaat en ek ... Ons staan in 'n kring

om die tafel en een-een gee ons boek aan. Dit kan 'n bitter beproewing afgee, dié nasienery. Die drie-vingerplak lê reg voor Meester Van Rooy ..."

Die skoolmeester is met groot ontsag bejeën :

" Dis Meester van Rooy, die man wat hom min steur aan sang en teken en ander fieterjasies, hy brei sy leerlinge vir die hoër skool, al gaan dit ook party dae deur donker skaduwees"(p.20).

Hierdie is 'n skoolsituasie so totaal anders as wat veral die stadskind vandag ken, en P.H. Nortje slaag daarin om die atmosfeer en gesindheid in die plaasskool vir die leser deur te gee en begrip daarvoor te kweek.

4.4.5.4 Volksaard

Verskeie elemente van die Afrikaner se volksaard tree sterk na vore in *Die groen ghoen*, naamlik sy godsdienstigheid, taai deursettingsvermoë en arbeidsvreugde, landelikheid en liefde vir die eie grond. Ook sy individualisme en sy gesonde gesinslewe word deurgegee. Dit alles word baie goed saamgevat in Henk se gemoed :

" Dit is lekker om hier op die ou groot plaas mens te wees ... Pa sê die mense van die buitewêreld verstaan nie altyd die Kloof se mense nie. Daarvoor lê ons te afgeleë ... Hulle waardeer ons gasvryheid ja, en hulle vind ons berge en klowe en bosse interessant, maar hulle verstaan nie ons liefde vir die plek nie. Hulle kyk net teen ons afgesonderdheid en eenvoud en armoede vas. Maar ons moet hulle maar vergewe, sê Pa. Hulle sal ons rykdom tog nooit ken nie " (p.33).

Die hegte gesinslewe met sy patriargale karakter kom mooi na vore in *Die groen ghoen*. Henk sien met liefde en eerbied op na sy pa en ook na die ander ooms en sy ouboet. Henk voel jammer dat sy ouboet as gevolg van 'n tekort aan geld van die Universiteit af moes huis toe kom,

5.6 Die volkseie word goed weergegee in die illustrasies van die werke wat behandel is.

5.7 Uit die analise van kinderlektuur wat in hoofstuk 4 gedoen is en in die tabel saamgevat is, kom sekere patrone na vore. (Die tabel moet egter nooit losgemaak word van die teks nie, want dan bestaan die gevaar dat faktore soos die funksionaliteit van die volkseie vir die verhaalgegewe buite rekening gelaat kan word).

5.7.1 Daar is in die vier verskyningsvorme van die volkseie, naamlik die bodem, die stoflike kultuur, die geestelike kultuur en die volksaard, 'n totaal van 362 elemente in die tabel geïdentifiseer. Met element word hier bedoel die kleinste eenheid, byvoorbeeld *doringboom*, *blik-aspaai*, *stoof-patats*, *solder*, *rietdak*. Die stoflike kultuur verteenwoordig 179 van die 362 elemente, dit wil sê 49,45%. Die bodem verteenwoordig 117 elemente of 32,32%, die geestelike kultuur verteenwoordig 55 elemente of 15,19% en die volksaard verteenwoordig 11 elemente of 3,04%.

Dit blyk dus dat die stoflike kultuur as verskyningsvorm van die volkseie die sterkste na vore kom in die Afrikaanse kinderlektuur. Dit verteenwoordig bykans die helfte van die volkseie-elemente wat in hierdie studie geïdentifiseer is. Die bodem figureer ook sterk, terwyl die geestelike kultuur en die volksaard in 'n mindere mate voorkom. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die elemente van die volksaard meestal nie direk deur die skrywers genoem word nie, maar grotendeels uit die voorkoms van die ander drie verskyningsvorme van die volkseie afgelei word.

5.7.2 Daar is vyf volkseie-elemente wat voorkom in die werk van VIER van die skrywers wat in die tabel opgeneem is. (Die persentasies dui die verhouding tussen die vier verskyningsvorme van die volkseie aan). Hulle is die volgende:

BODEM:	(40%)	Diere:	wilde diere:	voëls :	*duif*
		Water:			*rivier*
GEESTELIKE KULTUUR:	(0%)				----
STOFLIKE KULTUUR:	(40%)	Huisinrigting :			*kombuis*
		Woningbou:			*plaashuis*
VOLKSAARD :	(20%)				*bodemgebondenheid*

Hierdie vyf elemente: duif, rivier, kombuis, plaashuis en bodemgebondenheid het dus die grootste frekwensie in die sin dat hulle in die werk van vier van die vyf skrywers voorkom.

5.7.3 Daar is 21 elemente wat voorkom in die werke van DRIE van die vyf skrywers wat in die tabel opgeneem is. Hulle is die volgende:

BODEM	(14,29%)	Diere:	plaasdiere:	*hoenders*
		Diere:	wilde diere : reptiele:	*padda*
		Water:		*reën*
GEESTELIKE KULTUUR	(28,57%)	Godsdiens:		*huisgodsdiens*
		Kinderspel:		*verbeeldingspel*
		Naamgewing:		*byname*
				plaasname
		Taalgebruik		*spreekwoorde*
		Volksgeloof:		*Tokkelossie*

STOFLIKE KULTUUR	(42,86%)	Arbeidsvorme:	*koeie melk*
		Handel en geld:	*negosiewinkel*
		Huisinrigting:	*kerslig*
			porseleinkom
			swart stoof
			wastafel
		Kookkuns:	*stoofpatats*
		Vervoer:	*kapkar*
		Woningbou:	*soldertrap*
VOLKSAARD	(14,29%		*godsdienstigheid*
			landelikheid
			taal

5.7.4 Daar is 59 elemente wat voorkom in die werk van TWEE van die vyf skrywers wat in die tabel opgeneem is. Hulle is die volgende:

BODEM	(27,12%)	Die see:		*dolfyne*
				see-eiers
				skulpe
				strand
		Diere:	Plaasdiere :	*donkies*
				skape
		Diere:	Wilde diere: voëls	*kokkewiet*
				mossie
				patrys
				tarentaal
				uil
				waterhoender

	Plante:	*akkerboom*
		peperboom
		suikerkan
	Water:	*leiwater*
GEESTELIKE KULTUUR (22,03%)	Godsdiens:	*kerkgebou*
		tafelgebed
		Bybel
	Kinderspel:	*blik-aspaai*
		uittelrympie
	Naamgewing:	*plantname*
	Plaasskool:	*klaskamer*
		skoolhou
	Taalgebruik:	*eg-Afrikaanse idioom*
		Taal van Bruinmense
	Volksgeloof:	*bygeloof*
		spoke
		Antjie Somers
STOFLIKE KULTUUR (44,06%)	Arbeidsvorme:	*brood bak*
		eiers uithaal
	Dorpsuitleg:	*huise*
		kerk
		waenhuis
	Geneeskunde:	*jamaikagemmer*
		kasterolie
		lewensessens
		rooilaventel

5.7.6 Wanneer die vyf skrywers se werke deur middel van die tabel met mekaar vergelyk word, kom sekere aspekte na vore met inagneming van die feit dat van P.H. Nortje en Rona Rupert slegs een boek elk intensief behandel is.

In Freda Linde se werk figureer die bodem die sterkste, en dan by uitstek diere en plante. Die stoflike kultuur en die geestelike kultuur kom in 'n mindere mate voor in haar werk.

In Alba Bouwer se werk is dit weer die stoflike kultuur wat die sterkste na vore kom, en dan veral arbeidsvorme; huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse; kookkuns en geneeskunde. Hoewel in 'n mindere mate as die stoflike is die geestelike kultuur ook goed verteenwoordig in Alba Bouwer se werk, veral taalgebruik, kinderspel, die plaasskool en godsdiens.

Hester Heese en Rona Rupert is die enigste twee van die vyf skrywers in wie se werk die see 'n rol speel. Veral in Hester Heese se werk kom 'n groot verskeidenheid elemente van die see voor. Verder figureer die stoflike kultuur ook sterk in Hester Heese se werk, veral huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse; dorpsuitleg; vervoermiddels en woningbou. Die geestelike kultuur is in 'n redelike mate verteenwoordig, veral kinderspel en godsdiens.

Die plaasskool speel 'n belangrike rol in Alba Bouwer en P.H. Nortje se werk. Die stoflike kultuur is by P.H. Nortje goed verteenwoordig, veral geneeskunde, kookkuns, vervoermiddels en arbeidsvorme. Daar is geen beduidende verwysing na huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse in die werk van P.H. Nortje wat behandel is nie.

By Rona Rupert is die bodem belangrik en dan veral die see en plaasdiere. Die geestelike kultuur is ook goed verteenwoordig, veral godsdiens en kinder-

spel. Die stoflike kultuur neem egter die belangrikste plek in in die werk van Rona Rupert wat behandel is. Hier is dit veral geneeskunde; huisinrigting, gebruiksvoorwerpe en lewenswyse; plaasuitleg en woningbou wat van belang is.

Die volksaard kom goed na vore in die werke van Alba Bouwer, Hester Heese en P.H. Nortje, en in 'n mindere mate in dié van Freda Linde. Daar is geen beduidende verwysing na die volksaard in die enkele werk van Rona Rupert wat intensief behandel is nie.

5.8 Uit gesprekke wat met kinders gevoer is, het dit geblyk dat die Afrikanerkind meer wil weet van sy historiese volkseie soos dit geopenbaar word in veral die stoflike en die geestelike kultuur. Sommige kinders herken die volkseie uit hulle ervaringe met grootouers, veral uit vertellinge uit die grootouers se herinneringe. Sommige kinders ken die historiese volkseie nog uit eie lewe, omdat sekere aspekte daarvan nog in dele van die land bly voortbestaan.

5.9 Die waarde van die Afrikanervolkseie vir die Afrikanerkind kan ten beste bepaal word deur 'n empiriese ondersoek waarin onder meer van vraelyste en persoonlike onderhoude gebruik gemaak word. Sekere afleidinge wat egter met die verloop van hierdie studie gemaak is, kan beduidend wees :

* Die volkseie-bodem neem 'n belangrike plek in die lewe van die meeste plattelandse kinders in omdat hulle daagliks daarmee in aanraking kom.

* Die skole kan 'n belangrike bydrae lewer om kinders bewaringsbewus te maak en om besoedeling van die bodem te voorkom.

* Die kind sal nie bewustelik na die volkseie as sodanig gaan soek in die boeke wat hy lees nie, maar al lesende word hy deurdrenk daarmee

totdat dit deel word van sy gemoed.

* Die volkseie in die Afrikaanse kinderlektuur kan dus 'n groot vormende invloed op die kind hê. Hier word veral gedink aan godsdiens, kinderspel en taalgebruik as elemente van die geestelike kultuur en die kweek van liefde vir die bodem en vir die kind se erfenis van stoflike en geestelike kultuurgoedere.

* Die volkseie kan ook biblioterapeutiese waarde hê vir die kind. Die kind en veral die jeugdige wat soek na 'n eie identiteit en volksverankerdheid kan dit moontlik in 'n mate vind in die volkseie wat in die kinderlektuur deurgegee word. Die vernielsugtige kind wat onverskillig staan teenoor die bodem kan deur die vergestalting van die volkseie-bodem in die kinderlektuur dalk 'n liefde vir die bodem ontwikkel.

Uit die bogenoemde gevolgtrekkinge en afleidinge kan daar enkele riglyne gegee word vir moontlike verdere navorsing. Soos reeds genoem kan 'n empiriese ondersoek die waarde wat die volkseie in die kinderlektuur vir die kind het,bepaal. So 'n ondersoek kan ook aandui hoe die kind die volkseie in sy lektuur aanvaar en of hy 'n behoefte daaraan het.

Die volkseie van ander volke in die Afrikaanse kinderlektuur kan die onderwerp van verdere navorsing wees, byvoorbeeld dié van die Boesmans en die verskillende Swart volke in Suid-Afrika.

'n Studie oor kinderspel en die kind se vryetydsbesteding, histories teenoor eietyds gestel, soos dit voorkom in die kinderlektuur kan interessante feite aan die lig bring.

Samevattend kan dus gesê word dat die Afrikanervolkseie 'n beduidende en in sommige gevalle 'n deurslaggewende rol speel in die werke van die belangrikste skrywers van Afrikaanse kinderlektuur. Die volkseie kan vormende en terapeutiese waarde hê vir die Afrikanerkind wat homself vandag moet oriënteer in 'n gejaagde en dikwels verwilderende moderne samelewing.

B Y L A E

TABEL VAN DIE BELANGRIKSTE VOLKSEIE-ELEMENTE WAT VOORKOM IN DIE BEHANDELDE WERKE VAN ALBA BOUWER, FREDA LINDE, HESTER HEESE, P.H. NORTJE EN RONA RUPERT

By die bestudering van die tabel moet die volgende sake in ag geneem word:

Die tabel bestaan uit die vier verskyningsvorme van die volkseie, naamlik *bodem*, *geestelike kultuur*, *stoflike kultuur en volksaard*. Elke verskyningsvorm is onderverdeel in kategorieë soos *plante*, *godsdiens*, *kinderspel*, *kookkuns en woningbou*. Elke kategorie is op sy beurt weer onderverdeel in elemente, byvoorbeeld : *doringboom*, *huisgodsdiens*, *blik-aspaai*, *stoofpatats*, *boontjiesop*, *solder en rietdak*.

Die verskyningsvorme, kategorieë en elemente is in alfabetiese volgorde weergegee om naslaanwerk te vergemaklik. Omdat dit 'n gerekenariseerde tabel is, is die enkele elemente wat met hoofletters geskryf word, ná die gewone alfabetiese volgorde gedruk.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat van Alba Bouwer, Freda Linde en Hester Heese ses boeke elk behandel is, terwyl van P.H. Nortje en Rona Rupert slegs een boek elk behandel is; vandaar die oënskynlik geringer voorkoms van volkseie-elemente in die laasgenoemde twee skrywers se werke.

Patrone, bevindinge en afleidings wat uit die tabel voortkom, word in hoofstuk 5 weergegee.

	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
DIE BODEM					
DIE SEE			alikreukels		
			anemone		
			dolfyne		dolfyne
			haaie		
			krewe		
			sandduine		
			see-eiers		see-eiers
			seekwalle		
			seemeeue		
			seesterre		
			seewater		
			skulpe		skulpe
			snoeke		
			strand		strand
			strandlopertjies		
			walvisse		
DIERE	PLAASDIERE	PLAASDIERE		PLAASDIERE	PLAASDIERE
		bokke			
				donkies	donkies
	hoenders	hoenders			hoenders
					koeie
					perde
		skape			skape
		varke			
					vee
	WILDE DIERE	WILDE DIERE	WILDE DIERE	WILDE DIERE	WILDE DIERE
		INSEKTE	INSEKTE		
			kriek		
		mier			
		mot			
		naaldekoker			
		spinnekop			
	REPTIELE	REPTIELE	REPTIELE		
		geelslang			
	padda	padda	padda		
		pofadder			
		SOOGDIERE	SOOGDIERE	SOOGDIERE	
				blouaap	
		erdvark			
		muishond			
		muskeljaatkat			
			olifant		
			renoster		
		veldmuis			
			wildsbok		
			ystervark		

	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
DIE BODEM					
DIERE					
	VOËLS	VOËLS	VOËLS	VOËLS	VOËLS
			berggans		
		bosduif			
				bosloerie	
	duif	duif	duif		duif
		fisant			
			flamink		
		hamerkop			
		hoep-hoep			
	janfrederik				
			jangroentjie		
			jantatarat		
	kiewiet				
			klaaskoekoek		
		kokkewiet	kokkewiet		
		kwêvoël			
		laksman			
			lyster		
	mossie	mossie			
		patrys	patrys		
			pelikaan		
			piet-my-vrou		
	pietergroentjie				
	reier				
		riethaan			
		suikerbekkie			
	swael	swael	swael		
		sysie			
		tarentaal	tarentaal		
			uil		uil
			vink		
		waterhoender	waterhoender		
		witogie			
EKOLOGIE		kernbegrip			
GROND					
	enkele verwysings				
		kernbegrip			
PLANTE					
		aalwyn			
	akkerboom		akkerboom		
		aronskelk	aronskelk	aronskelk	
				bergvaring	
		besembos			
	besemgoed				
		biesie			
		bobbejaantjie			
	doringboom	doringboom		doringboom	
		gras			
	kalkoentjie				
			kaneeltjie		

	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
DIE BODEM					
PLANTE		koekemakranka		koeniebos	kreeboom
		palmiet	peperboom		peperboom
	populierbos	plakkie		renosterbos	
		riet rivierwilger saagblaar			
	slangbossie			spekboom	
	suikerkan		suikerkan suring		
	tolbos	varing vygie			
	waaierbossie waboom	wilde olyf		wildevy	
	witstinkhoutboom				
WATER	dam			fontein	
	leiwater reën rivier vlei	rivier vlei	reën rivier	leiwater rivier	reën
	windpomp		windpomp		
GEESTELIKE KULTUUR					
DANS			masurka polka Kaapse draai		
GODSDIENS	biduur doopsformulier				
	huisgodsdiens		erediens kerkgebou	huisgodsdiens	huisgodsdiens kerkgebou nagmaalsnaweek
	tafelgebed Bybel		tafelgebed		Bybel

GEESTELIKE KULTUUR	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
GODSDIENS			Sondagstemming Sondagsviering		
KINDERSPEL			agter-wie-wil-jy-staan aljander blik aspaai bok-bok		blik-aspaai ek-neem-vir-my
	kalwers ry kleilat klip-klip uittelrympie verbeeldingspel	verbeeldingspel	kennetjie rugby uittelrympie verbeeldingspel	Ellie Rose	lammerooi Ambraal
NAAMGEWING	byname diername plaasname plantname	byname diername plaasname plantname		byname plaasname	
PLAASSKOOL	griffel klaskamer lei skoolgebou skoolhou waterbotteltjie			klaskamer plak skoolhou skoolmeester	
TAALGEBRUIK	aanspreekvorme tussen bevolkingsgroepe eg-Afrikaanse idioom taal van Bruinmense Bybelse uitdrukkings	spreekwoorde	eg-Afrikaanse idioom rympies	geestigheid spreekwoorde taal van Bruinmense	spreekwoorde

	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
GEESTELIKE KULTUUR					
VOLKSGELOOF					
		bygeloof			bygeloof
				geeste	
			hekse		
			spoke	spoke	
	weerligvoël				
	Antjie Somers		Antjie Somers		
	Tokkelossie	Tokkelossie		Tokkelossie	
					Voet-oog
STOFLIKE KULTUUR					
ARBEIDSVORME					
	bees slag				
				beeste dip	
				boontjies oes	
			botter maak		
	brood bak				brood bak
	druiwe pars				
	eiers uithaal	eiers uithaal			
	fynhout maak				
		hoenders kosgee			
					karring
	koeie melk	koeie melk	koeie melk		
			koffie brand		
			koffie maal		
	koffie wegbring				
					koring maal
		koring saai			
	mielies dors				
			perde beslaan		
	rantsoenbrood uitpak				
	roomafskeier draai				
	skape skeer				
	sokkies stop				
		varke kosgee			
					vrugte pluk
	water lei				
DORPSUITLEG					
			dorpserf		
			gruispad		
			heinings		
					hoofstraat
			huise		huise
			kerk		kerk
			stal		
			waenhuis		

STOFLIKE KULTUUR	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
GENEESKUNDE					
				aalwynsap	
					balsemvita
	brandewynlap				
	harmansdrup				
	jamaikagemmer				jamaikagemmer
	kasterolie				kasterolie
				klipbokhare	
				klipsweet	
	kloutjiesolie				
		koekemakranka			
		kruie			
	lewensessens				lewensessens
	medisynetrommel				
					moedersegel
	rooilaventel				rooilaventel
HANDEL EN GELD					
			halfkrone		
	negosiewinkel		negosiewinkel	negosiewinkel	
	pennies		pennies		
				posbestelling	
			sakgeld		
	sikspense				
	sjielings		sjielings		
					smous
HUISINR., GEB.VOORWERPE EN LEWENSWYSE					
			bulsak		
			damastafeldoek		
					drinkwatervat
	eetkamer		eetkamer		
		erdekruik			
			hanglamp		
			hemelbed		
			houtkis		
					kantelspieël
			karos		
	kerslig		kerslig		kerslig
	klossieskleedjie		klossieskleedjie		
					knapsak
	kombuis	kombuis	kombuis		kombuis
	kombuisbankie				
	kombuisstoel				
	kombuistafel		kombuistafel		
			kombuisvloer		
			koperpotte		
					laaikas
					lappieskombers

HUISINR., GEB.VOORWERPE EN LEWENSWYSE	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT	bl.7
	pekelbalie					
	porseleinkom		porseleinkom		porseleinkom	
	riempiesmatbank					
	sinkbad		sinkbad			
			sinkemmers		sitkamer	
			skommelstoel			
	spens					
			staanhorlosie			
		staanlamp	staanlamp			
		stoel				
	stronkekissie					
	swart stoof		swart stoof		swart stoof	
		sweep				
	sweeprak					
	veldstoeltjie					
		velskoen				
			vuurherd			
	wakis					
	wastafel		wastafel		wastafel	
			ysterkatel		ysterkatel	

KOOKKUNS

		amandels				
	biltong					
	boontjiesop					
		brood				
				brood met skaapvet		
	brood met varkvet					
			gebakte viskoppe			
	groenmielies					
	ingelegde vrugte	ingelegde vrugte				
	kerrie-afval					
	konfyt	konfyt				
		lemoenstroop				
	melktert					
		okkerneut				
	oondpatats					
	pampoenkoekies		pampoenkoekies			
			pekelsnoek			
	pekelvleis					
					rosyne	
			smoorvis			
				sousboontjies		
	souskluitjies					
		stoofpatats	stoofpatats	stoofpatats		
		sultanas				
				turksvystroop		
	vetkoek					
					vrugtesmeer	
	wors					

STOFLIKE KULTUUR	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
PLAASUITLEG					bokkraal
					boord
	dam				
					doringdraadhek
	kelder				
					klipmuur
	kraal				kraal
	opstal				
	plaashuis				
	ringmuur				
	rondawel				
					stalle
					tuinmuur
	vleikamp				
	waenhuis				
	werfhek				
	wingerde				
VERVOERMIDDELS EN KOMMUNIKASIE					
	donkiekar				donkiekar
	kapkar		kapkar	kapkar	
			kristalradiostel		
			landauer		
			lykswa		
					perdekar
			perdewa		
	ryperd			ryperd	
	seinspieël				
			spaaider		
				spoorwegbus	
	tentwaentjie				
				vragmotor	
				Model T Ford	
WONINGBOU					
			dorpshuis		
	gewel				
			houtvloer		
			koperbeslag		
					linoleumvloer
					perskepitvloer
	plaashuis	plaashuis	plaashuis		plaashuis
	rietdak		rietdak		
	rondawel				
		sinkdak			
		skoorsteen			
			skuifraamvensters		skuifraamvensters
	solder	solder			

	ALBA BOUWER	FREDA LINDE	HESTER HEESE	P.H.NORTJE	RONA RUPERT
STOFLIKE KULTUUR WONINGBOU	soldertrap stoep	soldertrap veranda	soldertrap stoep vensterluike waenhuis		vensterluike vloerplanke
VOLKSAARD					
	bodemgebondenheid gesinsgebondenheid godsdienstigheid individualisme konserwatisme landelikheid selfvoorsienendheid taal	bodemgebondenheid selfvoorsienendheid taal	bodemgebondenheid godsdienstigheid konserwatisme landelikheid meelewing taal vrygewigheid	bodemgebondenheid deursettingsvermoë gesinsgebondenheid godsdienstigheid individualisme landelikheid	

S U M M A R Y

of a dissertation on
THE DISTINCTIVELY NATIONAL IN AFRIKAANS LITERATURE FOR CHILDREN

by
Francoise Coetzee
Under the guidance of
Professor C.A. Lohan
Potchefstroom University for Christian Higher Education,
for the degree Magister Bibliothecologiae

The aim of the study is to determine to what extent that which is distinctive of the Afrikaner nation ("volkseie") is embodied in Afrikaans literature for children. (Children's literature is understood to include literature for toddlers, children and teenagers.) A related question is whether the distinctively national in children'n literature serves a purpose and what special value it has for the child.

Four aspects of the distinctively national are isolated, namely the native soil, material culture (for example domestic objects and occupations, medicine and transport), non-material culture (for example religion, folk-lore, language and children's games) and the national character.

As the study concerns itself more particularly with the historical aspect of the distinctively national, some space is devoted to an outline of the origins and developmental history of the Afrikaner nation and that which, in its various manifestations, is distinctive of the Afrikaner. The God-given cultural mandate (Gen. 1: 28) is taken as point of departure and it is presupposed that the right to existence of different nations is founded on Scripture.

An attempt is made to determine the extent to which the distinctively national, as manifested in the native soil, material and non-material culture and the national character, is present in certain works. For this purpose, three of the most notable authors of Afrikaans children's books,

namely Freda Linde, Alba Bouwer and Hester Heese, have been studied in depth. Reference is also made to the works of certain other authors, namely Pieter W. Grobbelaar, Rona Rupert, Dora Tudor, W.O. Kühne and P.H. Nortje.

The study revealed that the distinctively national is present to a marked degree in the works of the important authors of Afrikaans children's literature. It contributes significantly to the atmosphere and milieu and in some works it forms an inherent part of the story. The distinctively national figures prominently in, particularly, the award-winning works of the authors studied.

The embodiment of the distinctively national in children's literature may be of considerable value; it may help to shape the character of the Afrikaner child who faces the task of orientating himself in a hurried, and often confusing society.

GERAADPLEEGDE EN AANGEHAALDE KINDERLEKTUUR

BOUWER, ALBA.

1955. Stories van Rivierplaas. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. 110 p.

1964. Stories van Bergplaas. Kaapstad : Tafelberg. 184 p.

1966. Dirkie van Driekuil. Kaapstad : Tafelberg. 37 p.

1976. Nuwe stories van Rivierplaas. Kaapstad: Tafelberg. 2e uitg. 137 p.

1983. Stories van Bergplaas. Kaapstad : Tafelberg. 184 p.

1983. Vlieg, swaeltjie, vlieg ver. Kaapstad: Tafelberg. 64 p.

GROBBELAAR, P.W.

1968. Die Heks van Hexrivier.(In Grobbelaar, P.W. Die mooiste Afrikaanse sprokies. Kaapstad: Human en Rousseau. p. 200-206.)

1968. red. Die mooiste Afrikaanse sprokies. Kaapstad. Human en Rousseau. 215 p.

1972. Hasie Kalbassie. (In Grobbelaar, P.W. Die afgunstige leeus en ander Afrikaanse sprokies. Kaapstad: Human en Rousseau. p. 21-29.)

HEESE, HESTER.

1972. Polka-Masurka. Kaapstad : Tafelberg. 94 p.

1974. Die wildsbok van Ver-eiland. Kaapstad : Tafelberg. 45 p.

1979. Sêra Madêra. Kaapstad : Tafelberg. 30 p.

1981. Aljander, aljander so deur die bos. (In

Heese, H. Die rooi tapyt is jou pad. Kaapstad: Tafelberg. p7-34.)

1981. Kompatjierie is my liedjie. Kaapstad : Tafelberg. 32 p.

KÜHNE, W.O. 1981. Die wonderbaarlike motor van Barnabas Bombas, geïllustreer deur Cora Coetzee. Kaapstad: Tafelberg. 40 p.

LINDE, FREDA. 1933. Kinderindrukke. Huisgenoot, 18 (607): 39, 10 Nov.

1963. Die rooi haan. Kaapstad : Simondium. 87 p.

1964. Snoet-Alleen. Kaapstad : Malherbe. 60 p.

1967. Ken jy die kierangbos. Kaapstad: Malherbe. 78 p.

1968. Dakkuiken. Kaapstad : Malherbe. 61 p.

1971. Jos en die sog. Kaapstad: Malherbe. 30 p.

1972. Jos en die bok. Kaapstad : Malherbe, 37 p.

1973. Jos en Klos. Kaapstad: Malherbe. 52 p.

1973. Die singende gras. Kaapstad: Tafelberg. 151 p.

1974. As jy kan fluit op hierdie maat. Kaapstad: Malherbe. 43 p.

1974. By die oog van die fontein. Kaapstad: Human en Rousseau. 62 p.

1975. In die boog van die sekel. Kaapstad: Tafelberg. 118 p.

1977. Die kokkewiet en sy vrou. Kaapstad : Malherbe. 54 p.

LINDE, FREDA 1980. 'n Tuiste vir Bitis. Kaapstad : Tafelberg. 144 p .

NORTJE, P.H. 1977. Die groen ghoen. 2e uitg. Kaapstad : Tafelberg. 130 p.

RUPERT, RONA 1977. Veertien is anders. Kaapstad : Tafelberg. 53 p.

1981. Die tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting. Kaapstad: Tafelberg. 36 p.

1983. Ambraal, hoe gaan dit nog? Kaapstad : Tafelberg. 30 p.

TUDOR, DORA 1984. Nikolaas van Vergelegen. Kaapstad : Tafelberg. 31 p.

B I B L I O G R A F I E

BARAITSER, M. & OBERHOLZER, A 1978. Cape country furniture. Cape Town : Struik. 368 p.

BOOYENS, B. 1970. Wesenskenmerke van die Afrikaner se identiteit. *Handhaaf*, 7 (12) : 29-34, Aug.

BOOYENS, B. 1984. Mondelinge mededeling aan outeur. Stellenbosch.

BRINK, A. samest. 1962. Oupa en ouma se boererate. Kaapstad : Tafelberg. 292 p.

CALTEX (AFRIKA) BPK. 1965. Suid-Afrikaanse erfenis. Kaapstad : Human en Rousseau. 37 p.

COETZEE, A.J. 1960. Die Afrikaanse volkskultuur; Inleiding tot die studie van die volkskunde. Kaapstad: Balkema. 156 p.

COETZEE, J.C. 1960. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria : Van Schaik. 415 p.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Pro Rege. 329 p. (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Publikasiereeks nr. 18.)

COETZEE, J.E. 1985. Mondelinge mededeling aan outeur. Parys.

COETZEE, J.H. 197-? Blanke volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. 30 p. (Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Brosjurereeks nr. 4.)

COETZEE, J.H. 1980. Inleiding tot die volkereleer (etnosteorie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. 85 p. (Studiegids nr. 34, Volkekunde III.)

COETZEE, P.C. 1972. Die Leserkunde as deel van die leerplan van die Biblioteekkunde as universiteitsvak. *Suid-Afrikaanse biblioteke*, 40(3): 170-181, Des.

COETZEE, R. 1977. Spys en drank; die ontstaan van die Afrikaanse eetkultuur gedurende die 17de en 18de eeu, met 167 resepte van tradisionele geregte. Kaapstad : Struik. 128 p.

COOK, M.A. 1973. Die Kaapse kombuis. Stellenbosch : Stellenbosch Museum. 112 p.

DUVENAGE, S.C.W. 1962. Kerk, volk en jeug. Deel 1. Die verhouding van Kerk tot Volk. 'n Histories-prinsipiële studie. Amsterdam: Vrije Universiteit. 308 p.

ELIOVSON, S. 1965. South African wild flowers for the garden. Cape Town: Timmins. 306 p.

FLOYD, T.B. 1968. Dorpsbeplanning en onderverdeling van grond. (In Pienaar, P. de V., *red*. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad : Nasionale Boekhandel. p.390 - 397.)

GROBBELAAR, P.W. 1977. Volksgeloof. (In Grobbelaar, P.W., *red*. Die Afrikaner en sy kultuur, deel VI. Kaapstad : Tafelberg. p. 3-101.)

HANKS, J. 1974. Soogdiere van Suidelike Afrika. Johannesburg : Mc Graw-Hill. 77 p.

HAT *kyk* VERKLARENDE Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.

IMMELMAN, W.F.E. red. 1973. Ons groen erfenis. Kaapstad : Tafelberg. 340 p.

JOYCE, P. red. 1981. South Africa's yesterdays. Cape Town : Reader's Digest. 344 p.

LOHANN, C.A. samest. 1978. SABV - Toekennings vir kinderboeke, 1960-177. Potchefstroom : Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. 69 p.

LÜBBE, A. 1979. Vanuit 'n ander hoek. Pretoria : Daan Retief. 99 p.

MALAN, J. 1981. Rytuie van weleer. Pretoria : Van Schaik. 152 p.

PIENAAR, K. 1984. Die Suid-Afrikaanse Watter blom is dit? Kaapstad : Struik. 368 p.

POTGIETER, F.J. 1974. Suid-Afrika as kultuurbodem (In Grobbelaar, P.W., *red*. Die Afrikaner en sy kultuur, deel I. p. 87 - 140.)

PROZESKY, O.P.M. 1974. Voëls van Suider-Afrika. Johannesburg: Perskor. 380 p.

ROBERTS, A. 1978. Birds of South Africa. 4th ed. rev. by C.R. McLachlan and R. Liversidge. Cape Town : John Voelcker Bird Book Fund; distributed by Struik. 660 p.

SANDERSON, I.T. 1955. Living mammals of the world. London : Hamish Hamilton. 303 p.

SCHOEMAN, K. 1982. Vrystaatse erfenis : bouwerk en geboue in die 19de eeu. Kaapstad : Human en Rousseau. 152 p.

STEENBERG, E. 1979. Kinderverhale van ses tot twaalf. Pretoria: Academica. 48 p. (Reuse-blokboeke: 7.)

VAN SELMS, A. 1967. De prediking van het Oude Testament : Genesis. Nijkerk : Callenbach. 2 bde.

VERKLARENDE handwoordeboek van die Afrikaanse taal 1979. Johannesburg : Perskor. 1378 p.

WALTON, J. 1965. Homesteads and villages of South Africa. Pretoria: Van Schaik. 114 p.

WIID, J.A. 1968. Die geskiedenis van die Afrikaner. (In Pienaar, P. de V., *red*. Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. p. 15-36.)